

DEUTERONOMIUM

Inleiding

Die naam *Deuteronomium* beteken ‘tweede wet’. Dit is afgelei van 'n Griekse woord in die Septuagint wat in 17:18 voorkom. In hierdie vertaling is dieselfde woord vertaal as: “afskrif”. Die Hebreeuse naam van die boek, na aanleiding van die beginwoorde, is *Elle Haddebariem* wat ‘Hierdie is die woorde’ beteken.

Volgens 'n baie ou Joodse tradisie was Moses die skrywer. Dié tradisie moet egter ernstig betwyfel word. Moses kan nie sy eie dood beskryf nie (34:1-12), en die skrywer(s) was waarskynlik in Palestina omdat na die gebied oos van die Jordaan dikwels verwys word as “oorkant die Jordaan” (vgl 3:8).

Die boek *Deuteronomium* het 'n lang ontstaansgeskiedenis. Die boekrol wat in die jaar 621 vC tydens die regering van koning Josia in die tempel ontdek is (2 Kon 22), was waarskynlik 'n deel van die latere boek *Deuteronomium*. Hierdie boekrol is later, tydens die Babiloniese ballingskap uitgebrei om 'n geloofsboek te word vir die ballinge wat ná 539 vC na die land sou terugkeer. Daar is nog later verduidelikende notas bygevoeg (2:10-12,20-23; 3:9,11).

Oor die plek waar die boek ontstaan het, kan maar net gegis word. Dit is wel duidelik dat daar 'n sterk Noord-Israelitiese oriëntasie in die boek is (vgl 33:7 met 33:13-17).

Indien die boekrol wat in die tempel ontdek is, bestaan het uit kerngedeeltes van *Deuteronomium*, was die eerste lesers koning Josia en lede van die tempelpersoneel in Jerusalem (2 Kon 22:8-10). In sy

huidige vorm sou die boek se eerste lesers Judeërs wees wat uit die Babiloniese ballingskap terugkeer na hulle land.

Die grootste deel van *Deuteronomium* is in die styl van 'n afskeidsrede van Moses voor die intog in die beloofde land. Dit is eintlik in die vorm van 'n lang preek waarin historiese verwysings 'n belangrike rol speel. Die twee dele aan die einde van die boek (die lied in 32:1-43 en die seënspreuke van Moses in 33:2-29) is baie ou Israelitiese poësie.

Hoofstuk 6:4-5 is 'n perfekte samevatting van die boodskap van die boek: In sy verhouding met mense eis God onverdeelde trou en absolute toewyding aan Hom. Hierdie lojaliteit wat Hy eis, is gegrond op wat Hy in die verlede vir sy volk gedoen het (hoofstuk 1-4). Hoofstuk 5 bied die Tien Gebooie aan as dié woorde van God aan sy volk. Vanaf hoofstuk 6 is die deurlopende tema dan: gehoorsaamheid aan God se gebooie bring die lewe en volheid; ongehoorsaamheid bring die dood.

Deuteronomium kan soos volg ingedeel word:

1:1 — 4:43 'n Terugblik oor die trek deur die woestyn tot by die Jordaanrivier

4:44 — 11:31 Die Tien Gebooie en 'n oproep tot gehoorsaamheid aan die HERE

12:1 — 16:17 Voorskrifte vir die godsdiensteoefening van Israel

16:18 — 18:22 Reëls vir ampsdraers

19:1 — 26:19 Voorskrifte vir 'n lewe uit geloof

27:1 — 28:68 Seën en vervloeking

29:1 — 30:20 Hernuwing van die verbond

31:1-23 Moses se opvolger word aangewys

31:24 — 33:29 Die lied en seënspreuke van Moses

1

Mislukte poging om Kanaän in te neem

¹ *Dit is die woorde wat Moses gesê het vir die hele Israel* oorkant die Jordaan. Dit was in die droë streek in die Araba^a teenoor Suf, tussen Paran en Tofel, Laban, Gaserot en Di-Sahab. ² *Dit neem elf dae vanaf Horeb* tot by Kades-Barnea^b met die pad deur die Seïrberge.^c ³ In die veertigste jaar,^d op die eerste dag van die elfde maand, het Moses alles vir die Israëliete gesê net soos die HERE hom beveel het om vir hulle te sê. ⁴ *Dit het gebeur nadat hy Sihon, die koning van die Amoriëte, wat in Gesbon regeer het, en Og, die koning van Basan, wat in Astarot regeer het, by Edreï verslaan het.

⁵ Oorkant die Jordaan, in die land Moab, het Moses begin om hierdie wet^e vir hulle uiteen te sit. Hy het gesê:

⁶ “*Die HERE ons God het by Horeb met ons gepraat. Hy het gesê, ‘Julle

*1:1 Num 12:16; Deut 4:46

*1:1 Dit ... Israel: Deut 4:44; 29:1; 33:1

^a1:1 die Araba: Dit verwys hier na die dor vlakte suid van die Dooie See.

*1:2 Deut 1:19; 9:23

*1:2 Horeb: Eks 3:1; Ps 106:19; Mal 4:4; vgl “Sinai” Eks 19:11-23

^b1:2 Kades-Barnea: Kades was 'n oase met verskeie fonteine, ongeveer 80 km suid-suidwes van Berseba. Die oorsprong en betekenis van die naam Barnea is onbekend.

^c1:2 Horeb ... Seïrberge: 'n Afstand van ongeveer 235 km.

^d1:3 In ... jaar: Die tyd word bereken vanaf die uittog uit Egipte; vgl Num 33:38; Deut 2:14; 8:2.

*1:4 Num 21:21-35; Deut 2:24 — 3:11; 29:7

^e1:5 hierdie wet: Dit verwys na Deut 1:1 — 28:68.

*1:6 Deut 2:3; 5:2; 9:8; 18:16

het nou lank genoeg by hierdie berg gebly. ⁷ *Breek julle kamp op en trek na die bergland van die Amoriëte en al die omliggende gebiede: die Jordaanvallei,^f die bergland, die Sjefela,^g die Negev^h en die kusvlakte — dit wil sê, die land van die Kanaäniete en ook die Libanon en die gebied tot by die groot rivier, die Eufraat.ⁱ ⁸ *Kyk, Ek bied vir julle die land aan. Gaan en neem die land in besit wat Ek, die HERE, met 'n eed aan julle voorvaders Abraham, Isak en Jakob beloof het om aan hulle en hulle nageslag ná hulle te gee.’

⁹ “In daardie tyd het ek, Moses, vir julle gesê, ‘Ek kan julle nie meer alleen dra nie. ¹⁰ *Die HERE julle God het julle baie laat word. Kyk, julle is nou al so baie soos die sterre aan die hemelruim. ¹¹ *Mag die HERE, die God van julle voorvaders, julle nog 'n duisend maal meer maak, ja, mag Hy julle seën soos Hy vir julle gesê het. ¹² *Maar hoe kan ek alleen julle laste dra, julle probleme en geskille? ¹³ *Bring vir julle uit elke stam verstandige manne met insig en ervaring sodat ek hulle as julle hoofde

***1:7** Gen 15:18; Num 13:29; Deut 11:24; Jos 1:4

^f**1:7 Jordaanvallei:** Dit verwys na die Jordaanvallei tussen die meer van Galilea en die Dooie See. Die •bronteks lui: “die Araba”.

^g**1:7 Sjefela:** Dit is die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

^h**1:7 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

ⁱ**1:7 Eufraat:** In die tyd van die Ou Testament het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

***1:8** Gen 12:7; 15:18; 17:7-8; 26:4; 28:13; 50:24; Heb 6:13-14

***1:10** Gen 15:5; 22:17; Deut 10:22; 26:5; Heb 11:12

***1:11** Deut 1:21; 4:1

***1:12** Eks 18:18

***1:13** Eks 18:21

kan aanstel.’

¹⁴ “Julle het my daarop geantwoord en gesê, ‘Wat u gesê het ons moet doen, is goed.’ ¹⁵ *Ek het toe julle stamhoofde geneem, verstandige manne met ervaring, en hulle as hoofde oor julle aangestel: opsieners^j oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien, as gesagvoerders oor julle stamme.

¹⁶ “*Ek het in daardie tyd julle regters opdrag gegee en gesê, ‘Luister na albei partye en gee 'n regverdige uitspraak tussen volksgenote, en ook tussen 'n volksgenoot en iemand wat net tydelike verblyf by hom het.

¹⁷ *Moenie partydig wees in 'n regsak nie. Luister na die onbelangrike persoon soos julle na die belangrike persoon sou luister. Moet julle nie deur 'n mens laat afdreig nie, want die regspraak is 'n saak van God. 'n Saak wat vir julle te moeilik is, moet julle na my toe bring, dan sal ek dit verhoor.’ ¹⁸ So het ek julle in daardie tyd beveel wat julle alles moet doen.

¹⁹ “*Ons het toe by Horeb kamp opgebreek en deur daardie groot en vreesaanjaende woestyn,^k wat julle self gesien het, getrek. Soos die HERE ons God ons beveel het, het ons met die pad na die bergland van die Amoriëte getrek en by Kades-Barnea uitgekom. ²⁰ *Daar het ek vir julle gesê, ‘Julle het die bergland van die Amoriëte bereik wat die HERE ons God vir ons gaan gee. ²¹ *Kyk, die HERE julle God bied die land vir

***1:15** Eks 18:25

^j**1:15 opsieners:** Kan ook vertaal word as: “aanvoerders”; vgl Num 31:14.

***1:16** Lev 19:15; Deut 16:18; Joh 7:24

***1:17** Eks 18:26; Deut 10:17; Mal 2:9; Jak 2:9

***1:19** Deut 8:15; Jer 2:6

^k**1:19 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***1:20** Deut 2:24

***1:21** Deut 31:8; Jos 1:9

julle aan. Trek op, neem dit in besit soos die HERE, die God van julle voorouers, vir julle gesê het. Moenie bang wees nie en moet julle nie laat afskrik nie.’

²² “*Maar julle het almal na my gekom en gesê, ‘Ons wil manne voor ons uitstuur sodat hulle vir ons die land kan verken en aan ons verslag kan lewer oor die pad waarlangs ons moet optrek, en oor die stede waarby ons gaan uitkom.’ ²³ Ek het dit goed gevind en het toe twaalf van julle manne aangewys, een uit elke stam. ²⁴ Hulle het vertrek en in die bergland opgegaan. Hulle het tot by die Eskoldal gevorder, dit verken, ²⁵ van die vrugte van die land geneem en dit afgebring na ons toe. Hulle het aan ons verslag gelewer en gesê, ‘Dit is 'n goeie land wat die HERE ons God vir ons gaan gee.’

²⁶ “*Maar julle was nie bereid om op te trek nie. Julle was opstandig teen die bevel van die HERE julle God ²⁷ en het in julle tente gesit en mor en gesê, ‘Dit is omdat die HERE ons haat dat Hy ons uit Egipteland uitgelei het om ons in die mag van die Amoriete oor te gee en om ons uit te delg. ²⁸ *Waar moet ons nou heen gaan? Ons volksgenote het ons laat moed verloor^l toe hulle gesê het dat daar mense is wat groter en langer is as ons, dat daar groot stede is wat hemelhoog versterk is en dat hulle selfs Enakiete^m daar gesien het.’

²⁹ “*Ek het vir julle gesê, ‘Julle mag nie paniekerig raak nie en julle mag nie vir hulle bang wees nie. ³⁰ Die HERE julle God wat voor julle uit gaan, Hy self sal vir julle veg soos al die vorige kere toe Hy dit voor

***1:22-25** Num 13:1-33

***1:26-27** Eks 16:2; Deut 9:28; Ps 106:24-25; Eseg 20:13

***1:28** Num 13:28,32-33; Deut 2:10-11; 9:1-3; Jos 14:8

^l**1:28 laat ... verloor:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “hart laat smelt”.

^m**1:28 Enakiete:** Volgens oorlewering reuse.

***1:29-30** Eks 14:14; Deut 3:22; 7:18; 31:3,6

julle oë vir julle gedoen het in Egipte ³¹ * en in die woestyn. Daar het julle gesien dat die HERE julle God julle die hele pad wat julle gekom het tot op hierdie plek dra, soos 'n man sy seuntjie dra.'

³² * "Ondanks dié versekering het julle geen vertrouwe gestel in die HERE julle God nie, ³³ * Hy wat voor julle uit gegaan het op die pad om telkens vir julle 'n plek uit te soek waar julle kon kamp en wat snags met die vuur en bedags met die wolk vir julle die pad gewys het waarlangs julle moes trek. ³⁴ * Die HERE het daardie woorde van julle duidelik gehoor en kwaad geword. Hy het 'n eed gesweer en gesê, ³⁵ 'Niemand van hierdie manne, hierdie slegte geslag, sal die goeie land sien wat Ek plegtig beloof het om aan julle voorouers te gee nie, ³⁶ behalwe Kaleb, die seun van Jefunne. Hy sal die land sien en vir hom en sy kinders sal Ek die grond gee waarop hy geloop het, omdat hy volkome getrou gebly het aan My, die HERE.'

³⁷ * "Ook vir my was die HERE kwaad deur julle toedoen. Hy het gesê, 'Ook jy sal nie daar ingaan nie. ³⁸ * Josua, die seun van Nun, wat in jou diens is, sal wel daar ingaan. Ondersteun hom, want hy sal Israel die land in besit laat neem. ³⁹ * Julle klein kindertjies wat julle gedink het oorlogsbuit gaan word en julle groter kinders wat nou nog nie die verskil tussen goed en kwaad ken nie, hulle sal daar ingaan; vir hulle sal Ek dit gee, ja, hulle sal dit in besit neem. ⁴⁰ * Maar wat julle betref:

* **1:31** Eks 19:4; Deut 32:11-12; Jes 46:3; 63:9; Hos 11:3-4; Hand 13:18

* **1:32** Num 14:11; Ps 78:22; 106:24; Jud vs 5

* **1:33** Eks 13:21-22; Num 9:15-23; Ps 78:14

* **1:34-36** Num 32:8-12; Ps 106:26-27; Eseg 20:15; Heb 3:11

* **1:37** Num 20:7-12; Deut 3:26-27; 4:21; 31:2; 32:50-52; Ps 106:32-33

* **1:38** Num 27:18-20; Deut 3:21-29; 31:1-23; 34:9

* **1:39** Num 14:3,31

* **1:40** Num 14:25; 21:4; Deut 1:19; 2:1; Rig 11:16

Draai weg, trek die woestyn in, in die rigting van die Rietsee.”ⁿ

⁴¹ “*Julle het toe daarop geantwoord en vir my gesê, ‘Ons het teen die HERE gesondig! Ons sal optrek en gaan veg presies soos die HERE ons God ons beveel het.’ Julle het toe ook elkeen sy oorlogswapen opgeneem, omdat dit vir julle maklik gelyk het om in die bergland op te gaan. ⁴² Maar die HERE het vir my gesê, ‘Sê vir hulle: “Julle mag nie optrek nie en julle mag nie gaan oorlog maak nie, want Ek is nie met julle nie. Julle mag nie deur julle vyande verslaan word nie.” ’ ⁴³ Ek het dit vir julle gesê, maar julle wou nie luister nie. Julle was opstandig teen die bevel van die HERE en het selfversekerd in die bergland opgetrek. ⁴⁴ Die Amoriete wat in daardie bergland woon, het uitgetrek om teen julle te veg. Hulle het julle gejaag soos 'n swerm bye 'n mens jaag en julle verslaan van Seir af tot by Gorma. ⁴⁵ *Nadat julle teruggekom het, het julle voor die HERE gaan huil; maar Hy wou nie na julle gekerm luister nie en het nie aan julle aandag gegee nie. ⁴⁶ *Julle het toe lank by Kades gebly — 'n baie lang tyd.”

2

Verowering van die gebied oos van die Jordaan

¹ “*Daarna het ons weggedraai en na die woestyn^o getrek in die rigting

ⁿ**1:40 Rietsee:** In die OT word die Hebreeuse pleknaam vertaal as: “Rietsee”. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit as: “•Rooisee”.

***1:41-44** Num 14:40-45

***1:45** Num 14:1; Spr 1:25-28

***1:46** Num 20:1,22; Rig 11:17

***2:1-6** Num 20:14-21; Deut 1:6,40

^o**2:1 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

van die Rietsee^p soos wat die HERE vir my gesê het. Nadat ons 'n lang tyd om die Seirberge getrek het, ² het die HERE vir my gesê, ³ ‘Julle het lank genoeg om hierdie berge getrek. Draai nou noord, ⁴ maar gee eers aan die mense opdrag: “Julle gaan nou trek deur die gebied van julle broers, die nageslag van Esau wat in Seir woon. Hulle sal vir julle bang wees, maar wees baie versigtig. ⁵ *Sorg dat julle nie met hulle in 'n stryd gewikkel raak nie, want Ek gee julle nie 'n voetbreedte van hulle land nie. Ek het immers die Seirberge vir Esau gegee as sy eiendom. ⁶ Die kos wat julle gaan eet, moet julle by hulle koop met silwer. Selfs die water wat julle gaan drink, moet julle by hulle ruil vir silwer.” ’

⁷ “*Die HERE julle God het julle immers geseën in alles wat julle gedoen het. Hy het julle versorg op julle trek deur hierdie groot woestyn. Hierdie veertig jaar wat die HERE julle God by julle was, het julle geen gebrek gely nie.

⁸ “*Ons het by ons broers, die nageslag van Esau wat in Seir woon, verbygetrek deur nie die pad te volg wat van Elat en Es-jon-Geber af deur die Araba^q loop nie. Ons het weggedraai en met die pad na die Moabwoestyn getrek. ⁹ *Die HERE het toe vir my gesê, ‘Moenie Moab aanval nie en sorg dat julle nie met hulle in 'n geveg betrokke raak nie, want Ek gee julle nie 'n deel van hulle land as eiendom nie. Ja, vir die nageslag van Lot het Ek Ar as eiendom gegee.’ ”

^p**2:1 Rietsee:** In die OT word die Hebreuse pleknaam vertaal as: “Rietsee”. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit as “•Rooisee”.

***2:5** Hand 7:5

***2:7** Eks 16:35; Neh 9:21

***2:8** Num 33:48-49; Rig 11:18

^q**2:8 die Araba:** Dit verwys hier na die dor vlakte suid van die Dooie See.

***2:9** Gen 19:36-37

^{10 r*}Die Emiete het vroeër daar gewoon. Hulle was 'n magtige volk, talryk en net so lank soos die Enakiete. ¹¹ Soos die Enakiete, word hulle ook tot die Refaïete gereken. Die Moabiete noem hulle Emiete. ^{12 *}Die Goriëte het vroeër in Seïr gewoon, maar die nageslag van Esau het hulle daar uitgedryf en uitgedelg oral waar hulle gekom het. Hulle het in hulle gebied gaan woon, net soos die Israëliëte later gemaak het met die land wat die HERE vir hulle as hulle eiendom gegee het.

¹³ “*Die HERE het verder gesê,^s ‘Maak nou gereed en trek deur die Sered-dal.’” Ons het toe deur die Sered-dal getrek. ^{14 *}Die tyd wat dit geneem het vandat ons van Kades-Barnea af weggetrek het totdat ons deur die Sered-dal getrek het, was agt-en-dertig jaar. Toe was daar nie meer een van daardie hele geslag weerbare manne in die kamp oor nie. Dit het gebeur presies soos die HERE dit vir hulle met 'n eed bevestig het. ¹⁵ Die hand van die HERE was inderdaad teen hulle om hulle in verwarring uit die kamp te dryf tot daar nie een oor was nie.

^{16 *}“Toe al die weerbare manne dood was en daar nie meer een onder die volk oor was nie, ¹⁷ het die HERE vir my gesê, ¹⁸ ‘Julle gaan vandag

^r**2:10-12** Hierdie verse is waarskynlik later by die teks gevoeg as verduidelikende nota; vgl Deut 2:20-23; 3:9,11.

^{*}**2:10-11** Gen 14:5; Num 13:22,33; Deut 1:28; Jos 11:21

^{*}**2:12** Gen 14:6

^{*}**2:13** Num 21:10-12; 33:44

^s**2:13 Die ... gesê:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^t**2:13 Sered-dal:** Dit is 'n droë klofie wat die suidgrens van Moab vorm en waardeur die seisoenale Seredspruit vloei.

^{*}**2:14** Num 14:29-35; 26:4; Deut 1:35

^{*}**2:16-19** Gen 19:36-38; Num 21:13,15,24; Deut 2:9; 2 Kron 20:10

by Ar, die grondgebied van Moab, verbytrek ¹⁹ en in die omgewing van die Ammoniete kom. Moenie hulle aanval nie en sorg dat julle nie met hulle in 'n stryd gewikkel raak nie, want Ek gee nie vir julle enige eiendom in die Ammoniete se land nie. Ek het dit immers vir die nageslag van Lot as eiendom gegee.’ ”

^{20 u*}Dit word ook as die land van die Refaïete beskou. Hulle het vroeër daar gewoon. Die Ammoniete noem hulle Samsummiete.

²¹ Hulle was 'n magtige volk, talryk en net so lank soos die Enakiete. Die HERE het hulle voor die Ammoniete uitgedelg sodat die Ammoniete hulle kon verdryf en in hulle gebied kon gaan woon.

^{22 *}Die HERE het dieselfde gedoen vir die nageslag van Esau wat in Seïr woon: Hy het die Goriëte voor hulle uitgedelg, sodat hulle die Goriëte kon verdryf en in hulle plek kon gaan woon tot vandag toe.

^{23 *}Dit het ook met die Awwiëte gebeur wat in dorpies in die omgewing van Gasa gewoon het: Die Kaftoriëte wat van Kaftor af gekom het, het hulle uitgedelg en in hulle gebied gaan woon.

^{24 *v}“Die HERE het verder gesê,^v ‘Maak julle gereed, trek verder en gaan deur die Arnondal. Kyk, Ek gee Sihon, die Amoritiese koning van Gesbon, en sy land in julle hand. Begin dan, beset die land en maak

^u**2:20-23** Hierdie verse is waarskynlik later by die teks gevoeg as verduidelikende nota; vgl ook Deut 2:10-12; 3:9,11.

^{*}**2:20** Deut 2:11

^{*}**2:22** Deut 2:12

^{*}**2:23** Gen 10:14,19; Jos 13:3; Jer 47:4; Am 9:7

^{*}**2:24-37** Num 21:21-30

^{*}**2:24** Rig 11:18,21

^v**2:24 Die ... gesê:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

oorlog teen hulle. ²⁵ *Van vandag af sal Ek sorg dat julle vrees inboesem by elke volk onder die son,^w en dat hulle vir julle ontsag het. Wanneer hulle die gerug oor julle hoor, sal hulle aan die bewe gaan en ineenkrimp van angs vir julle.’

²⁶ “*Ek, Moses,^x het toe van die weiveld by Kedemot af boodskappers gestuur na Sihon, die koning van Gesbon, met die volgende vredesboodskap, ²⁷ ‘Ek wil met die pad deur jou land trek. Ek sal op die pad bly en nie na links of regs uitdraai nie. ²⁸ Kos kan jy vir silwer aan my verkoop sodat ek kan eet, en water kan jy ook vir silwer aan my lewer sodat ek kan drink. Ek wil net te voet deurtrek, ²⁹ soos die nageslag van Esau wat in Seir woon en die Ammoniete wat in Ar woon, my toegelaat het, totdat ek deur die Jordaan kan trek na die land wat die HERE ons God vir ons gaan gee.’

³⁰ “*Maar Sihon, die koning van Gesbon, wou nie dat ons by hom verbytrek nie, want die HERE julle God het sy gees verhard en hom koppig gemaak sodat Hy hom in julle hand kon gee, soos dit vandag is. ³¹ Die HERE het toe vir my gesê, ‘Kyk, Ek is reeds besig om Sihon en sy land aan julle te gee. Begin dan, dryf hulle uit sodat julle sy land in besit kan neem.’

³² “Daarop het Sihon teen ons opgetrek, hy en al sy manskappe, om teen ons oorlog te maak by Jahas. ³³ *Maar die HERE ons God het hom aan ons oorgegee, en ons het hom en sy seuns en al sy manskappe

*2:25 Eks 15:14,15; Deut 11:25; Jos 2:9

^w2:25 volk ... son: Die bronteks lui: “die volke onder die hele hemelruim”.

*2:26-29 Num 20:17,19; Deut 20:10

^x2:26 Moses: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*2:30 Eks 4:21; Rom 9:18

*2:33-37 Deut 4:45-49; 7:2; 31:5; Jos 6:21

verslaan. ³⁴ In daardie tyd het ons al sy stede ingeneem en in elke stad die mans, vroue en kinders met die banvloek getref.^y Ons het niemand laat vrykom nie. ³⁵ Slegs die diere het ons vir onself uitgehou, asook die oorlogsbuit van die stede wat ons ingeneem het. ³⁶ Van Aroër af, wat op die rand van die Arnondal lê, ja, vanaf die stad wat in die dal is tot by Gilead, was daar nie 'n vesting wat vir ons te sterk was nie. Elke enkele een het die HERE ons God aan ons oorgegee. ³⁷ *Net na die land van die Ammoniete het julle nie gegaan nie. Dit is die hele gebied aan die kant van die Jabbokdal,^z asook die stede in die bergland. En dit is alles wat die HERE ons God beveel het.”

3

¹ “*Ons het toe weggedraai en in die rigting van Basan getrek. Toe het Og, die koning van Basan, teen ons opgetrek, hy en al sy manskappe, om teen ons oorlog te maak by Edrei. ² Die HERE het vir my gesê, ‘Moenie vir hom bang wees nie, want in jou hand gee Ek hom, al sy manskappe en sy land. Maak met hom soos jy gemaak het met Sihon, die Amoritiese koning wat in Gesbon regeer het.’ ³ So het die HERE ons God ook Og, die koning van Basan, en al sy manskappe, in ons hand gegee. Ons het hulle so verslaan dat daar nie een vlugteling oorgebly het nie. ⁴ *Ons het in daardie tyd al sy stede ingeneem. Daar was nie 'n vesting wat ons nie van hulle afgeneem het nie: sestig stede, die hele

^y**2:34 banvloek getref:** Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word, soos in hierdie geval, heeltemal vernietig; vgl Num 18:14; •Banvloek.

***2:37** Deut 2:19

^z**2:37 Jabbokdal:** Dit verwys na een van die bolope van die Jabbokrivier.

***3:1-7** Num 21:33-35; Deut 3:1-7; Jos 12:1-6

***3:4** 1 Kon 4:13

landstreek van Argob wat die ryk van Og in Basan uitmaak. ⁵ Dit was alles versterkte stede met hoë mure, dubbele poortdeure en sluitbalke. Dit is afgesien van die groot aantal nedersettings wat ons ingeneem het.^a ⁶ * Ons het die inwoners daarvan met die banvloek getref,^b soos ons gemaak het in die geval van Sihon, die koning van Gesbon. In elke stad is die mans, vroue en kinders met die banvloek getref. ⁷ * Al die vee en oorlogsbuit uit die stede het ons egter vir onself uitgehou.

⁸ * “So het ons in daardie tyd die gebied oorkant die Jordaan^c uit die hand van die twee Amoritiese konings geneem, van die Arnondal af tot by die berg Hermon.”

⁹ ^d * Die Sidoniërs noem Hermon Sirjon, maar die Amoriëte noem dit Senir.

¹⁰ * “Dit sluit al die stede van die plato,^e van die hele Gilead en die hele

^a **3:5 wat ons ingeneem het:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **3:6** Deut 2:24,34

^b **3:6 banvloek getref:** Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word heeltemal vernietig; vgl Num 18:14; •Banvloek.

* **3:7** Deut 2:35

* **3:8-17** Num 32:33-42; Jos 13:8-33

^c **3:8 oorkant die Jordaan:** Dit beteken oos van die Jordaan.

^d **3:9** Hierdie vers is waarskynlik later by die teks gevoeg as verduidelikende nota; vgl Deut 2:10-12,20-23; 3:11.

* **3:9** 1 Kron 5:23; Ps 29:6; Hoogl 4:8

* **3:10** Deut 1:4; Jos 13:11,16-17,21,30

^e **3:10 die plato:** Dit verwys na die hoogliggende gebied oos van die Dooie See en die Jordaandal.

Basan in, tot by Salka en Edrei — dit is die stede van die ryk van Og in Basan.”

^{11 f*}Og, die koning van Basan, was die laaste wat oorgebly het van die Refaïete. Sy slaapbank was sowaar van yster. Is dit nie nog steeds in Rabba, die hoofstad van die Ammoniete nie? Dit is nege el lank en vier el^g breed, volgens die gewone el.

^{12 *}“Hierdie hele gebied het ons in daardie tyd verower, van Aroër af, wat langs die Arnondal lê, tot in die helfte van die bergland van Gilead,^h met die stede daarin. Ek het dit vir die stamme van Ruben en Gad gegee. ^{13 *}Die res van Gileadⁱ en die hele Basan, die koninkryk van Og, het ek vir die halwe stam van Manasse gegee.”

Die hele landstreek van Argob, eintlik daardie hele Basanstreek, is die land van die Refaïete genoem. ¹⁴ Jaïr, 'n afstammeling van Manasse,^{*} het die hele landstreek van Argob tot by die grens van Gesur en Maäka^j gekry. Hy het die dorpe, ook Basan, na homself vernoem. Dit word vandag nog Gawwoot-Jaïr^k genoem.

^f**3:11** Hierdie vers is waarskynlik later by die teks gevoeg as verduidelikende nota; vgl Deut 2:10-12,20-23; 3:9.

^{*}**3:11** Deut 2:11,20; Jos 12:4

^g**3:11** 9 ... 4 el: Ongeveer 4 x 1,8 m; •Lengtemate.

^{*}**3:12** Deut 2:36

^h**3:12** helfte ... Gilead: Dit is die gebied suid van die Jabbok.

^{*}**3:13** Deut 3:4; 29:8

ⁱ**3:13** res ... Gilead: Dit is die gebied noord van die Jabbok.

^{*}**3:14** Jaïr ... Manasse: 1 Kron 2:21-23

^j**3:14** Gesur en Maäka: Klein Aramese state oos van die see van Galilea en die bloop van die Jordaan.

^k**3:14** Gawwoot-Jaïr: Die naam beteken ‘tentdorpe van Jaïr’.

¹⁵ “*En vir Makir het ek Gilead^l gegee.

¹⁶ “Vir die stamme van Ruben en Gad het ek die deel vanaf Gilead tot by die Arnondal gegee met die middel van die dal as grens; en tot aan die Jabbokdal,^m die grens van die Ammoniete;* ¹⁷ *ook die Jordaanvallei,ⁿ met die Jordaan as grens vanaf die meer van Gennesaret tot by die see van die Araba,^o die •Soutsee,^p en ooswaarts tot onder aan die hange van Pisga.^q

¹⁸ “*Ek het julle^r in daardie tyd opdrag gegee en gesê, ‘Die HERE julle God het nou wel vir julle hierdie land gegee om in besit te neem, maar al julle weerbare manne moet gewapend oortrek voor julle volksgenote, die Israeliete. ¹⁹ Net julle vrouens, die swakkes onder julle en julle vee — ek weet dat julle baie vee het — mag in julle stede gaan bly wat ek vir julle gegee het. ²⁰ Eers nadat die HERE vir julle volksgenote rus gegee het, soos vir julle, wanneer ook hulle die land beset het wat die HERE julle God vir hulle gaan gee oorkant die Jordaan, mag julle weer terugkom, elkeen na sy eiendom wat ek aan julle gegee het.’

***3:15** Num 32:39

^l**3:15 Gilead:** Die naam verwys hier na dié deel van Gilead wat noord van die Jabbok lê.

^m**3:16 Jabbokdal:** Dit verwys na een van die bolope van die Jabbokrivier.

***3:16 Jabbokdal ... Ammoniete:** Deut 2:37

***3:17** Num 34:10-12

ⁿ**3:17 Jordaanvallei:** Dit verwys na die Jordaanvallei oos van die rivier. Die bronteks lui: “die Araba”.

^o**3:17 die Araba:** Dit verwys hier na die dor vlakte suid van die Dooie See.

^p**3:17 Soutsee:** Die Hebreeuse naam vir die Dooie See; vgl Jos 3:16.

^q**3:17 Pisga:** 'n Bergspits oos van die noordelike punt van die Dooie See.

***3:18-20** Num 32:20-22

^r**3:18 julle:** Dit verwys hier na die stamme van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse.

²¹ “*Vir Josua het ek in daardie tyd opdrag gegee en gesê, ‘Jy het met jou eie oë alles gesien wat die HERE julle God aan hierdie twee konings gedoen het. Die HERE gaan dieselfde doen met al die koninkryke waarheen jy oortrek. ²² Jy mag nie vir hulle bang wees nie, want dit is die HERE julle God wat vir julle veg.’

²³ “Dit was ook in daardie tyd dat ek by die HERE gepleit het, ²⁴ ‘ * HERE, my Heer, U het pas begin om aan u dienskneg, u grootheid en kragtige hand te toon; want watter god is daar in die hemel of op die aarde wat u werke en u magtige daede kan nadoen? ²⁵ *Laat my asseblief oortrek en die goeie land beleef wat oorkant die Jordaan lê: hierdie mooi bergland en die Libanon.’ ²⁶ *Maar die HERE was kwaad vir my oor julle en Hy wou nie na my luister nie. Hy het vir my gesê, ‘Dit is nou genoeg! Moet nooit weer met My oor hierdie saak praat nie! ²⁷ Klim op na die kruin van Pisga^s en kyk na die weste, die noorde, die suide en die ooste. Kyk goed, want jy sal nie oor hierdie Jordaanrivier gaan nie. ²⁸ Gee vir Josua sy opdragte, ondersteun en bemoedig hom; want hy sal voor hierdie volk oor die Jordaan trek en vir hulle die land wat jy sien, as besitting gee.’

²⁹ * “Ons het toe in die vallei oorkant Bet-Peor gebly.”

4

Waarskuwing teen afgodsdienste

¹ “*Israel, luister dan nou na die vaste voorskrifte en wette wat ek julle

***3:21-22** Deut 1:21,30; 7:24; 20:1; 31:3,6

***3:24** Eks 15:11; Deut 4:32-40; 1 Kron 29:11

***3:25** Eks 3:8

***3:26-28** Num 20:12; 27:12-23; Deut 1:37-38

***3:27 Pisga:** 'n Uitloper van Neboberg, vgl Num 21:20; 23:14; Deut 3:27; 34:1.

***3:29** Num 23:28; Deut 4:46; 34:6

***4:1** Lev 18:5; Deut 4:5-6; 5:1; 8:1

gaan leer. Voer dit uit sodat julle kan leef en in die land ingaan wat die HERE, die God van julle voorouers, vir julle gee om in besit te neem.

²* Julle mag niks byvoeg by alles wat ek julle beveel nie, en julle mag niks daarvan weglaat nie. Kom die gebooe van die HERE julle God, na wat ek julle beveel. ³* Julle het met julle eie oë gesien wat die HERE gedoen het by Baäl-Peor, dat die HERE julle God elke enkele persoon onder julle wat agter die Baäl van Peor aangeloop het,* onder julle uitgedelg het. ⁴* Maar julle wat aan die HERE julle God vasgehou het, julle almal leef vandag nog.

⁵*“Kyk, ek leer julle die vaste voorskrifte en beslissings soos die HERE my God my beveel het, sodat julle daarvolgens kan leef in die land waarheen julle op pad is en wat julle in besit gaan neem. ⁶ Kom dit na en voer dit uit, want daaruit sal dit vir die nasies duidelik wees dat julle wysheid en insig het. Wanneer hulle al hierdie vaste voorskrifte hoor, sal hulle sê, ‘Wat 'n wyse en verstandige volk is hierdie groot nasie nie!’ ⁷* Want watter ander groot nasie het 'n god wat so na aan hulle is soos die HERE ons God aan ons is wanneer ook al ons Hom aanroep? ⁸ Watter ander groot nasie het vaste voorskrifte en beslissings wat so regverdig is soos hierdie hele wet wat ek vandag aan julle gaan voorhou?

⁹*“Wees net versigtig, ja, let noukeurig daarop dat julle nie die dinge vergeet wat julle met julle eie oë gesien het nie, en dat dit nie uit julle gedagtes verdwyn solank julle leef nie. Sorg dat julle kinders en

* 4:2 Deut 12:32; Jos 1:7; Spr 30:6; Op 22:18-19

* 4:3 Num 25:1-9; Ps 106:28-31

* 4:3 agter ... aangeloop het: Num 25:1-9

* 4:4 Deut 30:20; Jos 23:8

* 4:5-6 Eks 18:20; Lev 7:38; 27:34; Deut 30:19-20

* 4:7-8 Deut 4:32-34; 2 Sam 7:23; Ps 145:18; Rom 3:2

* 4:9-10 Deut 4:9; 5:2; 6:20-25; 31:11-13

kleinkinders kennis dra ¹⁰ van die dag toe julle by Horeb in die teenwoordigheid van die HERE julle God gestaan het en die HERE vir my gesê het, ‘Maak vir My die volk bymekaar. Ek wil hê hulle moet my woorde hoor. Hulle moet dit leer, sodat hulle, solank as wat hulle op die aarde leef, vir My ontsag kan hê. Hulle moet dit ook vir hulle kinders leer.’

¹¹ “* Julle het toe nadergekom en aan die voet van die berg gaan staan terwyl die berg, gehul in donkerte, wolke en digte rook, hemelhoog gebrand het. ¹² Die HERE het met julle uit die vuur gepraat. Julle het die geluid van woorde gehoor, maar julle kon geen sigbare gestalte sien nie. Daar was net die stem. ¹³ *Hy het aan julle sy verbond bekend gemaak, naamlik die Tien Gebooie,^t waarvolgens julle moet leef, soos Hy beveel het. Hy het dit ook op twee kliptafels^u gegraveer. ¹⁴ *Vir my het die HERE in daardie tyd die opdrag gegee om julle sy vaste voorskrifte en beslissings te leer sodat julle daarvolgens kan leef in die land waarheen julle trek om dit in besit te neem.

¹⁵ “** Omdat julle nie enige sigbare gestalte gesien het op die dag toe die HERE by Horeb met julle uit die vuur gepraat het nie, moet julle uiters versigtig wees ter wille van julleself, ¹⁶ * sodat julle nie ontaard en vir julle 'n gesnede beeld maak nie: die sigbare gestalte van enige godefiguur, 'n manlike of 'n vroulike afbeelding, ¹⁷ die afbeelding van

* 4:11-12 Eks 19:16-18; Deut 4:36; 5:4,22; Heb 12:18-19

* 4:13 Eks 24:12; 31:18; 34:28; Deut 5:5-22; 9:9; 10:4

^t4:13 Tien Gebooie: Letterlik ‘tien woorde’ of ‘tien sake’.

^u4:13 twee kliptafels: Dit was plat afgewerkte klippe waarop mens woorde kon graveer.

* 4:14 Eks 21:1-23; 24:3-4; Deut 4:5; 5:31; 6:1

* 4:15-19 Rom 1:23

* 4:15 Deut 4:12; Jes 40:18

* 4:16 Eks 20:4-6; Lev 19:4; Deut 4:23-25; Rom 1:23

enige dier wat op aarde is, die afbeelding van enige voël wat in die lug vlieg, ¹⁸ die afbeelding van enigiets wat op die grond rondkruip of die afbeelding van enige vis wat in die water onder die aarde is; ¹⁹ *en sodat julle nie na die hemel opkyk en die son en maan en sterre sien, enige van die hemelliggame, en julle laat verlei om voor hulle in aanbidding te buig en hulle te dien nie. Die HERE julle God het hulle aan al die ander nasies onder die son toegewys. ²⁰ *Die HERE het julle geneem en julle uit 'n ystersmeltoond, uit Egipte, uitgelei om aan Hom te behoort, as sy eie volk, soos dit vandag is.

²¹ “*Die HERE was vir my kwaad oor wat julle gesê het. Hy het met 'n eed bevestig dat ek nie die Jordaan sal oorsteek nie en dat ek nie in die goeie land sal kom wat die HERE julle God vir julle as julle erfdeel gaan gee nie. ²² *Omdat ek in hierdie land gaan sterf, sal ek nie die Jordaan oorsteek nie. Maar julle sal oortrek en daardie goeie land in besit neem. ²³ *Wees dus versigtig, sodat julle nie die verbond van die HERE julle God vergeet wat Hy met julle gesluit het nie. Moenie vir julle gesnede beelde, 'n nabootsing van enigiets wat die HERE julle God julle verbied het, maak nie, ²⁴ *want die HERE julle God is 'n verterende vuur; Hy is 'n besitlike God.

²⁵ “*Wanneer julle al lank in die land is en kinders en kleinkinders het, en julle ontaard en gesnede beelde, die nabootsing van enigiets, maak, en so doen wat verkeerd is in die oë van die HERE julle God en Hom

* **4:19** Deut 17:3; 2 Kon 17:16; 21:3; Job 31:26; Jer 8:2; 19:13

* **4:20** Deut 9:29; 1 Kon 8:51; Jer 11:4; Tit 2:14; 1 Pet 2:9

* **4:21** Num 20:12; Deut 1:27-28,34,37

* **4:22** Num 27:13; Deut 3:25,27; 34:1-4

* **4:23** Eks 20:4; Deut 4:9,16

* **4:24** Eks 20:5; Deut 6:15; Jes 33:14; Heb 12:29

* **4:25-28** Deut 29:28; 30:19; 31:16-18,28; Jer 16:13; Miga 6:2; Op 9:20

uittart, ²⁶ roep Ek vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle, dat julle sonder twyfel spoedig sal verdwyn uit die land oorkant die Jordaan waarheen julle op pad is om dit in besit te neem. Julle sal nie lank daar bly nie, want julle gaan beslis uitgedelg word. ²⁷ Die HERE sal julle verstrooi onder die volke. Daar sal min van julle oorbly by die nasies waarheen die HERE julle sal wegvoer, ²⁸ en daar sal julle gode dien, maaksels van mensehande, hout en klip wat nie kan sien of hoor of eet of ruik nie.

²⁹ “*Daar sal julle die HERE julle God soek en Hom vind as julle Hom met hart en siel smeek. ³⁰ Wanneer julle in die nood is en al hierdie dinge met julle gebeur, sal julle aan die einde van die dae julle tot die HERE julle God bekeer en na sy stem luister. ³¹ Die HERE julle God is immers 'n genadige God. Hy sal julle nie versaak nie en julle nie uitroei nie. Hy sal nie die verbond vergeet wat Hy vir julle voorvaders met 'n eed bevestig het nie.

³² “*Ja, doen gerus navraag van die een uiterste van die hemel tot die ander uiterste oor wat vroeër jare, voor julle tyd, gebeur het, van die dag af dat God mense geskape het op die aarde. Het iets so groots al ooit gebeur of is daar al ooit van so iets gehoor? ³³ *Het enige volk al die stem van 'n god gehoor wat uit vuur praat, soos wat julle self gehoor het, en nogtans bly leef het? ³⁴ *Of het enige god dit al gewaag om vir homself 'n nasie te gaan neem uit die midde van 'n ander nasie, met teistering, met tekens en met wondertekens, met stryd, met 'n sterk hand en uitgestrekte arm, en met vreesaanjaende magsvertoon, soos

* **4:29-31** Lev 26:39-42; Deut 30:1-3; 2 Kron 15:4; Neh 1:9; Jes 55:6-7; Jer 29:13-14; Hos 3:5; Joël 2:12

* **4:32** 2 Sam 7:23; Job 8:8

* **4:33** Eks 19:19; Deut 5:24-26

* **4:34** Eks 3:20; 4:17; Deut 5:15; 6:21-22; 7:19

alles wat die HERE julle God voor julle oë in Egipte vir julle gedoen het?
³⁵ *Julle was self ooggetuies daarvan, sodat julle kan beseef: die HERE, Hy is God. Naas Hom is daar geen ander nie.

³⁶ “*Uit die hemel het Hy julle sy stem laat hoor om julle op te voed, en op die aarde het Hy julle sy groot vuur laat sien. En sy woorde^v het julle uit die vuur gehoor. ³⁷ *Omdat Hy julle voorouers liefgehad het, het Hy hulle nageslag ná hulle gekies, en het Hy self julle met groot krag uit Egipte uitgelei ³⁸ *om nasies wat groter en magtiger is as julle voor julle te verdryf en om julle in hulle land in te bring, sodat Hy dit vir julle as erfdeel kan gee, soos dit vandag is. ³⁹ *Erken vandag en laat dit in julle harte insink: Die HERE, Hy is God bo in die hemel en onder op die aarde. Daar is geen ander nie. ⁴⁰ *Kom daarom altyd sy vaste voorskrifte en gebooie na wat ek vandag vir julle voorskryf, sodat dit met julle en julle kinders ná julle goed kan gaan, en sodat julle 'n lang lewe kan hê op die grond wat die HERE julle God vir altyd vir julle gaan gee.”

Asielstede oos van die Jordaan

⁴¹ *Toe het Moses drie stede aan die oostekant van die Jordaan uitgesonder, ⁴² sodat iemand wat 'n medemens doodgeslaan het sonder voorbedagte rade en sonder dat hy die persoon voorheen gehaat het, daarheen kon vlug. Deur na een van hierdie stede te vlug, kon hy aan

* **4:35** Deut 4:39; 32:39; 1 Sam 2:2; Jes 44:6; Mark 12:32; 1 Kor 8:4

* **4:36** Eks 19:16-19; 20:22; Deut 4:33

^v**4:36** sy woorde: Dit verwys hier na die Tien Gebooie.

* **4:37** Deut 10:15; Mal 1:2

* **4:38** Lev 20:24; Deut 7:1; 9:4-5

* **4:39** Deut 4:35; Jos 2:11; 1 Kor 8:4

* **4:40** Deut 5:16,29,33

* **4:41-43** Num 35:9-14; Deut 19:1-10; Jos 20:1-9

die lewe bly. ⁴³ Dit was Beser in die woestyn^w op die plato,^x vir mense van die stam van Ruben, Ramot in Gilead vir mense van die stam van Gad en Golan in Basan vir mense van die stam van Manasse.

Tien Gebooie weer afgekondig

⁴⁴ *Hier volg die wet wat Moses aan die Israëliete voorgehou het. ⁴⁵ *Dit is die bepalings, die vaste voorskrifte en beslissings wat hy met hulle uittog uit Egipte vir hulle afgekondig het ⁴⁶ oorkant die Jordaan in die vallei teenoor Bet-Peor, in die land van Sihon, die koning van die Amoriëte wat in Gesbon regeer het. Moses en die Israëliete het hom verslaan met hulle uittog uit Egipte ⁴⁷ en hulle het sy land in besit geneem, asook die land van Og, die koning van Basan — die twee Amoritiese konings aan die oostekant, oorkant die Jordaan. ⁴⁸ Dit is die gebied van Aroër af op die rand van die Arnondal tot by Sioonberg^y — dit is Hermon — ⁴⁹ en die hele Jordaanvallei, aan die oostekant van die Jordaan tot by die see van die Araba,^z onderkant die hange van Pisga.

5

¹ *Moses het die hele Israel byeengeroep en vir hulle gesê: “Israel, luister na die vaste voorskrifte en beslissings wat ek vandag afkondig, sodat

^w**4:43 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^x**4:43 die plato:** Dit verwys na die hoogliggende gebied oos van die Dooie See en die Jordaandal.

^{*}**4:44** Deut 1:4-5

^{*}**4:45-49** Deut 2:4-37; 3:1-29

^y**4:48 Sioonberg:** Die •Peshitta lui: “Sirjonberg”, vgl 3:9.

^z**4:49 see ... Araba:** Die Dooie See. Die Araba is die dor vlakke suid van die Dooie See.

^{*}**5:1-4** Eks 19:1-6; Deut 4:10-12; 29:1,12-15

julle dit kan hoor. Julle moet dit leer en dit nougeset nakom. ² Die HERE ons God het met ons 'n verbond gesluit by Horeb. ³ Dit is nie met ons voorouers wat die HERE hierdie verbond gesluit het nie, maar met ons — ons hier wat vandag nog almal leef.

⁴ “*Op die berg het die HERE uit die vuur van aangesig tot aangesig met julle gepraat. ⁵ Ek moes in daardie tyd tussen die HERE en julle gaan staan om die woorde van die HERE^a aan julle bekend te maak, want julle het bang geword vir die vuur en wou nie teen die berg opgaan nie.

“Die HERE het gesê,^b

⁶ “*^cEk, die HERE, is jou God^c wat jou uit Egipteland, uit die plek van slawerny, uitgelei het.

⁷ *Jy mag naas My nie ander gode hê nie.^d

⁸ *Jy mag nie vir jou 'n gesnede beeld van 'n god maak nie — enige nabootsing van wat in die hemelruim daar bo of op die aarde hier onder of in die water onder die aarde is nie. ⁹ *Jy mag nie voor hulle in aanbidding buig nie en jy mag nie aan hulle diensbaar word nie, want Ek, die HERE, is jou God. Ek is 'n besitlike God wat kinders laat boet vir die sondeskuld van ouers, selfs die derde en vierde geslag van hulle wat My verwerp, ¹⁰ maar troue liefde

*5:4-5 Eks 20:18-21; Hand 7:38

^a5:5 woorde ... HERE: Dit verwys hier na die Tien Gebooue.

^b5:5 Die HERE het gesê: Die •bronteks lui: “deur te sê”.

*5:6-21 Eks 20:1-17

*5:6 Eks 13:3; Lev 26:13; Deut 6:12

^c5:6 Ek ... jou God: Die bronteks kan ook vertaal word: “Ek is die HERE jou God”.

*5:7 Deut 6:14; Ps 81:10

^d5:7 naas ... hê nie: Word ook vertaal: “voor My hê nie”.

*5:8 Deut 4:16-19

*5:9-10 Eks 34:7; Num 14:18; Deut 4:24; Jer 32:18

bewys aan duisende, aan hulle wat My liefhet en my gebooi^e nakom.

¹¹ * Jy mag nie die Naam van die HERE jou God misbruik nie, want die HERE sal hulle wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat nie.

¹² * Hou die Sabbatdag heilig soos die HERE jou God jou beveel het:

¹³ * Vir ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, ¹⁴ * maar die sewende dag is 'n Sabbat vir die HERE jou God. Jy mag dan geen werk doen nie; nie jy nie, ook nie jou seuns en dogters, jou slawe en slavinne, jou beeste en donkies of enige van jou diere nie, ook nie die vreemdelinge^f in jou dorpe nie, sodat jou slawe en slavinne kan rus soos jy. ¹⁵ * Jy moet onthou dat jy ook 'n slaaf was in Egipteland en dat die HERE jou God met 'n sterk hand en uitgestrekte arm jou daar uitgelei het. Daarom het die HERE jou God jou beveel om die Sabbatdag te vier.

¹⁶ * Behandel jou vader en moeder met respek soos die HERE jou God jou beveel het, sodat jy lank kan leef, en sodat dit met jou goed kan gaan op die grond wat die HERE jou God vir jou gaan gee.

^e**5:10 my gebooi^e:** Die bronteks lui: “sy gebooi^e”; die lesing van verskillende mss en die oudste vertalings word hier gevolg.

* **5:11** Lev 19:12; Deut 6:13; Matt 5:33

* **5:12-14** Eks 20:8-11; 31:14-16; Lev 23:3; Mark 2:27-28; Luk 13:14

* **5:13-14** Luk 13:14

* **5:14** Matt 12:2; Luk 23:56

^f**5:14 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

* **5:15** Deut 15:15; 16:12; 24:18

* **5:16** Lev 19:3; Deut 4:40; 21:18-21; Matt 15:4; Mark 7:10; Luk 18:20

¹⁷ ** Jy mag nie moord pleeg nie.

¹⁸ * Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

¹⁹ * Jy mag nie steel nie.

²⁰ * Jy mag nie vals getuig oor jou naaste nie.

²¹ * Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie. Jy mag nie jou naaste se huis begeer^g nie, ook nie sy saagrond, sy slawe en slavinne, sy beeste en donkies of enigiets wat aan jou naaste behoort nie.’

²² * “Hierdie woorde het die HERE met 'n harde stem uit die vuur, wolke en digte mis op die berg vir julle hele geloofsgemeenskap gesê. Hy het niks bygevoeg nie, dit op twee kliptafels gegraveer en dit vir my gegee.

²³ * “Die oomblik toe julle die stem uit die donkerte gehoor het, terwyl die berg aan die brand was, het julle, al julle stamhoofde en julle oudstes^h nadergekom na my toe ²⁴ en gesê, ‘Kyk, die HERE ons God het ons sy majesteit en grootheid laat sien en ons het selfs sy stem uit die vuur gehoor. Vandag het ons dit ervaar dat God met 'n mens praat en dat hy bly leef. ²⁵ Waarom moet ons dan nou sterf? Want hierdie groot vuur gaan ons verteer! As ons langer moet luister na die stem van die

* **5:17-20** Matt 19:18; Mark 10:19; Luk 18:20; Rom 13:9

* **5:17** Gen 9:6; Matt 5:21; Jak 2:11

* **5:18** Lev 20:10; Matt 5:27; Jak 2:11

* **5:19** Lev 19:11; Ef 4:28

* **5:20** Eks 23:1-3; Deut 19:15-21

* **5:21** Job 31:1; Miga 2:2; Matt 5:28; Rom 7:7; 13:9

^g**5:21** **begeer ... begeer:** In die bronteks word twee verskillende woorde gebruik. Die tweede kan ook vertaal word as: “hunker na”.

* **5:22** Eks 24:12; 31:18; Deut 4:12-13; Heb 12:18-19

* **5:23-27** Eks 20:18-21; Deut 4:11-12

^h**5:23** **oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

HERE ons God, gaan ons sterf. ²⁶ Trouens, is daar enige mens wat al soos ons die stem van die lewende God gehoor het terwyl Hy uit die vuur praat, en bly leef het? ²⁷ Gaan jy nader en luister na alles wat die HERE ons God sê, dan kan jy weer vir ons alles sê wat die HERE ons God vir jou gesê het. Ons sal luister en dit doen.’

²⁸ “Die HERE het duidelik gehoor wat julle sê toe julle met my gepraat het. Die HERE het vir my gesê, ‘Ek het die woorde wat hierdie volk vir jou gesê het, duidelik gehoor. Alles wat hulle gesê het, is goed. ²⁹ *Was hulle gesindheid maar so dat hulle ontsag vir My gehad en al my gebooe al die jare nagekom het, sodat dit altyd met hulle en hulle kinders goed kan gaan! ³⁰ Gaan sê vir hulle: “Gaan terug na julle tente toe.” ³¹ *Maar jy, kom staan hier by My, sodat Ek die volledige gebod, die vaste voorskrifte en beslissings wat jy vir hulle moet leer, aan jou kan voorhou. Hulle moet dit uitleef in die land wat Ek vir hulle gaan gee om in besit te neem.’

³² * “Daarom moet julle dit nougeset nakom, soos wat die HERE julle God julle beveel het. Julle mag nie na links of regs afwyk nie. ³³ Julle moet die hele pad volg, soos die HERE julle God julle beveel het, sodat julle kan leef en dit met julle goed kan gaan — ja, sodat julle lank kan leef in die land wat julle in besit gaan neem.”

6

¹ “*Dit dan is die gebod, die vaste voorskrifte en beslissings wat die HERE julle God myⁱ beveel het om julle te leer, dat julle dit kan uitleef in die

*5:29 Jos 22:5; Jes 48:18; Matt 23:37; Luk 19:42

*5:31 Eks 24:12,18; Gal 3:19

*5:32-33 Deut 17:11,20; 28:14; Jer 7:23

*6:1-3 Deut 4:1,40; 5:1,31-33

ⁱ6:1 my: Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem — ² sodat jy ontsag mag hê vir die HERE jou God, deur al sy vaste voorskrifte en gebooe wat ek jou beveel, na te kom so lank jy leef, jy en jou kinders en jou kleinkinders, en sodat jy 'n lang lewe mag hê. ³ Jy moet luister, Israel; kom dit nougeset na dat dit met jou goed mag gaan en dat julle baie meer mag word soos wat die HERE die God van jou voorouers* jou beloof het — 'n land wat oorloop van melk en heuning.

Diens aan die HERE alleen

⁴ “**LUISTER ISRAEL, DIE HERE IS ONS GOD, DIE HERE ALLEEN.**”^{k 5} Jy moet die HERE jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele wese en met al jou krag. ⁶ *En hierdie woorde wat ek vandag vir jou voorskryf, moet jy op die hart dra. ⁷ *Herhaal dit vir jou kinders en praat met hulle daarvoor wanneer jy in jou huis sit en wanneer jy op pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan. ⁸ *Jy moet dit as 'n teken om jou hand bind en dit moet 'n versiering op jou voorkop^l wees. ⁹ Skryf dit op die deurkosyne van jou huis en op die poorte van jou stad.

***6:3 God ... voorouers:** Gen 28:13; Deut 6:3; 1 Kon 18:36; 1 Kron 29:18; 2 Kron 30:6; Matt 22:32; Hand 7:32

^j**6:4** Die bronteks merk hierdie vers met groot letters. Dit is 'n belydenis ook bekend as die *sjema*; vgl Mark 12:29; 1 Kor 8:4,6.

^k**6:4 DIE HERE IS ... ALLEEN:** Dit word in Mark 12:29 vertaal as: “Die Here ons God is die enigste Here”; vgl 1 Kor 8:4,6. Die Hebreeus kan ook vertaal word: “Die HERE ons God, die HERE is Een” en “Die HERE is ons God, die HERE is Een”.

***6:5** Deut 10:12; 11:1; Matt 22:37; Mark 12:33; Luk 10:27

***6:6-9** Eks 13:9; Deut 4:9; 11:18-20

***6:7** Ef 6:4

***6:8** Matt 23:5

^l**6:8 versiering ... voorkop:** Letterlik “'n versiering tussen jou oë”. Die Judeërs het later wanneer hulle bid, 'n leerdosie met die woorde van die Tien Gebooe aan 'n riempie op hulle voorkoppe vasgemaak.

¹⁰ “*Wanneer die HERE jou God jou inbring in die land wat Hy aan jou voorvaders, aan Abraham, Isak en Jakob, met 'n eed beloof het om vir jou te gee — groot en mooi stede wat jy nie gebou het nie, ¹¹ huise vol met alles wat goed is, wat jy nie gevul het nie, uitgekapte opgaarputte^m wat jy nie uitgekapt het nie, wingerde en olyfboorde wat jy nie geplant het nie, en jy dan eet en versadig word, ¹² moet jy oppas dat jy nie die HERE vergeet wat jou uit Egipteland, uit 'n plek van slawerny, uitgelei het nie. ¹³ *Vir die HERE jou God moet jy ontsag hê: Hom moet jy dien, en slegs in sy Naam moet jy sweer.

¹⁴ “Julle mag nie agter ander gode aanloop nie, gode van die nasies rondom julle; ¹⁵ *want die HERE jou God wat in julle midde is, is 'n besitlike God. Anders sal die woede van die HERE jou God teen jou opvlam, en dan gaan Hy jou van die aardbodem af uitdelg. ¹⁶ *Julle mag nie die HERE julle God uitdaag soos julle by Massa gedoen het nie.

¹⁷ “*Julle moet die gebooie van die HERE julle God sorgvuldig nakom, sy bepalings en vaste voorskrifte wat Hy jou opgedra het. ¹⁸ Jy moet doen wat reg en goed is in die oë van die HERE, sodat dit met jou goed kan gaan en jy in die goeie land wat die HERE met 'n eed aan jou voorvaders beloof het, kan ingaan en dit in besit kan neem ¹⁹ deur al jou vyande voor jou te verjaag, soos die HERE beloof het.

²⁰ “*Wanneer jou kind in die toekoms vir jou vra, ‘Wat is die bedoeling van die bepalings, die vaste voorskrifte en beslissings wat die HERE ons

***6:10-12** Deut 8:10-11,14; Jos 24:13

^m**6:11 opgaarputte:** Dit was 'n groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekapt is en waarin daar water of graan gestoor is.

***6:13-14** Deut 10:20; 13:4; Jos 24:14; Matt 4:10; Luk 4:8

***6:15** Eks 20:5; Deut 4:24; 11:17

***6:16** Eks 17:2-3,7; Matt 4:7; Luk 4:12; 1 Kor 10:9; Heb 3:8

***6:17-19** Num 33:52-53; Deut 4:40; 8:7; 11:22

***6:20-25** Eks 13:14; Deut 4:1,34; 26:5-9; Jer 32:20-21

God vir julle voorgeskryf het?’²¹ dan moet jy vir jou kind sê, ‘Ons was slawe vir die farao in Egipte, maar die HERE het ons met 'n sterk hand uit Egipte uitgelei.’²² Die HERE het in Egipte voor ons oë groot en skrikwekkende tekens van mag en wondertekens gedoen aan die farao en sy hele huis.²³ Maar ons het Hy daarvandaan uitgelei sodat Hy ons hierheen kon bring om aan ons die land te gee wat Hy met 'n eed aan ons voorvaders beloof het.²⁴ Die HERE het ons beveel om volgens al hierdie vaste voorskrifte te leef en om vir die HERE ons God ontsag te hê, sodat dit altyd met ons goed sal gaan en sodat Hy ons in die lewe sal hou soos dit vandag is.²⁵ Dit sal tot ons heil strekⁿ as ons hierdie hele gebod nougeset nakom in die teenwoordigheid van die HERE ons God, soos Hy ons beveel het.’ ”

7

Optrede teenoor ander nasies in die beloofde land

¹ “*Wanneer die HERE jou God jou in die land bring waarheen jy op pad is om dit in besit te neem, en Hy baie nasies voor jou uitdryf, sewe nasies wat groter en magtiger is as jy — die Hetiete, die Girgasiete, die Amoriete, die Kanaäniete, die Feresiete, die Hewiete en die Jebusiete —² en die HERE jou God hulle aan jou oorlewer en jy hulle verslaan, dan moet jy hulle beslis met die banvloek tref.^o Jy mag nie met hulle 'n ooreenkoms aangaan nie en jy mag hulle nie genadig wees nie.³ Jy mag nie met hulle ondertrou nie. Jou dogter mag jy nie gee aan sy seun en

ⁿ6:25 Dit ... strek Word ook vertaal: “Dit sal geregtigheid vir ons wees.”

^{*}7:1-4 Eks 23:23-26; 34:11-16; Lev 27:28-29; Deut 4:38; 20:17

^o7:2 **banvloek tref:** Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word heeltemal vernietig; vgl Num 18:14; •Banvloek.

sy dogter mag jy nie vir jou seun as vrou neem nie, ⁴ want hulle^p sal jou seun van die HERE^q afvallig maak, sodat hy^r ander gode dien. Dan sal die woede van die HERE teen julle ontvlam en sal Hy jou gou uitdelg.

⁵ “*Nee, so moet julle met hulle maak: Hulle altare moet julle afbreek, hulle gedenkstene^s moet julle stukkend slaan, hulle asjeras^t moet julle stukkend kap en hulle godebeelde moet julle verbrand,^u ⁶ *want jy is 'n heilige volk vir die HERE jou God. Vir jou het die HERE jou God gekies uit al die volke op aarde om as volk sy persoonlike eiendom^v te wees.

⁷ “*Dit is nie omdat julle groter was as al die ander volke dat die HERE Hom aan julle verbind en julle uitgekies het nie — julle was immers die kleinste van al die volke. ⁸ Nee, dit is omdat die HERE julle liefgehad het en omdat Hy gebly het by die eed wat Hy vir julle voorvaders afgelê het dat die HERE julle met 'n sterk hand laat wegtrek en julle vrygekoop het uit 'n plek van slawerny, uit die mag van die farao, die koning van Egipte. ⁹ *Jy moet weet dat die HERE jou God inderdaad God is, die

^p7:4 **hulle**: Die •bronteks lui: “hy”.

^q7:4 **van die HERE**: Die bronteks lui: “van My”.

^r7:4 **hy**: Die •Samaritaanse Pentateug, •Septuagint en sommige Hebreuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui: “hulle”.

^{*}7:5 Eks 23:24; 34:13; Deut 12:2-3

^s7:5 **gedenkstene**: Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk.

^t7:5 **asjeras**: 'n Voorwerp wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

^u7:5 **godebeelde ... verbrand**: Die beelde was gewoonlik uit hout gesny en met goudfoelie oorgetrek.

^{*}7:6 Eks 19:5-6; Deut 14:2; 26:18-19; Rom 9:4; Tit 2:14; 1 Pet 2:9

^v7:6 **persoonlike eiendom**: Die bronteks lui: “volk van eiendom” wat privaat besit aandui.

^{*}7:7-8 Deut 4:37; 10:22; Hos 11:1; Mal 1:2

^{*}7:9-10 Eks 20:5-6; Deut 5:9-10; Dan 9:4; 1 Kor 1:9; 10:13

betroubare God wat die verbond en troue liefde in stand hou vir
duisende geslagte lank, vir hulle wat Hom liefhet en sy gebooie nakom;
¹⁰ maar hulle wat Hom verwerp, vergeld Hy direk deur hulle te
vernietig. Daar is geen uitstel vir dié wat Hom verwerp nie: Hy vergeld
hulle^w direk.

¹¹ “Daarom moet jy die gebod, die vaste voorskrifte en wette nakom
wat ek jou vandag beveel om te onderhou. ¹² *As beloning daarvoor dat
julle hierdie wette gehoorsaam, dit nakom en dit uitvoer, sal die HERE
jou God vir jou die verbond en troue liefde in stand hou wat Hy aan jou
voorvaders met 'n eed bevestig het. ¹³ Hy sal jou liefhê, jou seën en jou
laat vermeerder. Hy sal die vrug van jou liggaam, die vrug van jou
grond — jou koring, nuwe wyn en olyfolie — die aandeel van jou beeste
en die aanwas van jou kleinvee seën op die grond wat Hy jou
voorvaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee. ¹⁴ Jy sal meer
geseënd wees as al die volke: Daar sal by jou geen onvrugbare man of
vrou wees nie, ook nie by jou diere nie. ¹⁵ Die HERE sal elke siekte van
jou wegkeer en Hy sal al die verskriklike peste van Egipte wat jy ken,
nie oor jou bring nie, maar dit oor al jou vyande laat kom.

¹⁶ “*Jy moet al die volke wat die HERE jou God aan jou gaan oorgee,
verswelg. Jy mag hulle nie jammer kry nie. Jy mag hulle gode nie dien
nie, want dit sal vir jou 'n valstrik wees. ¹⁷ Jy sou kon dink, ‘Hierdie
nasies is groter as ek, hoe kan ek hulle verdryf?’ ¹⁸ Jy mag egter nie vir
hulle bang wees nie. Hou goed in gedagte wat die HERE jou God aan die
farao en die hele Egipte gedoen het: ¹⁹ die groot teistering wat jy met
jou eie oë gesien het, die tekens van mag en wondertekens, die sterk

^w7:10 hulle: Die bronteks lui: “hom”.

*7:12-15 Eks 15:26; 23:5-26; Lev 26:3-13; Deut 28:1-14; Joh 14:21

*7:16-26 Eks 23:27-33; Deut 31:6; Jos 7:1; 10:8-10,24-25,42; 23:9; 24:12; Rig
2:20-23

hand en uitgestrekte arm waarmee die HERE jou God jou uitgelei het. So sal die HERE jou God ook maak met al die volke vir wie jy bang is.

²⁰ *Die HERE jou God sal ook paniek onder hulle saai,^x totdat dié wat oorgebly het en vir jou wegkruip, vernietig is. ²¹ Moenie paniekerig raak oor hulle nie, want die HERE jou God is in jou midde, 'n groot en ontsagwekkende God.

²² “Die HERE jou God sal hierdie nasies geleidelik voor jou uitdryf. Jy sal nie toegelaat word om vinnig 'n einde aan hulle te maak nie, sodat die wilde diere van die veld nie vir jou te veel word nie. ²³ Die HERE jou God sal hierdie nasies aan jou oorgee. Hy sal onder hulle groot verwarring veroorsaak, totdat hulle uitgedelg is. ²⁴ Hy sal hulle konings in jou hand gee en jy sal hulle name tot niet maak onder die hemel. Niemand sal voor jou kan standhou nie, totdat jy hulle uitgedelg het.

²⁵ “Die beelde van hulle gode moet julle verbrand. Jy mag nie die silwer en goud daarop begeer of vir jou vat nie. Anders trap jy daarmee in 'n strik, want daardie goud en silwer is vir die HERE jou God afstootlik. ²⁶ Jy mag nie so iets verderflik in jou huis invat nie, want dan is jy self, soos daardie goed, ook onder die banvloek. Jy moet dit grondig verafsku en 'n diep weersin daarin hê, want dit is onder die banvloek.

8

Trou aan God

¹ “*Elke gebod wat ek vandag vir jou voorskryf, moet julle nougeset nakom, sodat julle kan leef en meer word en in die land ingaan wat die

*7:20 Deut 1:44

^x7:20 **paniek ... saai:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal: “perdebye onder hulle instuur”.

*8:1 Deut 4:1; 5:32-33

HERE met 'n eed aan julle voorvaders beloof het, en dit in besit neem.

²*Dink aan die hele pad waarlangs die HERE jou God jou hierdie veertig jaar in die woestyn^y gelei het om jou nederig te maak, om jou te toets, om uit te vind wat in jou hart leef: Sou jy sy gebooie nakom of nie?

³*Hy het jou nederig gemaak, jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy nie geken het nie en jou voorouers ook nie geken het nie, sodat Hy jou kon laat verstaan dat die mens nie van brood alleen sal leef nie, maar dat die mens leef van elke uitspraak uit die mond van die HERE. ⁴*Vir hierdie veertig jaar het die klere aan jou lyf nie verslyt nie en het jou voete nie geswel nie.

⁵“Wees dan in jou hart oortuig daarvan dat die HERE jou God jou opvoed soos 'n man sy seun opvoed. ⁶Kom daarom die gebooie van die HERE jou God na deur sy paaie te volg en ontsag vir Hom te hê, ⁷*want die HERE jou God gaan jou in 'n goeie land bring: 'n land met waterryke dale, fonteine en oerwater wat in die valleie en op die berge uitvloei; ⁸'n land met koring en gars, met wingerde, vyebome en granaatboorde, 'n land met olieryke olywe en heuning; ⁹'n land waar jy nie in armoede brood sal eet nie, ja, waar jy geen gebrek sal hê nie; 'n land waar die klippe ystererts is en waar jy kopererts in die berge myn. ¹⁰Jy sal eet en versadig word en die HERE jou God prys oor die goeie land wat Hy aan jou gegee het.

¹¹“Wees versigtig dat jy nie die HERE jou God vergeet deur nie sy

*8:2 Deut 1:3; 2:7

^y8:2 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

*8:3 Eks 16:2-3; Am 8:11; Matt 4:4; Luk 4:4

*8:4 Deut 29:5; Neh 9:21

*8:5 Deut 1:31; Spr 3:11-12; Heb 12:5-7

*8:7-10 Deut 6:11; 11:10-12

*8:11 Deut 4:9; 6:12

gebooie, sy beslissings en vaste voorskrifte wat ek vandag vir jou voorskryf, na te kom nie. ¹² *Wees versigtig dat, wanneer jy eet en versadig word en goeie huise bou en bewoon, ¹³ en jou beeste en kleinvee vermeerder, en jy vir jouself baie silwer en goud verkry, en alles wat jy het, meer word, ¹⁴ dat jou hart dan nie hoogmoedig raak en jy die HERE jou God vergeet wat jou uit Egipteland, uit 'n plek van slawerny, uitgelei het nie. ¹⁵ *Dit is Hy wat jou gelei het deur die groot en vreesaanjaende woestyn vol giftige slange en skerpioene, 'n dor land waar daar geen water is nie; Hy wat vir jou water uit klipharde rots laat kom het; ¹⁶ Hy wat jou in die woestyn manna laat eet het, iets wat jou voorouers nie geken het nie, om jou nederig te maak en jou te toets, om jou uiteindelik goed te behandel.

¹⁷ “*As jy sou dink, ‘my krag en my magtige hand het vir my hierdie rykdom verkry,’ ¹⁸ dan moet jy die HERE jou God onthou, want dit is Hy wat vir jou die krag gee om rykdom te verkry, sodat Hy sy verbondsbeloftes wat hy aan jou voorvaders met 'n eed bevestig het, gestand kan doen soos dit vandag is. ¹⁹ As dit dan wel sou gebeur dat jy die HERE jou God vergeet en agter ander gode aanloop en hulle dien en voor hulle in aanbidding buig, dan waarsku ek julle vandag dat julle beslis tot niet sal gaan. ²⁰ Soos die nasies wat die HERE voor julle vernietig, sal julle ook tot niet gaan, net omdat julle nie na die stem van die HERE julle God geluister het nie.

*8:12-14 Deut 8:14,18-19; 28:47; Ps 106:21; Hos 13:6

*8:15-16 Eks 16:15; 17:6; Num 20:11; 21:6; Heb 12:11

*8:17-20 Deut 4:26,31; 9:4; 30:18-19; Hos 2:7

'n Waarskuwing teen verwaandheid

¹ “*Luister, Israel! Jy trek vandag oor die Jordaan om nasies wat groter en magtiger is as jy te gaan verdryf. Daar is groot stede wat hemelhoog versterk is; ² daar is mense wat groot en lank is — die Enakiete, wat jy self ken en van wie jy self gehoor het dat mense sê, ‘Wie kan stand hou voor die Enakiete?’ ³ *Jy moet vandag weet dat die HERE jou God, Hy wat voor jou oor die Jordaan^z gaan, 'n verterende vuur is. Hy self sal hulle uitdelg, ja, Hy self sal hulle voor jou verneder, sodat jy hulle sal verdryf en vinnig vernietig, soos wat die HERE jou belooft het.

⁴ “*Wanneer die HERE jou God hulle voor jou verjaag, moet jy nie dink, ‘Op grond van my regverdigheid het die HERE my in hierdie land ingebring om dit in besit te neem’ nie. Dit is omdat hierdie nasies goddeloos is dat die HERE hulle voor jou uit verdryf, ⁵ en nie op grond van jou regverdigheid of opregte hart nie, dat jy ingaan om hulle land in besit te neem. Dit is vanweë die goddeloosheid van hierdie nasies dat die HERE jou God hulle voor jou uit verdryf, en sodat Hy die belofte gestand kan doen wat Hy met 'n eed bevestig het aan jou voorvaders, Abraham, Isak en Jakob. ⁶ Jy moet besef dat dit nie op grond van jou regverdigheid is dat die HERE jou God vir jou hierdie goeie land gaan gee om dit in besit te neem nie, want jy is 'n hardnekkige volk.

⁷ “*“Onthou, ja, moenie vergeet nie — jy het die HERE jou God woedend

*9:1-2 Num 13:28,33; Deut 1:28; 4:38; 11:23; Jos 11:22

*9:3 Deut 4:24; 31:3; Heb 12:29

^z9:3 **die Jordaan:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*9:4-6 Eks 32:9; Deut 8:17; 18:12; Rom 10:6; Tit 3:5

*9:7-29 Eks 32:1-35; Ps 106:19-23

gemaak in die woestyn.^a Van die dag dat jy uit Egipteland weggetrek het totdat julle op hierdie plek aangekom het, was julle voortdurend in opstand teen die HERE.⁸ Ook by Horeb het julle die HERE woedend gemaak. Die HERE was so kwaad vir julle dat Hy julle wou uitdelg.⁹ *Toe ek teen die berg opgegaan het om die kliptafels te ontvang, die tafels met die verbond wat die HERE met julle gesluit het, het ek veertig dae en nagte lank op die berg gebly sonder om brood te eet of water te drink.¹⁰ *Die HERE het vir my die twee kliptafels gegee, gegraveer met die vinger van God. Daarop was al die woorde presies soos die HERE dit vir julle op die dag van die byeenkoms op die berg uit die vuur gesê het.¹¹ Toe die HERE aan die einde van veertig dae en nagte vir my die twee kliptafels gegee het, die tafels met die verbond daarop,¹² het die HERE vir my gesê, ‘Staan op, gaan dadelik hiervandaan af onder toe, want jou volk wat jy uit Egipte uitgelei het, het hulle wangedra. Hulle het gou afgewyk van die pad wat Ek hulle beveel het om te volg. Hulle het vir hulle 'n gegote beeld^b gemaak.’¹³ *Die HERE het ook vir my gesê, ‘Ek het hierdie volk dopgehou. Kyk, dit is 'n hardnekkige volk.’¹⁴ Laat My begaan, sodat Ek hulle kan uitdelg en hulle naam onder die hemel uitwis. Ek sal jou dan 'n nasie maak wat magtiger en meer is as hulle.’¹⁵ “Ek het omgedraai en van die berg afgegaan terwyl die berg aan die brand was. Die twee tafels met die verbond was op my twee hande.¹⁶ Ek sien toe, julle het inderdaad gesondig teen die HERE julle God.

^a**9:7 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***9:9** Eks 24:12,18; 34:28

***9:10-12** Hand 7:38; 2 Kor 3:3

^b**9:12 gegote beeld:** Dit verwys ook na 'n houtbeeld, oorgetrek met goud- of silwerfoelie.

***9:13-14** Eks 32:9-10; Num 14:12

Julle het vir julle 'n kalf, 'n gegote beeld, gemaak! Julle het vinnig afgewyk van die pad wat die HERE vir julle voorgeskryf het. ¹⁷ Ek het die twee tafels vasgevat en van my twee hande af neergesmyt. Ek het hulle voor julle oë stukkend gebreek. ¹⁸ *Ek het myself voor die HERE neergewerp soos die eerste keer en vir veertig dae en nagte geen brood geëet en geen water gedrink nie, oor al julle sondes wat julle begaan het deur te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE en Hom uit te tart. ¹⁹ *Ja, ek het gevrees vir die toorn en woede van die HERE, wat so kwaad was vir julle dat Hy julle sou uitdelg. Maar ook hierdie keer het die HERE na my geluister. ²⁰ Die HERE was selfs vir Aäron so kwaad dat Hy hom wou verdelg, maar ek het in daardie tyd ook vir Aäron ingetree. ²¹ “Die stuk sonde wat julle gemaak het, daardie kalf van julle, het ek gevat en verbrand. Ek het dit verbrysel en heeltemal fyngestamp, totdat dit so fyn was soos stof. Ek het die stof toe in die spruit gegooi wat van die berg af kom. ²² Ook by Tabera* en Massa* en Kibrot-Taäwa* het julle die HERE woedend gemaak. ²³ *En toe die HERE julle van Kades-Barnea^c af gestuur het met die woorde, ‘Trek op en neem die land in besit wat Ek vir julle gee,’ was julle opstandig teen die bevel van die HERE julle God. Julle het Hom nie vertrou nie en nie na sy stem geluister nie. ²⁴ Julle was voortdurend in opstand teen die HERE van die dag af dat ek julle leer ken het.

²⁵ “*Ek het my voor die HERE neergewerp. Vir die veertig dae en veertig

***9:18** Eks 34:28; Deut 9:9; Ps 106:23

***9:19** Eks 33:17; Deut 10:10; Heb 12:21

***9:22 Tabera:** Num 11:3

***9:22 Massa:** Eks 17:7; Deut 6:16

***9:22 Kibrot-Taäwa:** Num 11:34

***9:23** Num 13:3,26; 14:1-2

^c**9:23 Kades-Barnea:** 70 km suidwes van Berseba.

***9:25** Deut 9:18-19

nagte wat ek so bly lê het omdat die HERE gesê het Hy gaan julle uitdelg, ²⁶ het ek tot die HERE gebid en gesê, ‘HERE my Heer, moet tog nie u volk, u eiendom wat U in u grootheid vrygekoop het en wat U uit Egipte uitgelei het met 'n sterk hand, uitroei nie. ²⁷ Dink aan u diensknegte, aan Abraham, Isak en Jakob. Moet tog nie ag slaan op die hardkoppigheid van hierdie volk en op hulle oortredings en sonde nie. ²⁸ * Anders sê die land waarvandaan U ons uitgelei het: “Omdat die HERE hulle nie kon inbring in die land wat Hy hulle beloof het nie, en omdat Hy 'n weersin in hulle het, het Hy hulle uitgelei om hulle in die woestyn te laat sterf.” ²⁹ * Hierdie mense is tog u volk, u eiendom wat U met u groot krag en u uitgestrekte arm uitgelei het.’ ”

10

Hernuwing van die verbond

¹ * “In daardie tyd het die HERE vir my gesê, ‘Kap vir jou twee kliptafels soos die eerstes, en klim teen die berg op na My toe. Maak ook vir jou 'n houtkis. ² * Ek sal op die tafels die woorde graveer wat op die eerste tafels was, dié wat jy aan stukke gebreek het. Jy moet dit dan in die kis sit.’

³ * “Ek het toe 'n kis van doringhout gemaak en twee kliptafels soos die eerstes uitgekap. Daarna het ek teen die berg opgegaan met die twee tafels in my hand. ⁴ * Die HERE het toe op die tafels, met dieselfde skrif as

* **9:28** Num 14:15-16

* **9:29** Eks 34:9; 1 Kon 8:51; Neh 1:10

* **10:1-5** Eks 25:10,16; 34:1-10; 1 Kon 8:9

* **10:2** Eks 25:16,21

* **10:3** Eks 34:4; 37:1; Heb 9:4

* **10:4** Eks 19:16 — 20:17

die vorige, die Tien Gebooie^d gegraveer wat Hy op die berg uit die vuur vir julle aangekondig het, die dag van die byeenkoms. Die HERE het dit vir my gegee ⁵* en ek het omgedraai en van die berg afgegaan. Ek het die tafels in die kis^e wat ek gemaak het, gesit; en daar het dit gebly soos die HERE my beveel het.”

^{6f}Die Israelite het weggetrek van die putte by Bene-Jaäkan en was op pad na Moserot. Daar is Aäron oorlede.* Hy is ook daar begrawe en sy seun Eleasar het in sy plek priester geword. ⁷ Van daar het hulle na Gudgod^g getrek en van Gudgod na Jotbat, 'n gebied met waterryke dale. ⁸* In daardie tyd het die HERE die stam van Levi afgesonder om die verbondsark van die HERE te dra, om in diens te staan van die HERE, om aan Hom diens te lewer en in sy Naam seën uit te spreek, tot vandag toe. ⁹ Daarom het die Leviete nie 'n aandeel of erfenis^h saam met hulle volksgenote nie. Die HERE, Hy is hulle erfdeel,* soos wat die HERE jou God vir hulle gesê het.

¹⁰ “Ek self het soos die eerste keer vir veertig dae en nagte op die berg gereed gestaan. Die HERE het ook hierdie keer na my geluister. Die HERE

^d**10:4 Tien Gebooie:** Letterlik ‘tien woorde’ of ‘tien sake’; vgl Deut 4:13.

***10:5 Eks** 34:29; 40:20

^e**10:5 kis:** Word ook vertaal: “ark”. Dit word ook genoem die ark met die •Getuienis (Eks 25:22) of die verbondsark van die HERE (Num 10:33; Heb 9:4).

^f**10:6-9** Dit is waarskynlik later by die teks gevoeg as verduidelikende nota; vgl ook Deut 2:10-12,20-23; 3:9,11.

***10:6 is ... oorlede:** Num 20:22-29; Deut 32:50

^g**10:7 Gudgod:** In Numeri is die naam van die plek Gor-Gidgad; vgl Num 33:32-33.

***10:8-9** Deut 18:1-2,5

^h**10:9 aandeel of erfenis:** Dit verwys na 'n aandeel in die gesamentlike besit van grond waarop 'n familie of groep aanspraak maak.

***10:9 die HERE ... erfdeel:** Num 18:20

wou julle nie vernietig nie. ¹¹ Die HERE het vir my gesê, ‘Maak jou gereed om voor die volk uit verder te trek, sodat hulle die land kan ingaan en dit in besit neem, die land wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee.’ ”

Voorwaardes vir 'n gelukkige lewe

¹² “*Daarom dan, Israel, wat anders vra die HERE jou God van jou as om vir die HERE jou God ontsag te hê, om al sy paaie te volg, om Hom lief te hê en die HERE jou God te dien met jou hele hart en met jou hele wese, ¹³ om die gebooie van die HERE en sy vaste voorskrifte na te kom wat ek vandag vir jou voorskryf, sodat dit met jou goed kan gaan? ¹⁴ Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemelruim, ook die hoogste hemele,ⁱ die aarde en alles wat daarop is. ¹⁵ Slegs aan julle voorouers het die HERE Hom verbind om hulle lief te hê. En Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, gekies uit al die volke soos dit vandag is. ¹⁶ Besny die voorhuid van julle harte en moenie langer hardnekkig wees nie. ¹⁷ *Die HERE is immers julle God; Hy is die God van die gode en die Heer van die here; die groot, die magtige en die ontsagwekkende God wat onpartydig is en geen omkoopgeskenk aanvaar nie, ¹⁸ wat vaderloses^j en weduwees se regte handhaaf en aan vreemdelinge^k liefde betoon deur

***10:12** Luk 10:27

ⁱ**10:14 hemele:** Volgens die antieke wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon.

***10:17** 2 Mak 13:4; Hand 10:34; Rom 2:11; Gal 2:6; Ef 6:9; Kol 3:25; 1 Tim 6:15; Op 17:14; 19:16

^j**10:18 vaderloses:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal: “weeskinders”.

^k**10:18 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

aan hulle kos en klere te gee. ¹⁹ Julle moet vreemdelinge liefhê, want julle was self vreemdelinge in Egipteland.

²⁰ “Vir die HERE jou God moet jy ontsag hê — Hom moet jy dien, aan Hom moet jy vashou en slegs in sy Naam moet jy sweer. ²¹ Hy is die Een wat jy moet loof en Hy is jou God wat aan jou hierdie groot en ontsagwekkende daede gedoen het wat jy met jou eie oë gesien het.

²² *Met net sewentig persone het jou voorouers na Egipte afgegaan; maar nou het die HERE jou God jou so talryk gemaak soos die sterre aan die hemelruim.”

11

Toewyding aan die HERE

¹ “*Jy moet die HERE jou God liefhê en die verpligtinge wat Hy oplê, altyd nakom — sy vaste voorskrifte, sy beslissings en gebooie. ² *Julle moet vandag weet dat dit nie oor julle kinders gaan nie. Hulle ken nie die opvoeding deur die HERE julle God en het dit nie ervaar nie: sy grootheid, sy sterk hand en uitgestrekte arm, ³ sy tekens van mag en sy daede wat Hy in die hart van Egipte aan die farao, die Egiptiese koning, en sy hele land gedoen het, ⁴ en wat Hy gedoen het aan die Egiptiese leer — aan hulle perde en strydwaens waaroor Hy die water van die Rietsee¹ laat stroom het toe hulle julle agtervolg het, en hoe die HERE hulle uitgewis het — tot vandag toe; ⁵ *en wat Hy vir julle in die

*10:22 Hand 7:14; Heb 11:13

*11:1 Deut 6:5; 10:12; Hos 12:7

*11:2-4 Eks 7:8-10; 14:27-28; Deut 4:34

¹11:4 Rietsee: In die OT word die Hebreeuse pleknaam vertaal as: “Rietsee”. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit as: “•Rooisee”.

*11:5 Eks 16:1 — 19:25

woestyn^m gedoen het totdat julle op hierdie plek aangekom het; ⁶* en wat Hy gedoen het aan Datan en Abiram, die seuns van Eliab, die nasaat van Ruben, toe die grond sy mond oopgesper en hulle verswelg het saam met hulle huisgesinne en tente en al die lewende hawe agter hulle aan, in die teenwoordigheid van die hele Israel. ⁷*Nee, dit was julle oë wat al die groot dade van die HERE, alles wat Hy vermag, gesien het. ⁸*Kom dan die hele gebod na wat ek vandag vir jou voorskryf, sodat julle sterk kan wees en ingaan en die land waarheen julle oortrek, kan verower om dit as erfenis te verkry, ⁹ en sodat julle lank kan leef op die grond wat die HERE aan julle voorvaders met 'n eed beloof het om aan hulle en hulle nageslag te gee — 'n land wat oorloop van melk en heuning. ¹⁰*Want die land waarheen jy nou op pad is om dit in besit te neem, is nie soos Egipteland waarvandaan julle weggetrek het nie — 'n land waar jy jou saad gesaai en met leivore natgeleiⁿ het soos 'n groentetuin. ¹¹ Die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem, is 'n land met berge en valleie; dit drink reënwater uit die hemel. ¹² Dit is 'n land waarvoor die HERE jou God bly sorg. Die HERE jou God hou voortdurend sy oog daaroor — van die begin tot die einde van die jaar. ¹³ “*As julle goed luister na my gebooe wat ek vandag vir julle voorskryf, naamlik om die HERE julle God lief te hê en Hom te dien met

^m**11:5 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***11:6** Num 16:1-33

***11:7** Deut 7:19; 11:2-3

***11:8-9** Eks 3:8; Deut 4:40; 5:16; Jos 1:6-7

***11:10-12** Lev 26:3-4; Deut 8:7-9

ⁿ**11:10 met ... natgelei:** Letterlik ‘met jou voet natgelei’. Leivoortjies is met die voete in 'n groentetuin getrap.

***11:13-15** Deut 7:12-14; 28:11-12; 30:9-10; Sag 9:17; 10:1

julle hele hart en julle hele wese, ¹⁴ * dan sê die HERE, ^o ‘Ek sal die reën van julle land op tyd gee, die vroeë en die laat reëns sodat jy jou koring en jou nuwe wyn en olyfolie kan insamel. ¹⁵ En Ek sal vir jou diere weiding in jou veld gee en jy sal eet en versadig raak.’

¹⁶ “*Wees versigtig dat julle harte nie verlei word en julle wegdraai en ander gode dien en in aanbidding voor hulle buig nie. ¹⁷ Die woede van die HERE sal teen julle ontvlam en Hy sal die hemel sluit sodat daar nie reën is en die grond nie sy opbrengs lewer nie en julle vinnig verdwyn uit die goeie land wat die HERE aan julle gaan gee.

¹⁸ “*Koester hierdie woorde van my met hart en siel. Bind dit as 'n teken om julle hande en laat dit versierings op julle voorkoppe^p wees. ¹⁹ Leer dit vir julle kinders deur daaroor te praat wanneer jy in die huis sit en op pad is, wanneer jy gaan lê en opstaan. ²⁰ Skryf dit op die deurkosyne van jou huis en op jou stadspoorte, ²¹ sodat julle en julle kinders baie jare lank kan leef op die grond wat die HERE met 'n eed aan julle voorvaders beloof het om aan hulle te gee, so baie as wat die jare van die hemelruim bo die aarde is.

²² “*Ja, as julle hierdie hele gebod wat ek vir julle voorskryf, sorgvuldig nakom deur dit uit te voer, die HERE julle God lief te hê, al sy paaie te volg en aan Hom vas te hou, ²³ dan sal die HERE al hierdie nasies voor julle uitdryf. Julle sal nasies wat groter en magtiger is as

*11:14 Jak 5:7

^o11:14 dan ... HERE: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*11:16-17 Deut 4:26; 6:15; 2 Kron 6:26; 7:13

*11:18-20 Deut 4:9-10; 5:33; 6:6-12

^p11:18 versierings... voorkoppe: Letterlik ‘versiering tussen julle oë’. Die Judeërs het later wanneer hulle bid, 'n leerdosie met die woorde van die Tien Gebooie aan 'n riempie op hulle voorkoppe vasgemaak.

*11:22-25 Eks 23:27; Deut 2:25; 4:1,10,38; 9:1; Jos 1:3-5

julle, verdryf. ²⁴ Elke plek waar julle voetsole trap — aan julle sal dit behoort. Van die woestyn af tot by die Libanon en van die rivier af, die Eufraatrivier,^q tot by die see in die weste sal julle grondgebied wees.

²⁵ Niemand sal voor julle standhou nie. Die HERE julle God sal, soos Hy julle beloof het, op elke plek in die land wat julle betree, vrees en angsvir julle laat posvat.

²⁶ “*Kyk, ek hou vandag seën en vloek aan julle voor: ²⁷ die seën wanneer julle luister na die gebooie van die HERE julle God wat ek vandag vir julle voorskryf, ²⁸ en die vloek as julle nie luister na die gebooie van die HERE julle God nie, maar afwyk van die pad wat ek julle vandag beveel, deur agter ander gode wat julle nie geken het nie, aan te loop.

²⁹ “*Wanneer die HERE jou God jou inbring in die land waarheen jy op pad is om dit in besit te neem, moet jy die seën plaas op die berg Gerisim en die vloek op die berg Ebal. ³⁰ *Lê hulle nie oorkant die Jordaan, anderkant die pad in die weste, in die land van die Kanaäniete wat in die Jordaanvallei^r woon, teenoor Gilgal by die akkerbome van More nie? ³¹ Omdat julle oor die Jordaan trek om die land wat die HERE julle God vir julle gaan gee, te verower, en omdat julle dit in besit sal neem en daarin sal woon, ³² moet julle al die vaste voorskrifte en beslissings wat ek vandag aan julle voorhou, nougeset nakom.”

^q**11:24 Eufraatrivier:** In die tyd van die Ou Testament het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

* **11:26-29** Deut 27:12-13; 28:1-68; 30:1,15; Jos 8:33-35

* **11:29** Joh 4:20

* **11:30-32** Gen 12:6; Deut 5:32; 9:1; 12:10,32

^r**11:30 Jordaanvallei:** Dit verwys hier na die Jordaanvallei wes van die rivier. Die bronteks lui: “die Araba”. Hierdie woord verwys elders na die dor vlakte suid van die Dooie See; vgl Deut 1:1; 2:8; 4:49.

12

Slegs een plek van aanbidding

¹ “Hier volg die vaste voorskrifte en beslissings wat julle nougeset moet nakom in die land wat die HERE, die God van jou voorouers, vir jou gegee het om as erfenis te besit solank as wat julle op die grond leef. ² *Al die aanbiddingsplekke op die hoë berge, op die heuwels en onder elke skaduryke boom, waar die nasies vir wie julle gaan verdryf hulle gode dien, moet julle heeltemal vernietig. ³ Julle moet hulle altare afbreek, hulle gedenkstene^s stukkend slaan, hulle asjeras^t verbrand en die beelde van hulle gode^u stukkend kap. Julle moet hulle naam uit daardie plek uitroei. ⁴ *Julle mag die HERE julle God nie op so 'n manier dien nie. ⁵ *Slegs by die plek wat die HERE julle God uit al julle stamme sal kies om sy Naam daar te vestig^v as sy woonplek, mag julle na sy wil vra; daarheen moet jy gaan. ⁶ Daarheen moet julle julle brandoffers,

*12:1 Deut 5:1; 6:1; 11:32

*12:2-3 Eks 34:13; Num 33:52; Deut 7:5; 1 Kon 14:23; 2 Kon 16:4

^s12:3 **gedenkstene:** Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk.

^t12:3 **asjeras:** Voorwerpe wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

^u12:3 **beelde ... gode:** Die beelde was gewoonlik uit hout gesny en met goudfoelie oorgetrek.

*12:4 Eks 23:24; Deut 12:31; Jos 23:7

*12:5-14 Deut 12:18; 14:23,26; 15:20; 16:11; Joh 4:20

^v12:5 **sy Naam ... vestig:** Die Naam van die HERE beteken hier sy teenwoordigheid.

maaltydoffers,^w tiendes en wydingsgeskenke^x, julle gelofte-offers en vrywillige gawes, en die eersgeborenes van julle beeste en kleinvee neem. ⁷ Daar, in die teenwoordigheid van die HERE julle God, moet julle eet. Julle moet bly wees, julle en julle huisgesinne, oor alles waaraan julle die hand kon waag en waarmee die HERE jou God jou geseën het. ⁸ * Julle moenie daar maak soos ons nou hier maak nie — elkeen na goeddunke. ⁹ Want julle het nou nog nie by die rusplek en erfenis aangekom wat die HERE jou God vir jou gaan gee nie. ¹⁰ Maar wanneer julle die Jordaan oorgesteek het, en in die land woon wat die HERE julle God vir julle as erfenis gaan gee, en Hy vir julle rus gee van al julle vyande in die omtrek, en julle veilig woon, ¹¹ dan moet dit gebeur op die plek wat die HERE julle God kies om daar sy Naam te vestig. Daarheen moet julle gaan met alles wat ek julle beveel: julle brandoffers en maaltydoffers, julle tiendes en wydingsgeskenke, asook al julle besondere gelofte-offers wat julle aan die HERE beloof. ¹² * Julle moet vol vreugde wees in die teenwoordigheid van die HERE julle God, julle en julle seuns en dogters, julle slawe en slavinne, en die Leviëte wat in julle dorpe is omdat hulle geen aandeel of erfenis^y saam met julle

^w**12:6 maaltydoffers:** Diereoffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet.

^x**12:6 wydingsgeskenk:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

* **12:8** Rig 17:6

* **12:12** Deut 12:7,18; 26:11

^y**12:12 aandeel of erfenis:** Dit verwys na 'n aandeel in die gesamentlike besit van grond waarop 'n familie of groep aanspraak maak; vgl Deut 10:9.

het nie. ¹³ Wees versigtig dat jy nie jou brandoffers sommer op enige plek wat jy sien, bring nie. ¹⁴ Slegs op die plek wat die HERE kies by een van jou stamme, daar moet jy jou brandoffers bring en daar moet jy alles doen wat ek jou beveel. ¹⁵ *Jy mag wel slag soveel as waarvoor jy lus het, en vleis eet volgens die mate waarin die HERE jou God jou geseën het in al jou dorpe. •Onrein en rein persone mag dit eet, soos in die geval van 'n gasel en 'n rooitakbok. ¹⁶ Net die bloed mag julle nie eet nie. Op die grond moet julle dit laat uitloop soos water.

¹⁷ “*Jy word nie toegelaat om in jou dorpe die tiendes van jou koring te geniet nie, ook nie van jou nuwe wyn en olyfolie, die eersgeborenes van jou beeste en kleinvee, enige gelofteoffer wat jy aan die HERE beloop het, of jou vrywillige gawes en wydingsgeskenke nie. ¹⁸ Slegs in die teenwoordigheid van die HERE jou God, op die plek wat Hy kies, mag jy dit eet — jy, jou seuns en dogters, jou slawe en slavinne en die Leviëte wat in jou dorpe is. Jy moet vol vreugde wees voor die HERE jou God oor alles waaraan jy jou hand gewaag het. ¹⁹ Let daarop dat jy nie die Leviëte in die steek laat solank as wat jy op jou grond is nie.

²⁰ “*Wanneer die HERE jou God jou gebied uitbrei soos Hy jou beloop het, en jy dink, ‘Ek sal graag vleis wil eet,’ omdat jy daarvoor lus het, dan mag jy maar soveel vleis eet as wat jy begeer. ²¹ As die plek wat die HERE jou God kies om sy Naam daar te vestig, te ver van jou af is, dan mag jy, soos ek jou beveel het, van die beeste en kleinvee slag wat die HERE vir jou gegee het. Jy mag in jou dorpe eet soveel as wat jou hart begeer. ²² Jy moet dit egter eet soos wat 'n gasel of rooitakbok geëet word. Onrein en rein persone mag dit saam eet. ²³ Wees net daarop bedag om glad nie die bloed te eet nie, want die bloed is die lewe en jy

*12:15-16 Lev 3:17; Deut 15:22-23; Hand 15:20

*12:17-19 Deut 14:22-27

*12:20-27 Deut 15:22; 19:8

mag nie die lewe saam met die vleis eet nie. ²⁴ Jy mag dit nie eet nie; jy moet dit op die grond laat uitloop soos water. ²⁵ Jy mag dit nie eet nie, sodat dit met jou goed kan gaan en met jou kinders ná jou; want jy doen dan wat reg is in die oë van die HERE. ²⁶ Die •heilige gawes wat jy het en jou gelofteoffers moet jy egter neem en net na die plek wat die HERE sal kies, gaan. ²⁷ Jy moet jou brandoffers, die vleis en die bloed, op die altaar van die HERE jou God offer. Die bloed van jou maaltydoffers moet teen die altaar van die HERE jou God uitgegooi word, maar die vleis mag jy eet.

²⁸ “*Jy moet al hierdie woorde wat ek jou opdra, nougeset gehoorsaam, sodat dit vir altyd goed sal gaan met jou en jou kinders ná jou, want dan doen jy wat goed en reg is in die oë van die HERE jou God.

²⁹ “*Wanneer die HERE jou God die nasies uitroei waarheen jy nou op pad is om hulle voor jou uit te dryf, sal jy, nadat jy hulle verdryf het, in hulle land woon. ³⁰ Wees versigtig dat jy, nadat hulle voor jou uitgedelg is, nie in dieselfde strik trap as hulle en dat jy nie oor hulle gode navraag doen nie deur te sê, ‘Hoe dien hierdie nasies hulle gode? Ek wil ook so offer.’ ³¹ Jy mag nie so offer vir die HERE jou God nie, want alles wat vir die HERE afstootlik is, waarin Hy 'n weersin het, offer hulle vir hulle gode. Ja, hulle verbrand selfs hulle seuns en dogters vir hulle gode.

³² “*“Alles wat ek julle beveel, dit moet julle nougeset nakom. Jy mag daar niks byvoeg en niks daarvan weglaat nie.”

*12:28 Deut 4:40; 6:18

*12:29-31 Lev 18:3,21,26; Deut 7:16; 19:1

*12:32 Deut 4:2; Op 22:18-19

13

Optrede teen vals profete

¹ “*Wanneer 'n profete of iemand wat drome droom^z by jou opstaan en vir jou 'n teken of wonder voorspel, ² en die teken of wonder waaroor hy met jou gepraat het, gebeur en hy dan sê, ‘Ons moet ander gode volg wat jy nie ken nie en hulle dien,’ ³ *dan mag jy nie na die woorde van daardie profete of die een wat die droom gedroom het, luister nie; want die HERE julle God toets julle om te sien of julle met julle hele hart en julle hele wese die HERE julle God liefhet. ⁴ Julle moet die HERE julle God volg, vir Hom moet julle ontsag hê en sy gebooe nakom. Na sy stem moet julle luister, en Hom moet julle dien, en aan Hom moet julle vashou. ⁵ Daardie profete, of die een wat drome droom, moet doodgemaak word; want hy het wat vals is, verkondig oor die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei het en julle vrygekoop het uit die plek van slawerny. Dit is net om jou weg te lok van die pad wat die HERE jou God jou beveel het om te volg. Jy moet die kwaad by jou uitroei.

⁶ “*Wanneer jou eie broer,^a of jou seun of dogter, of jou geliefde vrou, of jou boesemvriend^b jou in die geheim aanhits en sê, ‘Kom ons gaan dien ander gode’ — dit is nou gode wat jy self of jou voorouers nie geken het nie, ⁷ van die gode van die volke om julle, of hulle nou naby

***13:1-5** Deut 8:2; 17:7; 18:20-22; Sag 13:3; Matt 24:24; 1 Kor 5:13; Op 13:14

^z**13:1 iemand ... droom:** Dit is 'n persoon wat voorgee dat hy in drome boodskappe van God ontvang.

***13:3** 1 Kor 11:19

***13:6-10** Lev 20:2,27; Deut 17:2-5; Matt 10:37

^a**13:6 eie broer:** Die bronteks lui: “jou broer, die seun van jou ma”.

^b**13:6 boesemvriend:** Die bronteks lui: “jou vriend wat soos jou lewensasem is”.

jou is of ver van jou af, van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde — ⁸ dan mag jy nie aan hom toegee en na hom luister nie. Jy mag hom nie jammer kry of jou oor hom ontferm of hom wegsteek nie. ⁹ Nee, jy moet hom beslis om die lewe bring. Jou hand moet die eerste wees om hom dood te maak,^c en daarna die hand van die hele volk. ¹⁰ Jy moet hom stenig, sodat hy sterf, want hy het probeer om jou van die HERE jou God af weg te lok, van Hom wat jou uit Egipteland, uit die plek van slawerny, uitgelei het. ¹¹ *Die hele Israel sal dit hoor en bang wees. Hulle sal nie weer hierdie verkeerde daad by jou doen nie.

¹² *¹²“Wanneer jy in een van die dorpe wat die HERE jou God vir jou gaan gee om in te woon, hoor dat daar gesê word, ¹³ ‘Booswigte by jou het na vore getree en die inwoners van hulle dorp weggelok met die woorde: “Kom ons gaan dien ander gode” ’ — dit is nou gode wat julle nie geken het nie — ¹⁴ dan moet jy op die saak ingaan. Jy moet ondersoek instel en noukeurig navraag doen. As dit wel waar is, as die saak vasstaan dat daar iets so afstootliks by jou gebeur het, ¹⁵ moet jy beslis die inwoners van daardie dorp tref met die skerpte van die swaard. Jy moet die dorp, almal wat daarin is, ook die vee, deur die skerpte van die swaard met die banvloek tref.^d ¹⁶ Alles wat in die dorp buitgemaak is, moet jy in die middel van die dorpsplein bymekaarbring. Dan moet jy die dorp en alles wat buitgemaak is, as 'n volledige offer

^c**13:9 Jou ... maak:** Die persoon moet die eerste klip gooi met die steniging.

***13:11** Deut 17:13; 19:20; 21:21; 1 Tim 5:20

***13:12-18** Deut 7:2-4; 17:4; Jos 6:24; 7:26; 8:28; Jer 49:2

^d**13:15 banvloek tref:** Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word heeltemal vernietig, soos in hierdie geval; vgl Num 18:14; •Banvloek.

aan die HERE jou God verbrand. Dit moet vir altyd 'n puinhoop wees; dit mag nie weer herbou word nie. ¹⁷ Daar mag niks van die bangoed in jou hande agterbly nie, sodat die HERE se gloeiende toorn kan bedaar en Hy aan jou barmhartigheid kan bewys. Hy sal Hom oor jou ontferm en jou laat vermeerder, soos Hy aan jou voorvaders met 'n eed beloof het, ¹⁸ * as jy na die stem van die HERE jou God luister deur al sy gebooie wat ek vandag vir jou voorskryf, na te kom, deur te doen wat reg is in die oë van die HERE jou God.”

14

Rein en onrein

¹ “* Julle is kinders van die HERE julle God. Julle mag nie julleself stukkend sny of 'n kaal plek op julle voorkoppe maak ter wille van 'n afgestorwene nie; ² want jy is vir die HERE jou God 'n heilige volk, en jou het die HERE uitgekies om as volk sy persoonlike eiendom^e te wees onder al die volke op aarde.

³ “* Jy mag nie enigiets afstootliks eet nie. ⁴ Dit is die diere wat julle mag eet: beeste, skape en bokke; ⁵ rooitakbokke, gaselle, hartbeeste, klipbokke, waterbokke, witgembokke^f en bergskape. ⁶ Enige dier wat volledig gesplete hoewe het en wat ook herkou, dié mag julle eet. ⁷ Maar die volgende onder die diere wat herkou en gesplete hoewe het, mag julle nie eet nie: die kameel, die haas en die dassie; want hulle

*13:18 Deut 6:18

*14:1-2 Lev 19:27-28; Deut 1:31; Jer 16:6; Rom 9:4; Tit 2:14; 1 Pet 2:9

^e14:2 **persoonlike eiendom:** Die •bronteks lui: “volk van eiendom” wat privaat besit aandui.

*14:3-21 Lev 11:1-47

^f14:5 **witgembokke:** Dit is onseker wat die Hebreeuse woord beteken. Dit verwys waarskynlik na 'n wit bok met sabelvormige horings.

herkou, maar het nie gesplete hoewe nie. Hulle is •onrein vir julle. ⁸ En ook nie die vark nie; want hy het gesplete hoewe, maar herkou nie. Hy is onrein vir julle. Van hulle vleis mag julle nie eet nie en aan hulle karkasse mag julle nie raak nie.

⁹ “Dit is wat julle mag eet van alles wat in die water is: Alles wat vinne en skubbe het, mag julle eet; ¹⁰ maar enigiets waaraan daar nie vinne en skubbe is nie, mag julle nie eet nie. Dit is onrein vir julle.

¹¹ “Julle mag enige rein voël eet; ¹² maar dit is die voëls wat julle nie mag eet nie:

gewone arende, breëkop-arende en swartaasvoëls;

¹³ edelvalke, valke en die verskillende soorte jakkalsvoëls;

¹⁴ alle soorte kraaie;

¹⁵ steenuile, ooruile, seemeue en die verskillende kleinvalkies;

¹⁶ naguiltjies, grasuile en nonnetjiesuile;

¹⁷ bontkraaie;

Egiptiese aasvoëls en visarende,

¹⁸ ooievaars en die verskillende reiersoorte;

hoep-hoepe en vlermuise.

¹⁹ Alle vlieënde insekte is onrein vir julle; dit mag nie geëet word nie.

²⁰ Alle rein vlieënde voëls mag julle wel eet.

²¹ “Julle mag geen karkas eet nie. Vir vreemdelinge⁸ in jou dorpe kan jy dit gee, hulle mag dit eet; of jy kan dit verkoop aan buitelanders. Jy is immers 'n heilige volk vir die HERE jou God.

“Jy mag nie 'n bokkie kook in sy ma se melk nie.”

⁸**14:21 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

Tiendes

²² “* Jy moet jaar ná jaar presies een tiende van die volle opbrengs saad wat jou saailande oplewer, eenkant hou. ²³ Jy moet 'n tiende van jou koring, nuwe wyn en olyfolie, sowel as die eersgeborenes van jou beeste en kleinvee, in die teenwoordigheid van die HERE jou God eet op die plek wat Hy sal kies om sy Naam daar te vestig,^h sodat jy kan leer om altyd ontsag te hê vir die HERE jou God.

²⁴ “* Maar as die afstand vir jou te groot is, as jy dit nie kan dra nie, omdat die HERE jou God jou geseën het en omdat die plek wat die HERE jou God gaan kies om sy Naam daar te vestig, te ver van jou af is, ²⁵ moet jy dit in silwer omsit en met die silwer toegebind in 'n sak, na die plek gaan wat die HERE jou God sal kies. ²⁶ Betaal dan met die silwer vir alles wat jou hart begeer, vir beeste en kleinvee, vir wyn en sterk drank, ja vir alles waarvoor jy lus het, en eet dit daar voor die HERE jou God, en wees bly, jy en jou huisgesin.

²⁷ “Die Leviete wat in jou dorpe is, mag jy nie vergeet nie, want hulle het geen aandeel of erfenisⁱ saam met jou nie. ²⁸ * Aan die einde van drie jaar moet jy van daardie jaar se opbrengs die volle tiende bring en dit in die dorpspoorte neersit.^j ²⁹ Omdat die Leviete geen aandeel of erfenis saam met jou het nie, kan hulle sowel as die vreemdelinge, die

*14:22-27 Num 18:21; Deut 12:17-19

^h14:23 sy Naam ... vestig: Die Naam van die HERE beteken hier sy teenwoordigheid.

*14:24 Deut 12:5,19,21

ⁱ14:27 aandeel of erfenis: Dit verwys na 'n aandeel in die gesamentlike besit van grond waarop 'n familie of groep aanspraak maak.

*14:28-29 Num 18:21; Deut 26:12-13; Ps 22:27; Luk 14:13

^j14:28 in ... neersit: Dit word ook vertaal: “in jou dorpe opgaar”; vgl Deut 24:17-21.

vaderloses^k en weduwees in jou dorpe, dan kom en eet en versadig raak, sodat die HERE jou God jou kan seën in alles wat jy aanpak.”

15

Kwytskelding van skuld en hulp aan armes

¹ “Aan die einde van die sewende jaar moet jy 'n kwytskelding toestaan. ² En dit is hoe die saak van kwytskelding moet verloop: Elke skuldeiser moet dit wat hy aan sy naaste geleen het, kwytskeld. Hy mag nie druk uitoefen op sy naaste, sy volksgenoot^l nie, want 'n kwytskelding van die HERE is afgekondig. ³ Op 'n buitelanders mag jy druk uitoefen, maar wat jou volksgenoot skuld, moet jy kwytskeld. ⁴ Daar behoort egter nie behoeftiges by jou te wees nie, want die HERE sal jou ryklik seën in die land wat die HERE jou God vir jou as erfdeel gaan gee om in besit te neem; ⁵ maar slegs as jy aandagtig luister na die stem van die HERE jou God deur hierdie hele gebod wat ek vandag vir jou voorskryf, nougeset na te kom.

⁶ “Wanneer die HERE jou God jou seën soos Hy jou beloof het, sal jy aan baie nasies uitleen, maar self sal jy nie leen nie. Jy sal oor baie nasies heers, maar oor jou sal hulle nie heers nie.

⁷ “As daar tog in jou land, wat die HERE jou God aan jou gaan gee, in een van jou dorpe 'n behoeftige persoon is, een van jou volksgenote, dan moet jy nie jou hart verhard nie en nie jou hand toehou vir jou

^k**14:29 vaderloses:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal: “weeskinders”.

^{*}**15:1-11** Lev 25:8-38; Deut 28:12

^l**15:2 sy volksgenoot:** Kan ook vertaal word as: “broer” of “familielid”.

^{*}**15:4-5** Deut 28:1-8

^{*}**15:6** Deut 28:12-13,44

^{*}**15:7-8** Lev 25:35; Matt 5:42; 1 Joh 3:17

behoefteige volksgenoot nie. ⁸ Nee, jy moet jou hand vir hom wyd oopmaak en aan hom leen sonder voorbehoud, soveel as wat hy nodig het, wat ook al sy behoefte is.

⁹ * “Wees versigtig dat daar nie in jou hart die slinkse gedagte opkom om te dink, ‘Die sewende jaar, die jaar van kwytskelding kom nader’ nie, en jy dan jou oë sluit vir jou behoefteige volksgenoot^m en jy nie vir hom iets gee nie. Hy sal hom op die HERE beroep teen jou, en dan staan jy skuldig. ¹⁰ Gee milddadig aan hom; en wanneer jy vir hom gee, moet dit nie met 'n teensinnige hart wees nie. Om hierdie rede sal die HERE jou God jou immers seën in al jou werk, in alles waaraan jy jou hand waag. ¹¹ * Ja, behoefteiges sal nie uit die land verdwyn nie. Daarom beveel ek jou: Maak jou hand wyd oop vir jou volksgenoot, vir die magtelose en die behoefteige in jou land.”

Vrystelling van Hebreuse skuldslawe

¹² * “Wanneer jou volksgenoot, 'n Hebreuseⁿ man of vrou, hom aan jou verkoop,^o moet hy jou ses jaar lank dien en in die sewende jaar moet jy hom as 'n vry man van jou af laat weggaan. ¹³ * Wanneer jy hom dan as 'n vry man van jou af wegstuur, moet jy hom nie met leë hande laat gaan nie. ¹⁴ Jy moet vir hom ruim voorsien uit jou kleinvee, van jou

* **15:9-11** Eks 22:23; Deut 14:29; 24:15

^m**15:9** **jou oë ... volksgenoot:** Die •bronteks lui: “jou oog sleg is met jou behoefteige broer”.

* **15:11** Matt 25:41-42; 26:11; Mark 14:7; Joh 12:8

* **15:12-18** Lev 25:35-43; Joh 8:35

ⁿ**15:12 Hebreuse:** Dit dui in hierdie geval 'n etniese groep aan wat op een of ander wyse aan die Israëliete verbonde was.

^o**15:12** **hom ... verkoop:** Wanneer iemand nie sy skuld kon betaal nie, het hy hom as skuldslaf aan die skuldeiser verkoop.

* **15:13-15** Eks 21:3-4

dorsvloer en van jou wynpers. Van alles waarmee die HERE jou God jou geseën het, moet jy vir hom gee. ¹⁵ Onthou dat jy 'n slaaf was in Egipteland en dat die HERE jou God jou vrygekoop het; daarom gee ek jou vandag hierdie opdrag.

¹⁶ “*As dit egter sou gebeur dat die skuldslaaf,^p omdat hy jou en jou huisgesin liefhet en omdat dit vir hom goed was by jou, vir jou sê, ‘Ek wil nie van jou af weggaan nie,’ ¹⁷ moet jy 'n els vat en dit deur sy oorlel en in die deur steek. Dan is hy vir altyd jou slaaf. Doen dieselfde met jou slavin.

¹⁸ “Jy moet dit nie as 'n swarigheid beskou wanneer jy hom as 'n vry man van jou af laat weggaan nie, want in die ses jaar wat hy jou gedien het, was hy vir jou twee maal soveel werd as 'n huurling. Die HERE jou God sal jou seën in alles wat jy doen.”

Eerstelinge van diere

¹⁹ * “Elke manlike eersteling wat onder jou beeste en kleinvee gebore word, moet jy aan die HERE jou God wy. Jy mag nie met die eerstelinge van jou beeste werk verrig of die eerstelinge van jou kleinvee skeer nie. ²⁰ In die teenwoordigheid van die HERE jou God moet jy hulle elke jaar gaan eet op die plek wat die HERE sal kies, jy en jou huisgesin. ²¹ Maar as 'n dier 'n gebrek het, mank of blind is of enige ander ernstige gebrek het, mag jy dit nie aan die HERE jou God offer nie. ²² In jou dorpe mag jy dit eet; •onrein en rein persone mag dit eet, soos in die geval van 'n gasel en 'n rooitakbok. ²³ Slegs die bloed mag jy nie eet nie. Op die grond moet jy dit soos water laat uitloop.”

* **15:16-17** Eks 21:5-6

^p**15:16 skuldslaaf:** Die bronteks lui: “hy”.

* **15:19-23** Eks 13:2,12; Lev 17:10; 22:19-20; Deut 12:15-16

Jaarlikse pelgrimsfeeste

¹ “*Hou by die voorskrif vir^q die maand Abib^r en vier die Pasga^s vir die HERE jou God, want in die maand Abib het die HERE jou God jou in die nag uit Egipte uitgelei. ² Jy moet vir die HERE jou God die Pasgaoffer, kleinvee of beeste, slag op die plek wat die HERE sal kies om sy Naam daar te vestig.^t ³ *Jy mag nie brood met suurdeeg daarmee saam eet nie. Vir sewe dae moet jy ongesuurde brood^u eet, brood van verdrukking, omdat jy inderhaas uit Egipteland vertrek het, sodat jy daardie dag toe jy uit Egipteland vertrek het, jou hele lewe lank kan onthou. ⁴ Daar mag vir sewe dae nie ingesuurde deeg in jou hele gebied te sien wees nie. Daar mag ook nie van die vleis wat jy die eerste aand geslag het, tot die môre oorbly nie. ⁵ *Jy word nie toegelaat om die Pasgaoffer te slag in een van die dorpe wat die HERE jou God vir jou gaan gee nie, ⁶ behalwe

*16:1-8 Eks 12:1-27; Lev 23:5-8; Num 28:16-25; Luk 2:41

^q16:1 by ... vir: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^r16:1 Abib: Dit is die ouer naam vir die maand Nisan, in die lente; •Maande.

^s16:1 Pasga: Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

^t16:2 sy Naam ... vestig: Die Naam van die HERE beteken hier sy teenwoordigheid.

*16:3 1 Kor 5:7

^u16:3 ongesuurde brood: Die Fees van die Ongesuurde Brood het begin met die •Pasga en sewe dae lank aangehou van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is. In daardie sewe dae moes die Israëliete brood eet wat nie suurdeeg in het nie; •Feeste.

*16:5-7 Deut 12:5-7

op die plek wat die HERE jou God sal kies om sy Naam daar te vestig. Slag die Pasgaoffer die aand teen sonder, op dieselfde tyd as wat jy uit Egipte vertrek het. ⁷ Jy moet dit kook en eet op die plek wat die HERE jou God sal kies. Die volgende môre kan jy na jou woonplekke^v terugkeer. ⁸ Vir ses dae moet jy ongesuurde brood eet. Op die sewende dag is daar 'n gewyde rusdag ter ere van die HERE jou God. Jy mag dan geen werk doen nie.

⁹ “* Sewe weke moet jy aftel. Vandat 'n sekel in die staande graan kom, moet jy sewe weke begin aftel. ¹⁰ Daarna vier jy die Fees van die Weke^w ter ere van die HERE jou God, met soveel as wat jy vrywillig gee, in die mate wat die HERE jou God jou seën. ¹¹ Jy moet bly wees voor die HERE jou God — jy, jou seuns en dogters, jou slawe en slavinne, die Leviëte in jou dorpe, die vreemdelinge^x en die vaderloses^y en weduwees by jou — op die plek wat die HERE jou God sal kies om sy Naam daar te vestig. ¹² * Jy moet onthou dat jy 'n slaaf was in Egipte. Kom dan hierdie vaste voorskrifte nougeset na.

^v**16:7 woonplekke:** Die bronteks lui: “tente”.

***16:9-11** Eks 23:16; 34:22; Lev 23:15-22; Num 28:26-31; Hand 2:1; 1 Kor 10:8

^w**16:10 Fees ... Weke:** Ook genoem Pinksterfees, is gevier sewe weke ná die begin van die graanoes, die dag waarop die eerste gerf gars gesny is wat voor die HERE aangebied moes word; Lev 23:9-13. Dit het gewoonlik gebeur teen •Pasga, sodat die Fees van die Weke sewe weke (vyftig dae) ná Pasga gevier is; •Feeste.

^x**16:11 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliëte gekry het, het beskerming geniet.

^y**16:11 vaderloses:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal: “weeskinders”.

***16:12** Deut 5:15

¹³ *¹³“Die Huttefees^z moet jy vir sewe dae vier wanneer jy die opbrengs van die dorsvloer en wynpers ingesamel het. ¹⁴ Jy moet vol vreugde wees tydens jou fees — jy, jou seuns en dogters, jou slawe en slavinne, die Leviëte, die vreemdelinge en die vaderloses en weduwees in jou dorpe. ¹⁵ Sewe dae lank moet jy fees vier ter ere van die HERE jou God op die plek wat die HERE sal kies; want die HERE jou God sal jou seën in jou hele oes en al die werk van jou hande, sodat jy net blydschap kan ervaar.

¹⁶ “Drie keer per jaar moet al die manlike persone by jou voor die HERE jou God verskyn op die plek wat Hy sal kies: tydens die Fees van Ongesuurde Brood,^a tydens die Fees van die Weke en tydens die Huttefees. Hulle mag nie met leë hande voor die HERE verskyn nie. ¹⁷ Elkeen moet kom met 'n eie geskenk, volgens die mate waarin die HERE jou God jou geseën het.”

Regters en regsake

¹⁸ *¹⁸“Jy moet in verhouding tot jou stamme vir jou regters en regsbeamptes aanstel in al die dorpe wat die HERE jou God jou gaan gee. Hulle moet oor die volk regspraak met regverdige beslissings. ¹⁹ Jy mag nie die reg verdraai nie, jy mag nie partydig wees nie en jy mag nie omkoopgeskenke aanvaar nie; want 'n omkoopgeskenk verblind die oë van wyses en verdraai die woorde van regverdiges. ²⁰ Geregtigheid, ja, geregtigheid moet jy nastreef, sodat jy kan leef en die land in besit kan neem wat die HERE jou God vir jou gaan gee.”

***16:13-17** Eks 23:15-17; 34:23; Lev 23:33-43; Num 29:12-39

^z**16:13 Huttefees:** Ook genoem die Fees van die Insameling, 'n sewedaagse oesfees wat in die sewende maand op 15-22 •Tisri (of •Etanim), gevier is; •Feeste.

^a**16:16 Fees ... Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Abib; •Feeste.

***16:18-20** Eks 23:2-9; Deut 1:16-17

Verbod om vrugbaarheidsgode te dien

²¹ “^{b*}Jy mag nie vir jou 'n asjera,^c enige stuk hout, plant langs die altaar van die HERE jou God wat jy vir jouself maak nie. ²² Jy mag nie vir jou 'n gedenksteen^d waarin die HERE jou God 'n weersin het, oprig nie.

17

¹ “*Jy mag nie vir die HERE jou God 'n bul of 'n stuk kleinvee offer waaraan daar 'n gebrek is nie — enigiets ernstigs — want dit is afstootlik vir die HERE jou God.

² “*As daar by jou, in een van die dorpe wat die HERE jou God vir jou gaan gee, 'n man of vrou betrap word wat doen wat verkeerd is in die oë van die HERE jou God, deurdat die persoon sy verbond oortree ³ en ander gode gaan dien en voor hulle in aanbidding buig — voor die son of die maan of enige van die hemelligame, iets wat die HERE^e nie beveel het nie — ⁴ en dit word aan jou oorvertel of jy kom dit te hore, dan moet jy deeglik op die saak ingaan. As dit inderdaad waar is en dit staan vas dat so iets afstootliks in Israel gedoen is, ⁵ dan moet jy daardie man of vrou wat die verkeerde daad gedoen het, uitbring na die

^b16:21 Die vers kan ook vertaal word: “Jy mag nie vir jou 'n asjera, enige boom, plant langs die altaar van die HERE jou God wat jy vir jouself maak nie.”

*16:21-22 Eks 34:13; Lev 26:1; Deut 7:1-5; 12:3; 1 Kon 14:15; 2 Kon 17:16

^c16:21 asjera: 'n Voorwerp wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

^d16:22 gedenksteen: 'n Regopstaande klip wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning herdenk.

*17:1 Lev 22:19-21; Deut 15:21; Mal 1:8

*17:2-5 Eks 22:20; Deut 13:6-15; Jos 23:16

^e17:3 die HERE: Die •bronteks lui: “Ek”.

dorpspoort — man of vrou. Jy moet hulle stenig, sodat hulle sterf. ^{6*} Op grond van die verklaring van twee of drie getuies moet die veroordeelde tereggestel word. Hy mag nie tereggestel word op grond van die verklaring van net een getuie nie. ⁷ Die getuies se hand moet die eerste wees om hom dood te maak,^f en daarna die hand van die hele volk. Jy moet die kwaad by jou uitroei.”

Beslissings in moeilike regsake

^{8*}“Wanneer 'n saak vir jou te moeilik is om te beoordeel, soos bloedwraak, eise en teeneise, geweldpleging deur vergelding en regsgekkille in julle poorte, moet jy gereedmaak en opgaan na die plek wat die HERE jou God sal kies. ⁹ Jy moet na die Levitiese priesters en die regter gaan wat in daardie tyd daar sal wees, en hulle raadpleeg. Hulle sal aan jou die uitspraak oor die regsak bekend maak. ¹⁰ Jy moet optree volgens die uitspraak wat hulle aan jou bekend maak op daardie plek wat die HERE sal kies. Jy moet nougeset handel volgens alles wat hulle jou leer. ¹¹ Presies volgens die uitleg wat hulle vir jou gee en die beslissing wat hulle jou meedeel, moet jy optree. Jy mag van die uitspraak wat hulle aan jou bekend maak, nie links of regs afwyk nie.

¹²“Die man wat verwaand optree, en nie die priester wat daar in diens van die HERE jou God staan of die regter gehoorsaam nie, daardie man moet sterf. Jy moet die kwaad in Israel uitroei. ¹³ Die hele volk sal dit hoor en ontsag hê en nie weer verwaand wees nie.”

*17:6-7 Num 35:30; Joh 8:7; Hand 7:57-58; 1 Kor 5:13; 2 Kor 13:1; 1 Tim 5:19; Heb 10:28

^f17:7 getuies ... maak: Dié persone moet die eerste klippe gooi met die steniging.

*17:8-13 Deut 19:17; 21:5; 2 Kron 19:8,10; Eseg 44:24; Mal 2:7

Verkiesing en pligte van die koning

¹⁴ * “Wanneer jy in die land aankom wat die HERE jou God vir jou gaan gee, en dit in besit neem en jou daarin vestig en sê, ‘Ek, Israel,⁸ wil 'n koning oor my aanstel soos al die nasies wat om my is,’¹⁵ dan moet jy beslis 'n koning oor jou aanstel wat die HERE jou God kies. Uit jou volksgenote moet jy 'n koning oor jou aanstel. Dit is ontoelaatbaar om 'n vreemde persoon wat nie jou volksgenoot is nie, oor jou aan te wys.¹⁶ Hy mag net nie baie perde aanskaf nie en hy mag ook nie die volk na Egipte laat terugkeer met die doel om meer perde aan te skaf nie. Die HERE self het vir julle gesê, ‘Julle mag nooit weer op hierdie pad teruggaan nie.’

¹⁷ “Die koning^h mag ook nie vir hom baie vroue aanskaf nie, sodat sy hart nie van die HEREⁱ afwyk nie. Van silwer en goud mag hy ook nie te veel aanskaf nie.

¹⁸ * “Wanneer hy op sy koninklike troon sit, moet hy van hierdie wet, wat in besit van die Levitiese priesters is, vir hom 'n afskrif skryf in 'n •boekrol.¹⁹ Hy moet dit by hom hou en hy moet sy lewe lank daaruit lees sodat hy kan leer om vir die HERE sy God ontsag te hê, om al die woorde van hierdie wet te onderhou, hierdie voorskrifte na te kom,²⁰ homself nie hoër te ag as sy volksgenote nie, en nie links of regs af te wyk van die gebod nie. Dan sal hy 'n lang tyd oor sy koninkryk in Israel heers, hy en ook sy nageslag.”

* **17:14-20** 1 Sam 8:4-22; 1 Kon 10:26,28

⁸**17:14 Israel:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^h**17:17 Die koning:** Die bronteks lui: “hy”.

ⁱ**17:17 van die HERE:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **17:18-20** Deut 5:32; 28:58; 31:9-13,24-26; 1 Kon 15:5; 2 Kon 23:1-3

Leviëte

¹ *^c* “Die Levitiese priesters, die hele stam van Levi, sal nie 'n aandeel of erfenis^j hê saam met Israel nie. Van die besondere gawes aan die HERE en van wat aan Hom behoort, moet hulle leef. ² Hulle sal geen erfdeel saam met hulle volkgenote ontvang nie. Die HERE is hulle erfdeel, soos Hy hulle beloof het. ³ Die priesters is geregtig op die volgende van die kant van die volk wanneer hulle offer, of dit nou 'n bees of kleinvee is: Hulle moet vir die priesters die blad, die twee wange en die maag gee. ⁴ Die eerste opbrengs van jou koring, jou nuwe wyn en jou olyfolie, asook die eerste skeersel van jou kleinvee moet jy vir hulle gee; ⁵ want Levi^k is deur die HERE jou God gekies uit al jou stamme, sodat hy altyd in die Naam van die HERE kan dien, hy en sy nageslag.

⁶ “Wanneer 'n Leviet uit een van jou dorpe waar hy tydelike verblyf het, uit enige deel van Israel, kom, en hy uit vrye wil gaan na die plek wat die HERE sal kies, ⁷ en hy daar in die Naam van die HERE sy God diens doen soos al sy stamgenote, die Leviëte wat daar voor die HERE dien, ⁸ dan moet hy 'n gelyke aandeel kry om van te leef, ongeag wat die verkoop van sy familiebesit opgelewer het.”¹

* **18:1-8** Lev 7:6-10,34; Num 18:8,12,20; Deut 10:9; 33:10-11; Heb 7:5-23

* **18:1-3** 1 Kor 9:13

^j **18:1 aandeel of erfenis:** Dit verwys na 'n aandeel in die gesamentlike besit van grond waarop 'n familie of groep aanspraak maak.

^k **18:5 Levi:** Die •bronteks lui: “hy”.

¹ **18:8 ongeag ... opgelewer het:** Dit is waarskynlik die bedoeling van die bronteks wat lui: “afgesien van wat sy verkope is met betrekking tot die voorouers”.

Waarsêers en profete

⁹ “*Wanneer jy in die land kom wat die HERE jou God vir jou gaan gee, moet jy nie die afstootlike gebruike van daardie nasies aanleer nie.

¹⁰ Daar mag nooit by jou iemand wees wat sy seun of dogter in die vuur offer,^m of wat voorspellings maak, voortekens lees, waarsêery beoefen, of 'n towenaar is nie, ¹¹ wat towerspreuke gebruik, waarsêer- of voorvadergeeste oproep, of dooies raadpleeg nie. ¹² Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE afstootlik. En dit is oor hierdie afstootlike dinge dat die HERE jou God hulle voor jou verdryf. ¹³ *Jy moet onberispelik wees voor die HERE jou God. ¹⁴ Ja, hierdie nasies wat jy gaan verdryf, luister na hulle wat voortekens lees en voorspellings maak; maar wat jou betref, die HERE jou God laat jou so iets nie toe nie.

¹⁵ *[“]n Profeet uit jou midde, iemand uit jou volksgenote soos ek, sal die HERE jou God vir jou laat opstaan;ⁿ na hom moet julle luister.^o ¹⁶ Dit is eintlik wat jy van die HERE jou God by Horeb op die dag van die byeenkoms gevra het, toe jy gesê het, ‘Ek kan nie langer na die stem van die HERE my God luister en ook nog na hierdie groot vuur bly kyk nie — ek wil nie sterf nie.’ ¹⁷ Die HERE het toe vir my gesê, ‘Wat hulle sê is goed, ¹⁸ Ek sal vir hulle uit hulle volksgenote 'n profeet soos jy laat opstaan, en Ek sal my woorde in sy mond lê. Hy sal vir hulle alles sê

***18:9-14** Lev 19:26-27,31; 20:27; Deut 12:31

^m**18:10 in ... offer:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “deur die vuur laat gaan”.

***18:13** Matt 5:48

***18:15-22** Deut 13:1-5; Jer 26:4-5; 28:9

ⁿ**18:15,18 'n Profeet ... opstaan:** Luk 24:27; Joh 1:45; 5:46; 6:14; 7:40; Hand 3:22; 7:37 verwys na Deut 18:15,18 as heenwysing na Jesus Christus.

^o**18:15 na hom ... luister:** In Matt 17:5; Mark 9:7 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

wat Ek hom beveel. ¹⁹ *En van die persoon wat nie luister na my woorde wat hy in my Naam sê nie, sal Ek self rekenskap eis. ²⁰ *Maar die profeet wat so vermetel is om 'n woord in my Naam te sê wat Ek hom nie beveel het om te sê nie, of wat in die naam van ander gode praat — daardie profeet moet sterf.'

²¹ “En as jy jouself sou afvra: Hoe sal ons weet watter woorde het die HERE nie gesê nie? ²² As dit wat 'n profeet in die Naam van die HERE sê, nie gebeur nie en daar kom niks van nie, dan is dit woorde wat die HERE nie gespreek het nie. In vermetelheid het die profeet dit gesê. Jy mag nie vir hom bang wees nie.”

19

Asielstede

(Num 35:9-28; Deut 4:41-43; 19:1-14; Jos 20:1-9)

¹ * “Wanneer die HERE jou God die nasies uitroei wie se land die HERE jou God vir jou gaan gee, en jy hulle verdryf en in hulle stede en huise gaan woon, ² dan moet jy drie stede afsonder binne die land wat die HERE jou God vir jou gaan gee om in besit te neem. ³ Bepaal die afstande en verdeel dan die grondgebied van jou land wat die HERE jou God vir jou as erfdeel gee in drie dele, sodat elkeen wat manslag gepleeg het, daarheen kan vlug.

⁴ “Die volgende reëling geld vir dié wat manslag gepleeg het en daarheen vlug om te bly leef: Dit moet iemand wees wat 'n medemens sonder voorbedagte rade doodgeslaan het. Hy moes nie voor die tyd 'n wrok teen hom gekoester het nie. ⁵ Iemand gaan byvoorbeeld saam met

*18:19 Eseg 3:19; Hand 3:23

*18:20-22 Deut 13:1-5; Jer 14:13-15

*19:1-13 Num 35:12,16,19,33; Deut 13:11,14; 21:9

sy vriend in die bos in om hout te kap, en wanneer hy sy arm swaai om die boom af te kap, glip die kop van die byl van die steel af en tref die ander man, sodat hy sterf. So iemand moet na een van hierdie stede kan vlug om te bly leef. ⁶ Anders sit die bloedwreker^p in sy woede die een agterna wat manslag gepleeg het, haal hom in, omdat die afstand te groot is, en slaan die persoon dood; en dit terwyl die persoon die dood nie verdien het nie. Hy het immers nie voorheen teen die ander een 'n wrok gekoester nie. ⁷ Dit is waarom ek jou beveel, 'Jy moet vir jou drie stede afsonder.' ”

⁸ “As die HERE jou God jou grondgebied uitbrei, soos Hy jou voorvaders met 'n eed beloof het — en Hy sal vir jou die hele land gee wat Hy beloof het om aan jou voorvaders te gee, ⁹ as jy hierdie hele gebod wat ek vandag vir jou voorskryf, nougeset nakom deur die HERE jou God lief te hê en altyd sy paaie te volg — dan moet jy by hierdie drie stede nog drie voeg. ¹⁰ *Dan sal daar nie onskuldige bloed vergiet word in die land wat die HERE jou God vir jou as erfdeel gaan gee nie, en daar sal nie bloedskuld op jou rus nie.

¹¹ “As iemand egter teen sy medemens 'n wrok koester, hom voorlê, hom oorval en hom so slaan dat hy sterf, en dan na een van hierdie stede vlug, ¹² moet die oudstes^q van sy stad hom daar laat haal en hom aan die bloedwreker oorgee. Hy moet sterf. ¹³ Jy mag hom nie jammer kry nie. Jy moet die stort van onskuldige bloed in Israel uitroei; dan sal dit met jou goed gaan.”

^p**19:6 bloedwreker:** Dit was die naaste manlike familielid se plig om iemand wat onskuldig doodgemaak is, se dood te wreek deur die moordenaar om die lewe te bring; vgl Num 35:12-27; •Bloedskuld.

^{*}**19:10** Jer 7:5-6

^q**19:12 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

Grondroef en vals getuienis

¹⁴ “Jy mag nie jou naaste se grens verskuif wat die voorgeslagte afgebaken het op jou erfenis wat jy gaan ontvang in die land wat die HERE jou God vir jou gaan gee om in besit te neem nie.

¹⁵ “Daar mag nie net een persoon as getuie optree teen iemand in verband met enige misstap, enige sonde of misdad wat hy begaan het nie. Slegs op gesag van twee of drie getuies sal 'n saak vasstaan.

¹⁶ “As 'n kwaadwillige getuie opstaan en 'n vals verklaring teen iemand aflê, ¹⁷ moet die twee wat die geskilpunt het, in die teenwoordigheid van die HERE gaan staan, voor die priesters en regters wat daar in dié tyd sal wees. ¹⁸ Die regters moet dan noukeurig ondersoek doen, en as dit blyk dat die getuie inderdaad 'n valse getuie is wat vals teen sy volksgenoot getuig het, ¹⁹ * dan moet julle met hom doen wat hy beplan het om aan sy volksgenoot te doen. Jy moet die kwaad by jou uitroei. ²⁰ Die ander moet dit hoor, sodat hulle bang word en nie weer so 'n verkeerde daad by jou doen nie. ²¹ Jy mag hom nie jammer kry nie. Dit is 'n lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand, 'n voet vir 'n voet.’”

20

Reëls vir oorlogvoering

¹ “Wanneer jy vir 'n geveg uittrek teen jou vyande, en jy sien perde en

***19:14-21** Deut 17:4-13; 27:17; Job 24:2; Hos 5:10

***19:15** Matt 18:16; Joh 8:17; 2 Kor 13:1; 1 Tim 5:19; Heb 10:28

***19:19** 1 Kor 5:13

†**19:21 'n lewe vir ... vir 'n voet:** Dit was 'n regsreël wat gegeld het vir dié wat moes regspraak. Die opgelegde vonnis moes ooreenstem met die oortreding; vgl Gen 9:6; Eks 21:23-25; Lev 24:19-20; Matt 5:38.

***20:1-9** Deut 1:30; 3:22; 24:5; 28:30; Jos 23:10; Rig 7:3

strydwaens en meer manskappe as jy, moet jy nie vir hulle bang wees nie, want die HERE jou God, wat jou uit Egipteland laat optrek het, is by jou. ² Wanneer julle nader beweeg vir die geveg, moet 'n priester na vore tree en die manskappe toespreek. ³ Hy moet vir hulle sê, ‘Luister Israel, julle gaan vandag betrokke raak in 'n geveg met julle vyande. Moenie lafhartig wees nie; moenie bang wees, haastig omspring of beangs raak oor hulle nie. ⁴ Dit is immers die HERE julle God wat saam met julle gaan om vir julle teen julle vyande te veg, om julle te laat wen.’

⁵ “Dan moet die gesagvoerders die manskappe toespreek, ‘Wie het 'n nuwe huis gebou en dit nog nie in gebruik geneem^s nie? Hy mag teruggaan na sy huis, anders sneuwel hy in die geveg en neem iemand anders dit in gebruik. ⁶ Wie het 'n wingerd geplant en nog nie self die eerste vrugte daarvan geniet nie?’* Hy mag teruggaan na sy huis, anders sneuwel hy in die geveg en geniet iemand anders daarvan. ⁷ Wie is aan 'n vrou verloof en het nog nie met haar getrou nie? Hy mag teruggaan na sy huis, anders sneuwel hy in die geveg en trou 'n ander man met haar.’

⁸ “Die gesagvoerders moet verder ook die manskappe toespreek en sê, ‘Wie bang en lafhartig is, laat hy teruggaan na sy huis sodat hy nie sy volksgenote se harte laat ineenkrimpt^t soos syne nie.’ ⁹ Wanneer die gesagvoerders dan die manskappe klaar toegesprek het, moet hulle aanvoerders van leërafdelings as hoofde oor die manskappe aanwys.

^s20:5 in ... geneem: Die Hebreeuse woord kan ook vertaal word as: “opgedra” of “toegewy”; vgl 1 Kon 8:63.

*20:6 self ... geniet nie: Lev 19:23-25

^t20:8 harte ... ineenkrimpt: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “harte laat smelt”.

¹⁰ “*Wanneer jy by 'n stad kom om daarteen oorlog te voer, moet jy vir die stad die vredesvoorwaardes uitroep.^u ¹¹ As die stad jou antwoord, ‘Vrede!’ en vir jou die poorte oopmaak, dan is al die mense in die stad tot jou beskikking vir dwangarbeid en moet hulle jou dien. ¹² As hulle egter nie met jou wil vrede maak nie, maar teen jou wil oorlog voer, dan moet jy die stad beleër. ¹³ Wanneer die HERE jou God dit in jou hand gee, moet jy al die manlike inwoners met die skerpte van die swaard neervervel. ¹⁴ Slegs die vroue en kinders, die diere en alles wat in die stad is, al die buit daarin, mag jy vir jouself vat. Jy mag eet wat buitgemaak is van jou vyande, wat die HERE jou God aan jou gee. ¹⁵ So moet jy maak met al die stede wat baie ver van jou af lê, wat nie deel is van die stede van hierdie nasies hier rond nie. ¹⁶ *Uit die stede van hierdie volke wat die HERE jou God vir jou as erfdeel gaan gee, mag jy egter niks wat asemhaal, laat leef nie; ¹⁷ maar jy moet hulle, soos die HERE jou God jou beveel het, volledig met die banvloek tref:^v die Hetiete, Amoriëte, Kanaäniete, Feresiete, Hewiëte en Jebusiete. ¹⁸ Julle moet dit doen,^w sodat hulle julle nie leer om al hulle afstootlike gebruike wat hulle vir hulle gode beoefen, na te doen en julle sodoende teen die HERE julle God sondig nie.

***20:10-15** Num 31:7; Deut 2:26; Jos 8:2; 22:8

^u**20:10 die stad ... uitroep:** Die aanvallers staan buite die stadsmuur en skreeu vir die stad se soldate op die stadsmuur; vgl 2 Kon 18:28-35.

***20:16-18** Eks 23:33; Deut 2:34; 3:6-7; 7:2,4; Rig 21:10; 1 Sam 15:3

^v**20:17 banvloek tref:** Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word heeltemal vernietig, soos in hierdie geval; vgl Num 18:14; •Banvloek.

^w**20:18 Julle ... doen:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

¹⁹ * “Wanneer jy 'n stad lank beleër en daarteen oorlog voer om dit te verower, moet jy die bome nie verwoes deur die byl in te lê nie, want jy moet daarvan eet; jy mag dit nie afkap nie. Is die bome in die veld dan mense dat hulle deur jou toedoen by die beleg betrek moet word?

²⁰ Slegs bome waarvan jy seker is dat jy nie daarvan kan eet kan nie, dié mag jy verwoes en afkap en daarmee beleëringswerke oprig teen die stad wat teen jou oorlog maak, totdat die stad tot 'n val kom.”

21

Moord deur 'n onbekende

¹ * “Wanneer iemand afkom op 'n lyk wat in die veld lê, op die grond wat die HERE jou God vir jou gaan gee om in besit te neem, maar dit is nie bekend wie die persoon doodgeslaan het nie, ² moet jou oudstes^x en regters uitgaan en die afstand meet na die dorpe wat rondom die lyk is. ³ En die dorp wat die naaste is aan die lyk, die oudstes van daardie dorp moet 'n vers vat waarmee nog nie geploeg is nie, wat nog nie onder die juk was nie. ⁴ Die oudstes van daardie dorp moet met die vers afgaan na 'n standhoudende spruit waar daar nie geploeg of gesaai word nie. Daar by die spruit moet hulle die vers se nek breek. ⁵ Dan moet die Levitiese priesters naderkom, want die HERE jou God het juis hulle uitgekies om Hom te dien en om in die Naam van die HERE te seën. Hulle uitsprake beslis alle gevalle van twis en geweldsmisdaad. ⁶ * Al die oudstes van daardie dorp wat die naaste aan die lyk is, moet hulle hande was bo-oor die vers waarvan die nek by die spruit gebreek is. ⁷ Hulle moet dan

*20:19-20 2 Kon 3:19,25

*21:1-9 Deut 17:7-9; 19:13

^x21:2 **oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

*21:6-9 Ps 26:6; Matt 27:24

verklaar en sê, ‘Ons hande het nie hierdie bloed vergiet en ons oë het dit nie gesien nie. ⁸ Skeld u volk Israel, wat U verlos het, kwyd, HERE. Laat die bloedskuld van 'n onskuldige tog nie op u volk Israel rus nie.’^y Dan sal hulle van bloedskuld kwydgeskeld word. ⁹ Jy moet self die stort van onskuldige bloed by jou uitroei, want dan doen jy wat reg is in die oë van die HERE.”

Gesinsake

¹⁰ “*Wanneer jy teen jou vyande uittrek om oorlog te voer, en die HERE jou God gee hulle in jou hand, sodat jy van hulle as gevangenes wegvoer, ¹¹ en jy sien onder die gevangenes 'n mooi vrou en jy raak geheg aan haar, dan mag jy met haar trou. ¹² Wanneer jy haar in jou huis inbring, moet sy haar hare afsny en haar naels knip. ¹³ Sy moet ook ontslae raak van die klere waarin sy gevange geneem is. Dan kan sy in jou huis bly en 'n maand lank rou oor haar pa en ma. Eers daarna mag jy by haar ingaan en haar man word; sy sal dan jou vrou wees. ¹⁴ As dit dalk gebeur dat jy later nie meer sin in haar het nie, moet jy haar laat gaan waarheen sy wil. Jy mag haar glad nie verkoop nie. Jy mag haar nie as eiendom beskou nie, aangesien jy haar verneder het.

¹⁵ “*Wanneer 'n man twee vroue het, een wat hy liefhet en een wat verstote is, en die geliefde en die een wat verstote is, bring albei vir hom seuns in die wêreld, en die eersgeborene is die seun van die verstotene, ¹⁶ kan hy nie, wanneer hy sy seuns sy besittings laat erf, die seun van die geliefde vrou die eersgeborene maak ten koste van die seun van die verstotene, die eersgeborene, nie. ¹⁷ Nee, die eersgeborene, die seun van die verstotene, moet hy erken deur aan hom 'n dubbele

^y**21:8 Laat ... rus nie:** Kan ook vertaal word: “Plaas nie die bloedskuld van 'n onskuldige in die midde van u volk Israel nie.”

***21:10-14** Gen 34:2; Deut 20:14; Ps 45:11

***21:15-17** Gen 29:30-33; 49:3; 1 Kron 26:10

deel te gee van alles wat hy besit. Hy is immers die eersteling van sy manlike krag. Die eersgeboortereg is syne.

¹⁸ * “As iemand 'n koppige en opstandige seun het wat nie na sy pa en sy ma wil luister nie, en hulle straf hom, maar hy wil steeds nie na hulle luister nie; ¹⁹ moet sy pa en ma hom gryp en hom uitneem na die oudstes^z van sy dorp, na die poort van sy woonplek. ²⁰ Hulle moet vir die oudstes van sy dorp sê, ‘Hierdie seun van ons is koppig en opstandig. Hy wil nie na ons luister nie. Hy is roekeloos en 'n drinker.’ ²¹ Dan moet al die manne van die dorp hom met klippe doodgooi, sodat hy sterf. Jy moet die kwaad by jou uitroei. Die hele Israel moet dit hoor sodat hulle bang word.”

Allerlei voorskrifte

²² * “As iemand 'n sonde begaan wat die doodstraf verdien, en hy gedood word en jy hom aan 'n houtpaal hang,^a ²³ mag sy lyk nie die nag aan die paal bly hang nie; maar jy moet hom beslis daardie selfde dag nog begrawe. Iemand wat aan 'n paal gehang word, is immers 'n vervloekte by God. Jy mag nie jou grondgebied wat die HERE jou God vir jou as erfdeel gaan gee, verontreinig nie.”

22

¹ * “Jy mag nie toekyk hoe jou volksgenoot se bees of kleinvee

***21:18-21** Eks 20:12; 21:17; Deut 13:10

^z**21:19 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

***21:22-23** Jos 8:29; 10:26-27; Matt 27:57-58; Joh 19:31; Gal 3:13

^a**21:22 aan ... hang:** Die oortreder is waarskynlik gedood, daarna is sy arms en bene gebreek voordat 'n skerp paal in die buik en borsholte van die lyk gesteek en dan in die grond geplant is.

***22:1-4** Eks 23:4-5

ronddwaal en jou dan afsydig hou nie. Jy moet hulle beslis na jou volksgenoot terugvat. ² As jou volksgenoot nie naby jou is nie en jy hom nie ken nie, moet jy die diere by jou huis hou. Dit moet by jou bly totdat jou volksgenoot dit kom soek en dan moet jy dit vir hom teruggee. ³ Jy moet dieselfde doen met sy donkie en dieselfde doen met sy klere. Ja, jy moet so maak met alle verlore goedere van jou volksgenoot — wat ook al hy vermis en wat jy vind. Jy mag jou nie afsydig hou nie. ⁴ Jy mag nie toekyk hoe jou volksgenoot se donkie of bees in die pad lê en jou dan afsydig hou nie. Jy moet beslis saam met hom die dier ophelp.

⁵ “*Mansklere mag nie deur 'n vrou gedra word nie, en 'n man mag nie 'n vrou se rok aantrek nie, want almal wat dit doen, is afstootlik vir die HERE jou God.

⁶ “*As jy langs die pad in enige boom of op die grond op 'n voël nes met kleintjies of eiers afkom, terwyl die ma op die kleintjies of die eiers sit, mag jy nie die ma saam met die kleintjies vat nie. ⁷ Jy moet die ma beslis vrylaat, maar die kleintjies mag jy vir jou vat. Doen dit sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag leef.

⁸ “*As jy 'n nuwe huis bou, moet jy 'n reling bo om die dak aanbring^b sodat jy nie bloedskuld op jou huis laai wanneer iemand daar afval nie.

⁹ “*Jy mag nie twee soorte saad in jou wingerd saai nie; anders word die volle oes heilig^c — die oes van die saad wat jy gesaai het, sowel as

***22:5** Deut 25:16

***22:6-7** Lev 22:28

***22:8** Deut 19:10

^b**22:8 reling ... aanbring:** Die huise het plat kleidakke gehad wat kon dien as ekstra leefruimte.

***22:9-12** Lev 19:19; Num 15:38-39; Matt 23:5

^c**22:9 word ... heilig:** Dit beteken dat die oes aan die heiligdom afgestaan moet word.

die opbrengs van die wingerd.

¹⁰ “Jy mag nie ploeg met 'n os en 'n donkie in dieselfde span nie.

¹¹ “Jy mag nie gemengde vesel — wol en linne tegelyk — dra nie.

¹² “Jy moet vir jou tossels maak aan die vier hoeke van die oorkleed waarmee jy jou toemaak.”

Seksuele misdrywe

¹³ “*’n Man trou dalk met 'n vrou, gaan by haar in, kry daarna 'n weersin in haar, ¹⁴ en beskuldig haar dan vals en gee haar 'n slegte naam deur te sê, ‘Ek het met hierdie vrou getrou, maar toe ek met haar omgang gehad het, het ek nie by haar die bewys van maagdelikheid gekry nie.’ ¹⁵ *Dan moet die pa en ma van die jong vrou die bewys van haar maagdelikheid vat en dit vir die oudstes^d van die dorp na die poort bring. ¹⁶ Die pa van die jong vrou moet dan vir die oudstes sê, ‘My dogter het ek aan hierdie man as vrou gegee, maar hy het 'n weersin in haar gekry. ¹⁷ En kyk, nou is hy die een wat haar vals beskuldig deur te sê: “Ek het nie by jou dogter die bewys van maagdelikheid gekry nie.” Maar hier is die bewys van my dogter se maagdelikheid.’ Dan moet hulle die kleed voor die oudstes van die dorp oopsprei. ¹⁸ Die oudstes van daardie dorp moet daardie man vat en hom straf. ¹⁹ Hulle moet hom 'n boete van honderd silwerstukke^e oplê en dit vir die jong vrou se pa gee omdat die man 'n maagd uit Israel 'n slegte naam gegee het. Sy moet sy vrou wees. Hy het nie die reg om van haar te skei nie, so lank as wat hy leef.

*22:13-14 Deut 24:1

*22:15-17 Deut 17:8; 21:19; 25:7

^d22:15 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^e22:19 100 silwerstukke: Ongeveer 1,14 kg; •Geldeenrede.

²⁰ “Maar as hierdie beskuldiging waar is, as maagdelikheid nie by die jong vrou gekry is nie, ²¹ * dan moet hulle haar uitbring na die ingang van haar pa se huis en die manne van die dorp moet haar met klippe doodgooi, sodat sy sterf, omdat sy 'n gruweldaad gepleeg het in Israel deur in haar pa se huis te hoereer. Jy moet die kwaad by jou uitroei.

²² “As 'n man betrap word dat hy met 'n getroude vrou gemeenskap het, moet albei sterf: die man wat met die vrou gemeenskap gehad het en ook die vrou. Jy moet die kwaad in Israel uitroei.

²³ “As 'n jong vrou, 'n maagd, verloof is aan 'n man en iemand ontmoet haar in die dorp en het met haar gemeenskap, ²⁴ * dan moet julle hulle al twee na daardie dorp se poort uitbring en hulle met klippe doodgooi, sodat hulle sterf — die jong vrou omdat sy nie in die dorp uitgeroep het nie en die man omdat hy die vrou van sy naaste verneder het. Jy moet die kwaad by jou uitroei. ²⁵ Maar as die man die jong vrou wat verloof is, in die veld kry en haar oorweldig en met haar gemeenskap het, moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, alleen sterf. ²⁶ Aan die jong vrou mag jy nie iets doen nie. Sy het nie 'n sonde begaan wat die dood verdien nie, want in hierdie geval is dit dieselfde as wanneer 'n man sy naaste oorval en die persoon vermoor. ²⁷ Hy het haar immers in die veld gekry; die jong verloofde vrou het om hulp geroep, maar daar was niemand om haar te help nie.

²⁸ “As 'n man 'n jong vrou, 'n maagd wat nie verloof is nie, in die veld kry en haar vasgryp en met haar gemeenskap het, en hulle word betrap,

*22:20-21 Gen 34:7; 38:24

*22:21 1 Kor 5:13

*22:22 Lev 20:10; Joh 8:5

*22:23-24 Deut 17:4-5

*22:24 1 Kor 5:13

*22:28-29 Eks 22:16-17; Deut 22:19

²⁹ moet die man wat met haar gemeenskap het, vir die jong vrou se pa vyftig silwerstukke^f gee. Sy moet dan sy vrou wees, omdat hy haar verneder het. Hy het nie die reg om van haar te skei nie, so lank as wat hy leef.

³⁰ *[“]n Man mag nie met 'n vrou van sy pa trou nie. Hy mag nie die naaktheid ontbloot wat aan sy pa behoort nie.”

23

¹ *[“]n Man wie se testikels stukkend gedruk of wie se geslagsorgaan afgesny is, mag nie in die byeenkoms van die HERE kom nie.

² [“]n Israeliet gebore uit 'n verbode verbintenis^g mag nie in die byeenkoms van die HERE kom nie, selfs die tiende geslag ná hom mag nie in die byeenkoms van die HERE kom nie. ³ 'n Ammoniet en Moabiet mag nie in die byeenkoms van die HERE kom nie. Selfs tot die tiende geslag ná hulle mag nooit in die byeenkoms van die HERE kom nie, ⁴ want hulle het julle, toe julle op pad was met julle uittog uit Egipte, nie met brood en water te hulp gekom nie, en ook omdat hulle Bileam, die seun van Beor, uit Petor in Aram-Naharajim^h gehuur het om jou te vervloek. ⁵ Maar die HERE jou God was nie bereid om na Bileam te luister nie, en die HERE jou God het die vloek vir jou in 'n seën verander, omdat die HERE jou God jou liefhet. ⁶ Solank as wat jy leef,

^f22:29 50 silwerstukke: Ongeveer 570 g: •Geldeenhede.

*22:30 Lev 18:7-8; Deut 27:20; 1 Kor 5:1

*23:1-8 Neh 13:1-2; Jes 19:18-25; 56:3-7

^g23:2 Israeliet ... verbintenis: Daar is onsekerheid oor die vertaling van die Hebreeuse uitdrukking. Dit kan verwys na die verbintenis tussen 'n Israeliet en nie-Israeliet, maar ook na die verbintenis wat in Lev 18:6-20 en Deut 22:30 genoem word.

^h23:4 Aram-Naharajim: Letterlik 'Aram van die twee riviere'. Dit verwys na Mesopotamië.

mag jy nooit hulle voorspoed en welsyn bevorder nie.

⁷ “Jy mag nie 'n afkeer hê van 'n Edomiet nie, want hy is jou broer. Jy mag nie 'n afkeer hê van 'n Egiptenaar nie, want jy was 'n vreemdelingⁱ in sy land. ⁸ Die derde geslag wat van hulle afstam, mag in die byeenkoms van die HERE kom.

⁹ “Wanneer jy met 'n leër uittrek teen jou vyande, moet jy jou weerhou van enigiets onbehoorliks. ¹⁰ * As daar by jou 'n man is wat nie rein is nie oor iets wat in die nag gebeur het,^j moet hy uit die kamp uitgaan. Hy mag nie binne-in die kamp wees nie. ¹¹ Wanneer dit aand word, moet hy hom met water afspoel en as die son onder is, mag hy in die kamp ingaan.

¹² “Jy moet 'n plek buite die kamp hê sodat jy daarheen kan uitgaan. ¹³ Daar moet 'n tentpen by jou toerusting wees. Wanneer jy buite op jou hurke wil gaan sit, moet jy daarmee 'n gat grawe en jou ontlasting weer bedek. ¹⁴ * Die HERE jou God is immers saam met jou daar in jou kamp om jou uit te red en jou vyande aan jou oor te gee. Jou kamp moet daarom heilig wees, sodat Hy nie iets onbehoorliks by jou sien en jou die rug toekeer nie.

¹⁵ “Jy mag nie 'n slaaf wat van sy eienaar af na jou vlug vir sy lewe, aan sy eienaar oorhandig nie. ¹⁶ By jou mag hy bly, by jou op 'n plek wat hy verkies, in een van jou dorpe wat hom pas. Jy mag hom nie mishandel nie.

ⁱ**23:7 vreemdeling:** Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

***23:10-11** Lev 15:5,16-18

^j**23:10 iets ... gebeur het:** Dit verwys na saadstorting.

***23:14** Deut 20:1-4

¹⁷ “*Daar mag nie tempelprostitute onder die vroue van Israel wees nie en daar mag ook nie manlike tempelprostitute^k in Israel wees nie. ¹⁸ Die verdienste van 'n prostituut en die loon van 'n hond^l mag nie in die huis van die HERE jou God kom om enige gelofte na te kom nie, want albei is vir die HERE jou God afstootlik.

¹⁹ “*Jy mag nie van jou volksgenote rente eis nie, nie vir geld of kos of enigiets anders waarvoor mens rente kan vra nie. ²⁰ Van vreemdes mag jy rente eis, maar van jou volksgenote mag jy dit nie eis nie, sodat die HERE jou God jou kan seën in alles waaraan jy jou hand waag in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.

²¹ “*Wanneer jy vir die HERE jou God 'n gelofte aflê, moet jy nie uitstel om dit na te kom nie, want die HERE jou God sal dit sonder twyfel van jou eis, en dan staan jy skuldig. ²² As jy jou daarvan weerhou om 'n gelofte af te lê, sal jy nie skuldig staan nie. ²³ Maar wat oor jou lippe kom, moet jy nakom; jy moet doen soos jy aan die HERE jou God beloof het. Dit was uit vrye wil dat jy die gelofte met jou eie mond uitgespreek het.

²⁴ “*As jy in jou naaste se wingerd kom, mag jy soveel druiwe eet as wat jy wil, totdat jy versadig is; maar jy mag nie daarvan in jou houer sit nie.

²⁵ “As jy in die staande graan van jou naaste kom, mag jy halfryp are met die hand pluk; maar 'n sekel mag jy nie in die staande graan van jou naaste swaai nie.”

*23:17-18 Lev 19:29; 1 Kon 14:24; 2 Kon 23:7

^k23:17 **tempelprostitute**: In die vrugbaarheidsgodsdiens was daar manne en vroue wat by die tempels as prostitute diens gedoen het; •Agter aan hoereer.

^l23:18 **hond**: Hier die benaming vir 'n manlike tempelprostituut; vgl Deut 23:17.

*23:19-20 Eks 22:25; Lev 25:36; Deut 15:2-3,7-11

*23:21-23 Num 30:2-15; Deut 12:26; Rig 11:34-40; Matt 5:33

*23:24-25 Deut 24:19-22; Matt 12:1; Mark 2:23; Luk 6:1

Egskeiding en hertrou

¹ “*As 'n man met 'n vrou trou en haar as sy vrou in besit neem, maar sy nie meer vir hom aanvaarbaar is nie omdat hy iets onbehoorliks by haar ontdek het, moet hy vir haar 'n skeibrief skryf, dit in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur. ² As sy dan sy huis verlaat en met 'n ander man gaan trou, ³ en hierdie ander man kry 'n weersin in haar, skryf vir haar 'n skeibrief, gee dit in haar hand en stuur haar weg uit sy huis, of as hierdie ander man wat met haar getrou het, sterf, ⁴ dan het haar eerste man wat haar weggestuur het, nie die reg om haar weer as sy vrou te neem nadat sy verontreinig is nie. Want dit is iets afstootliks vir die HERE, en jy mag nie die land wat die HERE jou God vir jou as erfdeel gaan gee, in sonde laat verval nie.

⁵ “*As 'n man pas getroud is, hoef hy nie saam met die leër uit te trek of enige verpligting op hom te neem nie. Hy moet vry wees vir sy huis vir 'n volle jaar en die vrou met wie hy getroud is, gelukkig maak.”

Optrede teenoor die naaste

⁶ “*Niemand mag twee maalklippe,^m of net die boonste maalklip, as pand neem nie, want dit is die lewe self wat hy as pand neem.

*24:1-4 Jes 50:1; Jer 3:1,8; Matt 5:31; 19:7; Mark 10:4

*24:5 Deut 20:5-7; Luk 14:20

*24:6 Eks 22:26-27; Deut 24:10-13

^m24:6 **maalklippe:** Twee ronde klipskywe, waarvan die onderste in die middel 'n pen gehad het, en die boonste 'n gat waarin die pen gepas het, en waardeur die graan bietjie vir bietjie gegooi kon word. Die boonste maalklip is dan in die rondte gedraai en die graan so tussen die twee klippe fyngemaal. Daar word onderskei tussen 'n handmeul (hier), wat klein was, en die “maalklip van 'n donkie”, wat groot was en deur 'n donkie in die rondte gedraai is.

⁷ “*As 'n man betrap word dat hy een van sy volksgenote uit die Israëliete ontvoer, hom as sy eiendom beskou en die persoon verkoop, moet daardie ontvoerder sterf. Jy moet die kwaad by jou uitroei.

⁸ “*Wees uiters versigtig in die geval van 'n uitbraak van huidsiekte om te handel volgens alles wat die Levitiese priesters julle sal leer. Wat ek hulle beveel het, moet julle nougeset nakom. ⁹ Onthou wat die HERE jou God aan Mirjam gedoen het toe julle op pad was met julle uittog uit Egipte.

¹⁰ “*As jy aan jou naaste volgens ooreenkoms enigiets leen, mag jy nie in sy huis ingaan om die oorkleed wat hy as pand gee,ⁿ te neem nie.

¹¹ Jy moet buite bly staan, en die man aan wie jy geleen het, moet die pand buitentoe na jou bring. ¹² As die man arm is, mag jy nie met sy pand gaan slaap nie. ¹³ Jy moet die pand beslis aan hom teruggee teen sonder, sodat hy in sy oorkleed kan slaap. Hy sal jou prys, en dit sal vir jou by die HERE jou God geld as 'n regverdige daad.

¹⁴ “*Jy mag nie 'n dagloner wat magteloos en behoeftig is, uitbuit nie — nie een van jou volksgenote of 'n vreemdeling wat in jou dorpe in die land is nie. ¹⁵ Jy moet sy loon nog dieselfde dag betaal, voor die son oor hom ondergaan, want hy is arm en hy sug daarna. Anders beroep hy hom op die HERE teen jou en staan jy skuldig.

¹⁶ “*Ouers mag nie doodgemaak word oor kinders nie, en kinders mag nie doodgemaak word oor ouers nie. Elkeen moet vir sy eie sonde sterf.

*24:7 Eks 21:16; 1 Kor 5:13

*24:8-9 Lev 13:1-46; 14:1-32; Num 12:9-15

*24:10-13 Deut 24:6

ⁿ24:10 die oorkleed ... gee: Die •bronteks lui: “sy pand”; vgl egter Deut 24:13.

*24:14-15 Lev 19:13; Matt 20:8; Mark 10:19; Jak 5:4

*24:16 2 Kon 14:6; 2 Kron 25:4; Jer 31:30; Eseg 18:4,20

¹⁷ “*Jy mag nie die reg van vreemdelinge^o en vaderloses^p verdraai nie, en jy mag nie die bokleed van 'n weduwee as pand neem nie. ¹⁸ Onthou dat jy 'n slaaf was in Egipte, en dat die HERE jou God jou daaruit vrygekoop het. Dit is waarom ek jou beveel om so op te tree.

¹⁹ “*Wanneer jy jou oes op die land insamel en jy vergeet 'n gerf op die land, mag jy nie teruggaan om dit te kry nie. Dit moet vir die vreemdelinge, vaderloses en weduwees agterbly, sodat die HERE jou God al jou handewerk kan seën. ²⁰ Wanneer jy jou olywe afslaan, mag jy nie die takke deursoek waar jy klaar is nie. Dit moet vir die vreemdelinge, vaderloses en weduwees agterbly. ²¹ As jy jou wingerd oes, mag jy nie die naoes agter jou afoes nie. Dit moet vir die vreemdelinge, vaderloses en weduwees agterbly. ²² Onthou dat jy 'n slaaf was in Egipteland. Daarom beveel ek jou om so op te tree.”

25

Strawwe

¹ “*As daar tussen manne 'n geskil is en hulle kom voor die regbank, en die regters vel die vonnis deur die regverdige gelyk te gee en die skuldige te veroordeel, ² dan moet die regter, as die skuldige tot lyfstraf gevonnissen is, hom laat lê en daarvoor hom die getal houe laat toedien wat sy oortreding verdien. ³ Veertig houe mag hy hom laat toedien, nie

*24:17-18 Eks 22:21-22; Deut 5:15; 10:18

^o24:17 **vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

^p24:17 **vaderloses:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal: “weeskinders”.

*24:19-22 Lev 19:9-10; 23:22; Deut 14:29

*25:1-3 Deut 17:8-13; 19:17; Spr 17:15; 2 Kor 11:24

meer as dit nie. Anders laat hy hom dalk baie meer hou as hierdie getal toedien, en word jou volksgenoot voor jou oë verkleineer.

⁴ * “Jy mag 'n bees nie muilband wanneer hy graan trap nie.”

Swaershuwelik en ander bepalings

⁵ * “As broers by mekaar woon en een van hulle sterf sonder dat hy 'n seun nalaat, dan mag die vrou van die oorledene nie buite die familie met 'n vreemde man trou nie. Haar swaer moet by haar ingaan, haar as sy vrou neem en sy plig as swaer^q nakom. ⁶ Die eersgebore seun wat sy in die wêreld bring, moet die naam van sy oorlede broer in stand hou, sodat sy naam nie uit Israel verdwyn nie. ⁷ Maar as die man nie kans sien om met sy skoonsuster te trou nie, moet sy na die oudstes^r in die poort gaan en vir hulle sê, ‘My swaer weier om vir sy broer 'n naam te laat voortleef in Israel. Hy wil nie sy plig as swaer met my nakom nie’, ⁸ dan moet die oudstes van die dorp hom laat roep en hom aanspreek. As hy egter vasstaan en sê, ‘Ek sien nie kans om met haar te trou nie’, ⁹ dan moet sy skoonsuster, ten aanskoue van die oudstes, na hom gaan, sy sandaal van sy voet aftrek, in sy gesig spuug en getuig en sê, ‘So word gemaak met die man wat nie sy broer se huis wil opbou nie.’ ¹⁰ In Israel kry hy dan die naam Huis van die Uitgetrekte Sandaal.

¹¹ “As manne met mekaar veg en die een se vrou kom nader om haar man te red van die een wat hom slaan, en sy steek haar hand uit en gryp daardie man aan sy geslagsdele, ¹² dan moet jy haar hand afkap. Jy mag haar nie jammer kry nie.

*25:4 Spr 12:10; 1 Kor 9:9; 1 Tim 5:18

*25:5-10 Gen 38:8-9; Rut 4:7,10-11; Matt 22:24; Mark 12:19; Luk 20:28

^q25:5 **plig as swaer:** Dit was die swaer se plig om vir sy oorlede broer kinders te verwek wat sy grond kon erf en sy naam kon laat voortleef; vgl Gen 38:8; Rut 4:5.

^r25:7 **oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

¹³ * “Jy mag nie in jou sak^s verskillende gewigte, swares en ligtes hê nie. ¹⁴ Jy mag ook nie in jou huis verskillende efa,^t 'n groter en 'n kleiner een, hê nie. ¹⁵ Die gewigte wat jy gebruik, moet eg en reg wees; die efa wat jy gebruik, moet ook eg en reg wees, sodat jy lank kan leef op die grond wat die HERE jou God vir jou gaan gee. ¹⁶ Ja, elkeen wat oneerlik optree, wat sulke dinge doen, is vir die HERE jou God afstootlik.”

Uitdelging van die Amalekiete

¹⁷ * “Onthou wat die Amalekiete aan jou gedoen het toe julle op pad was met julle uittog uit Egipte, ¹⁸ dat hulle jou op die pad oorval het, en almal wat agter jou uitgesak het, neergevel het; en dit terwyl jy moeg en uitgeput was. Hulle het God nie gevrees nie. ¹⁹ Wanneer die HERE jou God dan vir jou rus gee van al jou vyande rondom jou in die land wat die HERE jou God vir jou gaan gee om as erfdeel in besit te neem, moet jy die naam Amalek onder die hemel uitwis. Jy mag dit nie vergeet nie.”

26

Eerstelinge en tiendes

¹ * “Wanneer jy in die land aangekom het wat die HERE jou God vir jou as erfdeel gaan gee om in besit te neem, en jy daar gevestig is, ² moet jy van die eerste opbrengs van al die vrugte wat jy oes op die grond van die land wat die HERE jou God aan jou gee, neem en in 'n mandjie sit. Gaan dan na die plek wat die HERE jou God sal kies om sy Naam daar te vestig.^u ³ Wanneer jy by die priester aankom wat in dié dae daar sal

*25:13-16 Lev 19:35-36; Spr 11:1; 20:23; Eseg 45:10-11; Miga 6:11

^s25:13 sak: Dit verwys na 'n houer vir 'n balanseerskaal se gewigte.

^t25:14 efa: Ongeveer 22 ℓ; •Inhoudsmaat.

*25:17-19 Eks 17:8-16; Num 14:45; 1 Sam 15:2-3

*26:1-4 Eks 23:16,19; Num 15:20; 18:13; Deut 12:5

^u26:2 sy Naam ... vestig: Die Naam van die HERE beteken hier sy teenwoordigheid.

wees, moet jy vir hom sê, ‘Ek maak vandag aan die HERE u God bekend dat ek aangekom het in die land wat die HERE met 'n eed aan ons voorvaders belooft het om aan ons te gee.’⁴ Die priester moet die mandjie uit jou hand neem en dit voor die altaar van die HERE jou God neersit.⁵ *Dan moet jy voor die HERE jou God bely en sê, ‘My vader was 'n rondswerwende Arameër.’^v Hy het na Egipte afgegaan en met min mense as 'n vreemdeling,^w tydelik daar gaan woon. Daar het hy 'n groot nasie geword, magtig en talryk.⁶ Maar die Egiptenare het ons sleg behandel, ons onderdruk en ons aan harde slawewerk onderwerp.⁷ Toe het ons na die HERE, die God van ons voorouers, om hulp geroep. Die HERE het ons gehoor en ons ellende, ons swaarkry en ons verdrukking raakgesien;⁸ en die HERE het ons met 'n sterk hand en uitgestrekte arm uit Egipte uitgelei, ja, met 'n vreesaanjaende magsvertoon, met tekens van mag en wondertekens.⁹ Hy het ons na hierdie plek gebring en aan ons hierdie land gegee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.¹⁰ Hier het ek nou die eerste vrugte gebring van die grond wat U, HERE, vir my gegee het.’ Sit dit dan voor die HERE jou God neer en buig in aanbidding voor die HERE jou God.¹¹ Jy moet vrolik wees oor al die goeie dinge wat die HERE jou God aan jou en jou huis gegee het — jy en die Leviëte en die vreemdelinge wat by jou is.

¹² * “Wanneer jy in die derde jaar, die jaar van die tiendes, die volle tiende van jou opbrengs klaar eenkant gesit en dit ook vir die Leviëte,

***26:5-11** Eks 3:8-9; Deut 6:20-23; 12:7,12; Jos 24:2-13

^v**26:5 rondswerwende Arameër:** Die Hebreëus kan ook vertaal word: “'n Arameër wat sou verdwyn”.

^w**26:5 vreemdeling:** 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliëte gekry het, het beskerming geniet.

***26:12-15** Lev 27:30; Num 18:24; Deut 14:28-29

die vreemdelinge, die vaderloses^x en weduwees gegee het, en hulle eet en versadig raak in julle dorpe, ¹³ moet jy voor die HERE jou God verklaar, ‘Ek het die •heilige gawes uit my huis verwyder en vir die Leviete, die vreemdelinge, die vaderloses en weduwees gegee in ooreenstemming met die volle opdrag wat U my gegee het. Ek het nie enige van u gebooie oortree nie, en ek het dit nie vergeet nie. ¹⁴ Ek het nie daarvan geëet terwyl ek rou nie, en niks daarvan verwyder terwyl ek •onrein is nie. Ek het ook niks daarvan aan dooies gegee^y nie. Ek het na die stem van die HERE my God geluister. Ek het opgetree volgens alles wat U my beveel het. ¹⁵ Kyk tog af uit u heilige woning, uit die hemel, en seën u volk Israel en die grond wat U vir ons gegee het, net soos U dit met 'n eed beloof het aan ons voorvaders — 'n land wat oorloop van melk en heuning.’ ”

Gehoorsaamheid aan God se gebooie

¹⁶ * “Vandag beveel die HERE jou God jou om hierdie vaste voorskrifte en wette uit te voer. Jy moet dit met hart en siel noukeurig nakom. ¹⁷ Vir die HERE het jy vandag jou woord gegee dat Hy jou God sal wees, dat jy sy paaie sal volg, sy vaste voorskrifte, sy gebooie en beslissings sal nakom en na sy stem sal luister. ¹⁸ Die HERE gee jou vandag sy woord dat jy as volk sy persoonlike eiendom^z sal wees, soos Hy jou beloof het, sodat jy al sy gebooie kan nakom. ¹⁹ Hy sal jou bo al die nasies wat Hy gemaak het, verhoog, tot jou lof en roem en eer, en sodat jy 'n heilige

^x**26:12 vaderloses:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal: “weeskinders”.

^y**26:14 aan dooies gegee:** Dit verwys na die voedsel- en drankoffers aan voorvadergeeste.

^{*}**26:16-19** Eks 6:7; 19:5; Deut 14:2; 28:1,9

^z**26:18 persoonlike eiendom:** Die •bronteks lui: “volk van eiendom” wat privaat besit aandui.

volk vir die HERE jou God kan wees, soos Hy beloof het.”

27

Plegtige byeenkoms by Sigem

¹ *Moses en ook die oudstes^a van Israel het die volk beveel: “Kom elke gebod na wat ek julle vandag beveel. ² Die dag wanneer julle die Jordaan oorsteek na die land wat die HERE jou God vir jou gaan gee, moet jy groot klippe regop neersit, met kalk afwit, ³ en al die woorde van hierdie wet daarop skryf, wanneer jy oortrek, sodat jy dan die land wat die HERE jou God vir jou gaan gee, kan binnegaan — die land wat oorloop van melk en heuning — soos die HERE, die God van jou voorouers, jou beloof het. ⁴ Sodra julle oor die Jordaan is, moet julle hierdie klippe, waaroor ek nou vir julle opdrag gee, regop neersit op die berg Ebal en dit met kalk afwit. ⁵ Bou dan daar 'n altaar vir die HERE jou God, 'n klipaltaar. Jy mag nie die klippe met yster bewerk nie. ⁶ Met onbewerkte klippe moet jy die altaar vir die HERE jou God bou. Jy moet brandoffers vir die HERE jou God daarop bring. ⁷ Jy moet ook maaltydoffers^b bring en dit daar eet, en vol vreugde wees voor die HERE jou God. ⁸ Jy moet al die woorde van hierdie wet baie duidelik op die klippe skryf.”

⁹ *Moses en ook die Levitiese priesters het vir die hele Israel gesê:

*27:1-8 Jos 8:30-35

^a27:1 **oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^b27:7 **maaltydoffers:** Diereoffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; vgl Lev 7:28-36.

*27:9-10 Deut 26:18-19; 28:1

“Wees stil en luister, Israel. Vandag het jy die volk van die HERE jou God geword. ¹⁰ Jy moet na die stem van die HERE jou God luister en sy gebooi en sy vaste voorskrifte wat ek vandag vir jou voorskryf, uitvoer.”

¹¹ *Moses het die volk op daardie dag beveel: ¹² “Wanneer julle die Jordaan oorsteek, moet hierdie stamme op die berg Gerisim gaan staan om die volk te seën: Simeon, Levi, Juda, Issaskar, Josef en Benjamin. ¹³ En hierdie stamme moet op die berg Ebal gaan staan met die oog op die vervloeking: Ruben, Gad, Aser en Sebulon, Dan en Naftali. ¹⁴ Die Leviete moet daarop verklaar en hardop vir elke Israeliet sê,

¹⁵ “ *‘Vervloek is die mens wat 'n gesnede beeld uit hout of metaal maak — iets wat vir die HERE afstootlik is, die handewerk van 'n vakman — en dit in die geheim êrens oprig.’

Die hele volk moet dan antwoord en ‘Amen’^c sê.

¹⁶ “ ‘Vervloek is die een wat sy vader en moeder minag.’

En die hele volk moet ‘Amen’ sê.

¹⁷ “ *‘Vervloek is die een wat sy naaste se grens verskuif.’

En die hele volk moet ‘Amen’ sê.

¹⁸ “ *‘Vervloek is die een wat 'n blinde op die pad mislei.’

En die hele volk moet ‘Amen’ sê.

*27:11-26 Lev 18:19; Deut 11:29-30; 19:14; Jos 8:33-35; Jer 11:2-5

*27:15 Ps 115:3-8; Jes 44:9-11

°27:15 **Amen:** 'n Hebreuse woord wat ‘sekerlik’ of ‘dit is so’ beteken. Dit word gebruik om instemming te betuig, om 'n seënwens of lofuitspraak te bevestig, om 'n gebed mee af te sluit, of as bevestiging en toe-eiening van die beloftes van God.

*27:17 Deut 19:14

*27:18 Lev 19:14

19 “* ‘Vervloek is die een wat die vreemdeling,^d vaderlose^e en weduwee se reg verdraai.’

En die hele volk moet ‘Amen’ sê.

20 “* ‘Vervloek is die een wat met die vrou van sy vader gemeenskap het, want hy het die naaktheid ontbloot wat aan sy vader behoort.’

En die hele volk moet ‘Amen’ sê.

21 “* ‘Vervloek is die een wat met enige dier gemeenskap het.’

En die hele volk moet ‘Amen’ sê.

22 “* ‘Vervloek is die een wat met sy suster, die dogter van sy vader of moeder, gemeenskap het.’

En die hele volk moet ‘Amen’ sê.

23 “ ‘Vervloek is die een wat met sy skoonmoeder gemeenskap het.’

En die hele volk moet ‘Amen’ sê.

24 “* ‘Vervloek is die een wat sy naaste in die geheim doodslaan.’

En die hele volk moet ‘Amen’ sê.

25 “* ‘Vervloek is die een wat 'n omkoopgeskenk aanvaar om 'n persoon wat onskuldig is aan bloedvergieting, dood te slaan.’

*27:19 Deut 10:18; 24:17

^d27:19 **vreemdeling:** 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

^e27:19 **vaderlose:** Gewoonlik 'n kind waarvan die pa oorlede is en wat geen verteenwoordiger in die stadspoort het nie. Word ook vertaal: “weeskind”.

*27:20 Lev 18:8; 20:11; Deut 22:30; 1 Kor 5:1

*27:21 Eks 22:19; Lev 18:23; 20:15

*27:22-23 Lev 18:9,17

*27:24 Ps 10:8

*27:25 Eks 23:7-8; Deut 16:19

En die hele volk moet ‘Amen’ sê.

²⁶ * “ ‘Vervloek is die een wat die woorde van hierdie wet nie bevestig deur dit uit te leef nie.

En die hele volk moet ‘Amen’ sê.’ ”

28

Seën en vervloekings

¹ * “As jy aandagtig luister na die stem van die HERE jou God deur al sy gebooie wat ek vandag vir jou voorskryf, nougeset na te kom, sal die HERE jou God jou verhoog bo al die nasies van die aarde. ² Al hierdie seëninge sal jy ontvang, en dit sal jou deel word as jy luister na die stem van die HERE jou God:

³ “Geseënd sal jy wees in die dorp en geseënd sal jy wees in die veld. ⁴ *Die vrug van jou liggaam, die vrug van jou grond en die vrug van jou diere — die aanteel van jou beeste en die aanwas van jou kleinvee — sal geseënd wees. ⁵ Jou mandjie en jou knieskottel sal geseënd wees.

⁶ “Geseënd sal jy wees wanneer jy terugkeer en geseënd sal jy wees wanneer jy uittrek.^f ⁷ Die HERE sal jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan. Met een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie sal hulle voor jou uit vlug.

⁸ “Die HERE sal vir jou seën stuur — in jou graanskure en in alles waaraan jy jou hand waag. Ja, die HERE jou God sal jou seën in die land wat Hy vir jou gaan gee.

*27:26 Deut 28:15-20; 2 Kor 3:9; Gal 3:10

*28:1-14 Lev 26:3-12; Deut 7:13; 26:19; 30:9

*28:4 Luk 1:42

^f28:6 terugkeer ... uittrek: Dit verwys na militêre veldtogte waar die manskappe na die stad terugkeer en weer 'n volgende veldtog onderneem; vgl Deut 28:7.

⁹“Die HERE sal jou vestig as 'n heilige volk vir Hom, soos Hy aan jou met 'n eed beloof het. As jy die gebooie van die HERE jou God nakom en sy paaie volg, ¹⁰ sal al die volke van die aarde sien dat die Naam van die HERE oor jou uitgeroep is, en hulle sal ontsag vir jou hê. ¹¹ Op die grond wat die HERE aan jou voorvaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee, sal die HERE aan jou ryke oorvloed skenk met die vrug van jou liggaam, die vrug van jou diere en die vrug van jou grond. ¹² Die HERE sal vir jou sy goeie skatkamer, die hemel, oopmaak om die reën van jou land op tyd vir jou te gee en al jou handewerk te seën. Jy sal aan baie nasies uitleen, maar jy sal self nie hoef te leen nie. ¹³ Die HERE sal jou die kop maak, nie die stert nie. Jy sal net na bo beweeg, nie na onder nie, as jy gehoorsaam is aan die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag opdra om noukeurig na te kom. ¹⁴ Van al die gebooie^g wat ek julle vandag opdra, mag jy nie links of regs afwyk deur agter ander gode aan te loop en hulle te dien nie.

¹⁵ **“As jy egter nie na die stem van die HERE jou God luister deur al sy gebooie en vaste voorskrifte wat ek vandag vir julle voorskryf, nougeset na te kom nie, sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou tref:

¹⁶ “Vervloek sal jy wees in die dorp en vervloek sal jy wees in die veld.

¹⁷ “Jou mandjie en jou knieskottel sal vervloek wees.

¹⁸ “Die vrug van jou liggaam, die vrug van jou grond, die aandeel van jou beeste en die aanwas van jou kleinvee, sal vervloek wees.

¹⁹ “Vervloek sal jy wees wanneer jy terugkeer en vervloek sal jy wees wanneer jy uittrek.”^h

^g28:14 gebooie: Letterlik ‘woorde’.

*28:15-68 Lev 26:14-43; Deut 29:20,25; Am 4:6-11

*28:15-19 Vgl Deut 28:3-6

^h28:19 terugkeer ... uittrek: Vgl voetnoot in Deut 28:6.

²⁰ “*Die HERE sal vervloeking, ontsteltenis en bedreigings oor jou stuur, oor alles waaraan jy jou hand waag, wat jy ook al doen, totdat jy uitgedelg is, en vinnig verdwyn, omdat jy Homⁱ deur jou bose dade verlaat het. ²¹ Die HERE sal die pes aan jou laat kleef, totdat Hy jou uitgeroei het, weg van die grond waarheen jy op pad is om dit in besit te neem. ²² Die HERE sal jou tref met uittering, ontsteking, koors, hittekoors, met droogte,^j skroeisiekte en witroes; dit sal jou teister totdat jy tot niet is. ²³ Die hemelruim bo jou kop sal brons wees en die aarde onder jou yster. ²⁴ Die HERE sal die reën van jou land stof maak; ja, fynsand sal uit die hemelruim op jou neerreën totdat jy uitgedelg is.

²⁵ “*Die HERE sal daarvoor sorg dat jy voor jou vyande verslaan word. Met een pad sal jy teen hulle uittrek, en met sewe paaie voor hulle uit vlug. Jy sal 'n skrikwekkende voorbeeld wees vir al die koninkryke van die aarde. ²⁶ Jou lyke sal aas wees vir al die voëls van die hemel en die diere van die land, en niemand sal hulle verwilder nie.

²⁷ “Die HERE sal jou tref met Egiptiese swere, swelsels,^k uitslag en skurfsiekte waarvan jy nie sal kan genees nie. ²⁸ Die HERE sal jou tref met kranksinnigheid, blindheid en sinsverwarring, ²⁹ en jy sal helder oordag rondtas soos 'n blinde in die donker. Jy sal nie voorspoedig wees met wat jy onderneem nie, maar altyd net verdruk wees en beroof word, en daar sal geen helper wees nie.

³⁰ “Aan 'n vrou sal jy verloof raak, en 'n ander man sal haar onteer. 'n Huis sal jy bou, en nie daarin woon nie. 'n Wingerd sal jy plant, en die

***28:20-24** Lev 26:16,19; Am 4:9-10; vgl Deut 28:11-12

ⁱ**28:20 Hom:** Die •bronteks lui: “My”.

^j**28:22 droogte:** Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van een vokaal en ander ou vertalings. Die bronteks lui: “die swaard”.

***28:25-37** Deut 4:28; 20:5-7; 1 Kon 9:7; 2 Kon 25:7,11; Jes 24:9; 59:9-10

^k**28:27 swelsels:** Volgens die •Masoretiese leestradië is dit aambeie.

eerste vrugte daarvan nie geniet nie. ³¹ Jou bees word voor jou oë geslag, en jy eet nie daarvan nie. Jou donkie word reg voor jou gesteel, en jy kry hom nie terug nie. Jou kleinvee word aan jou vyande gegee, en niemand sal jou help nie. ³² Jou seuns en jou dogters word aan 'n ander volk gegee, terwyl jy dit moet aanskou. Elke dag verlang jy na hulle, maar jy is magteloos. ³³ Die vrug van jou grond, ja, al jou moeitevolle arbeid — 'n volk wat jy nie ken nie, sal dit verslind. Jy sal die hele tyd net verdruk en mishandel word. ³⁴ Jy sal van jou kop af raak oor die toneel wat voor jou oë afspeel. ³⁵ *Die HERE sal jou tref met dodelike swere aan jou knieë en bene waarvan jy nie sal kan genees nie — van jou voetsool tot jou kroontjie.

³⁶ “Die HERE sal jou en jou koning wat jy oor jou aanstel, laat wegvoer na 'n nasie wat jy en jou voorouers nie geken het nie, en daar sal jy ander gode dien, hout en klip. ³⁷ Jy sal 'n skrikbeeld, 'n spreuk en 'n spotnaam word by al die volke waarheen die HERE jou verdryf.

³⁸ “*Jy sal baie saad na die landerye neem, maar min oes; want sprinkane sal dit kaal vreet. ³⁹ Wingerde sal jy plant en bewerk, maar jy sal nie wyn drink of druiwe oes nie; want wurms sal dit opvreet. ⁴⁰ Jy sal olyfbome hê in jou hele grondgebied, maar olyfolie sal jy nie aan jou smeer nie; want jou olywe sal afval.

⁴¹ “Seuns en dogters sal jy verwek, maar hulle sal nie aan jou behoort nie, want hulle sal in ballingskap gaan.

⁴² “Al jou bome en die vrugte van jou grond — vlieënde insekte sal dit inneem.

*28:35 Op 16:2

*28:38-46 Joël 1:4; Miga 6:15; Hag 1:6

⁴³ “Die vreemdeling¹ wat by jou is, sal bo jou uitstyg, al hoër en hoër; en jy sal daal, al laer en laer. ⁴⁴ Hy sal aan jou leen, maar jy sal nie aan hom leen nie. Hy sal die kop word en jy die stert.

⁴⁵ “Al hierdie vloeke sal oor jou kom, jou volg en jou inhaal, totdat jy uitgedelg is, omdat jy nie na die stem van die HERE jou God geluister het deur sy gebooië en vaste voorskrifte wat Hy vir jou voorgeskryf het, na te kom nie. ⁴⁶ Hierdie vervloeking sal by jou wees as 'n herinnerings- en waarskuwingsteken en ook by jou nageslag, vir altyd. ⁴⁷ * Omdat jy nie die HERE jou God met vreugde en 'n blye hart gedien het oor al die oorvloed nie, ⁴⁸ sal jy jou vyande wat die HERE teen jou uitstuur, dien te midde van hongersnood en dors, en in naaktheid en volslae gebrek. En jou vyand sal 'n ysterjuk op jou nek sit, totdat hy jou uitgedelg het.

⁴⁹ Die HERE sal teen jou 'n nasie bring, van ver, van die einde van die aarde af, wat afduik soos 'n arend, 'n nasie wie se taal jy nie verstaan nie, ⁵⁰ 'n nasie met strak gesigte wat 'n oumens nie ontsien en vir 'n jongmens geen genade het nie. ⁵¹ Daardie nasie sal die vrug van jou vee en die vrug van jou grond verslind, totdat jy uitgedelg is; ja, hy sal vir jou nie koring, nuwe wyn en olyfolie, kalwers of lammers laat oorbly nie, totdat hy jou vernietig het. ⁵² Hy sal jou beleër in al jou stadspoorte, totdat jou hoë, versterkte stadsmure waarop jy vertrou, oral in jou hele land intuimel. Ja, hy sal jou beleër in al jou stadspoorte in jou hele land wat die HERE jou God vir jou gegee het. ⁵³ Tydens die beleg en midde-in die angsk waarmee jou vyand jou gaan teister, sal jy die vrug van die moederskoot eet, die vleis van jou seuns en jou dogters wat die HERE jou God vir jou gegee het. ⁵⁴ Die saggeaarde en besonder fynbesnaarde

¹**28:43 vreemdeling:** 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

***28:47-57** Jes 5:26-30; Jer 5:15-17; 19:9; 28:13-14; 48:40

man by jou, sal sy eie broer, sy geliefde vrou en die res van sy kinders wat hy nog oor het, onderlangs aankyk, ⁵⁵ sonder om vir een van hulle iets te gee van die vleis van sy kinders wat hy eet, omdat daar vir hom niks anders oor is nie, tydens die beleg en midde-in die angs waarmee jou vyand jou gaan teister in al jou stadspoorte. ⁵⁶ Die saggearde en fynbesnaarde vrou by jou wat dit nooit eers sou waag om haar kaal voet op die grond te sit nie, omdat sy te fynbesnaard en delikaat is, sal haar geliefde man, haar seun en haar dogter onderlangs aankyk, ⁵⁷ ook haar nageboorte wat uit haar liggaam kom en haar kinders wat sy kry; want sy sal hulle, by gebrek aan alles, in die geheim eet tydens die beleg en midde-in die angs waarmee jou vyand jou gaan teister in jou stadspoorte.

⁵⁸ *⁵⁸ “As jy nie al die woorde van hierdie wet wat op hierdie •boekrol geskryf is, nougeset nakom en sodoende ontsag toon vir hierdie eervolle en ontsagwekkende Naam, vir die HERE jou God nie, ⁵⁹ sal die HERE jou en jou nageslag met buitengewone plaes tref — groot en durende plaes, ernstige en durende siektes. ⁶⁰ Hy sal al die siektes van Egipte waarvoor jy bang is, laat terugkeer, en dit sal aan jou kleef. ⁶¹ Ook elke siekte en elke plaag wat nie geskryf staan in die boekrol met hierdie wet nie, sal die HERE oor jou bring totdat jy uitgedelg is.

⁶² “In plaas daarvan dat julle so baie soos die sterre aan die hemelruim is, sal daar min van julle oorbly, omdat jy nie na die stem van die HERE jou God geluister het nie. ⁶³ Soos die HERE daarin vreugde gevind het om julle goed te behandel en julle te laat vermeerder, so sal Hy vreugde daarin vind om julle tot niet te maak en julle uit te delg. Julle sal weggeruk word van die grond waarheen jy op pad is om dit in besit te neem, ⁶⁴ en die HERE sal jou verstrooi onder al die volke, van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde. Daar sal jy

*28:58-68 Lev 26:16; Deut 4:27; 17:16; Hos 8:13; 9:3,17

ander gode dien, hout en klip, wat jy of jou voorouers nie geken het nie. ⁶⁵ By daardie nasies sal jy nie rus vind nie. Daar sal nie 'n rusplek vir jou voetsool wees nie. Die HERE sal daar vir jou 'n hart vol angs, kwynende oë en 'n lewe van wanhoop gee. ⁶⁶ Jou lewe sal voor jou aan 'n draadjie hang; jy sal dag en nag in vrees leef en nie jou lewe seker wees nie. ⁶⁷ Oor die vrees waarmee jy in jou hart leef en oor die toneel wat hom voor jou oë afspeel, sal jy in die oggend sê, 'Ag, was dit maar aand!' En teen die aand sal jy sê, 'Ag, was dit maar oggend!' ⁶⁸ Die HERE sal jou na Egipte laat terugkeer in skepe, die pad waarvan ek vir jou gesê het, 'Jy sal dit nooit weer sien nie.' Daar sal julle julleself as slawe en slavinne te koop aanbied aan jou vyande, maar daar sal geen koper wees nie.”

29

Hernuwing van die verbond

^{1 m*} Dit is die bepalingsⁿ van die verbond wat die HERE Moses beveel het om met die Israeliete te sluit in die land Moab, afgesien van die verbond wat Hy met hulle by Horeb gesluit het. ^{2 °} Moses het die hele Israel byeengeroep en vir hulle gesê: “Julle het self alles gesien wat die HERE in Egipteland voor julle oë gedoen het aan die farao, aan al sy dienaars en aan sy hele land — ³ die groot teistering wat jou eie oë gesien het, ja, daardie tekens van mag en groot wonders. ^{4 *} Tot vandag toe het die HERE nie vir julle insig gegee om te verstaan nie, oë om te sien en ore om te hoor nie. ⁵ Ek het julle veertig jaar lank in die

^m29:1 In die •bronteks is hierdie vers Deut 28:69.

^{*}29:1-15 Eks 19:4-5; Num 14:28-35; 21:23-24; Deut 4:6,34; 8:2-4; Jes 6:9-10

ⁿ29:1 bepalings: Letterlik 'woorde'.

[°]29:2 — 30:20 In die bronteks is hierdie gedeelte Deut 29:1 — 30:20

^{*}29:4 Rom 11:8

woestyn^p gelei. Julle klere aan julle lywe het nie verslyt nie. Jou sandale aan jou voete het ook nie verslyt nie. ⁶ Brood het julle nie geëet nie, en wyn of sterk drank het julle nie gedrink nie, sodat julle kon verstaan dat Hy die HERE, julle God is.^q

⁷ “Toe julle op hierdie plek aangekom het, het Sihon, die koning van Gesbon, en Og, die koning van Basan, opgetrek om teen ons oorlog te maak. Maar ons het hulle verslaan, ⁸ hulle land afgeneem en dit as erfenis aan die stamme van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse gegee. ⁹ Kom dan die woorde van hierdie verbond na en voer dit uit, sodat julle sukses kan behaal met alles wat julle aanpak. ¹⁰ Julle staan vandag almal in die teenwoordigheid van die HERE julle God — julle hoofde, julle stamhoofde, julle oudstes^r en julle gesagvoerders, elke Israeliet, ¹¹ julle kinders, julle vroue, en al die vreemdelinge^s wat in jou kamp is, van hulle wat vir jou hout kap tot hulle wat vir jou water uit die put optrek — ¹² om toe te tree tot die verbond van die HERE jou God wat die HERE jou God vandag met jou gaan sluit, en ook die vervloeking daaraan verbonde,^t ¹³ sodat Hy jou vandag as sy volk kan vestig, en Hy vir jou 'n God kan wees soos Hy jou beloof het, en soos Hy dit met 'n

^p**29:5 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^q**29:6 Hy ... God is:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui: “Ek is die HERE julle God”. Moses is egter hier aan die woord.

^r**29:10 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^s**29:11 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

^t**29:12 vervloeking ... verbonde:** Tydens die verbondsluiting het die deelnemers daaraan onder eed verklaar dat as hulle nie die voorskrifte gehoorsaam nie, die HERE hulle kan ombring.

eed beloof het aan jou voorvaders Abraham, Isak en Jakob. ¹⁴ Dit is nie julle alleen wat ek aan hierdie verbond en hierdie vervloeking bind nie; ¹⁵ nee, dit is elkeen wat vandag hier saam met ons in die teenwoordigheid van die HERE ons God staan, sowel as dié wat nie vandag hier saam met ons is nie.

¹⁶ “* Julle weet immers self dat ons in Egipteland gewoon het en dat ons tussen ander nasies deurgetrek het en dat, toe julle deurgetrek het, ¹⁷ *julle hulle walglike beelde, hulle afgode, gesien het — die hout en klip, silwer en goud wat by hulle was. ¹⁸ *Dit het gebeur sodat daar by julle nie 'n man of 'n vrou of familie of stam sal wees wat vandag hulle harte van die HERE ons God afwend om die gode van daardie nasies te gaan dien nie — ja, sodat daar onder julle geen wortel sal wees wat giftige plante en wildeals voortbring nie. ¹⁹ Iemand sou homself in sy gedagtes as geseënd kon beskou by die aanhoor van die woorde van hierdie vervloeking en dink, ‘Dit sal met my goed gaan, al hou ek vol met my koppigheid.’ Sodat dit wat natgemaak is, nie saam met wat droog is, wegkwyn nie,^u ²⁰ sal die HERE nie bereid wees om hom te vergewe nie. Nee, die toorn van die HERE en sy ywer sal dan teen daardie man bly smeul, en elke vervloeking wat op hierdie •boekrol geskryf staan, sal op hom rus. Die HERE sal sy naam onder die hemel uitwis. ²¹ Die HERE sal so iemand met die oog op die onheil afsonder van al die stamme van Israel, ooreenkomstig al die vervloekings van die verbond wat op hierdie boekrol met die wet geskryf staan.

*29:16-21 Deut 9:14; 28:36,61; Ps 74:1; 79:5

*29:17 Heb 12:17 Septuagint

*29:18 Hand 8:23

^u29:19 met wat ... wegkwyn nie: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

²² “*Die volgende geslag, die kinders wat ná julle kom en die vreemdelinge uit 'n ver land, sal die plaë van hierdie land en die siektes wat die HERE daar laat uitbreek, sien; hulle sal sê, ²³ ‘Dit is net swael en sout; die hele gebied is verskroei. Daar word nie geplant nie en niks groei nie; geen groenigheid kom eers op nie. Dit is soos met die verwoesting van Sodom en Gomorra, soos met Adma en Sebojim wat die HERE in sy toorn en woede verwoes het.’ ²⁴ Ja, al die nasies sal vra, ‘Waarom het die HERE so gemaak met hierdie land? Wat is die rede vir hierdie ontsettende gloeiende toorn?’ ²⁵ Mense sal sê, ‘Dit is omdat hulle die verbond van die HERE, die God van hulle voorouers, verlaat het wat Hy met hulle gesluit het toe Hy hulle uit Egipteland uitgelei het. ²⁶ Hulle het ander gode gaan dien en voor hulle in aanbidding gebuig — gode wat hulle nie geken het nie en wat Hy nie aan hulle toegewys het nie. ²⁷ Die HERE het kwaad geword vir daardie land, sodat Hy al die vervloeking wat op hierdie boekrol geskryf staan, oor hulle gebring het. ²⁸ Die HERE het hulle in toorn en woede, in groot wrewel, van hulle grond af geruk en hulle in 'n ander land weggesmyt, soos dit vandag is.’ ²⁹ *‘‘Wat verborge is, is die HERE, ons God, se saak; wat geopenbaar is, is altyd vir ons en ons kinders van belang, sodat ons die woorde van hierdie wet kan uitvoer.’’

30

Vergifnis ná berou

¹ “*Wanneer al hierdie dinge, die seën en die vervloeking wat ek aan jou voorhou, oor jou gekom het, en jy dit ter harte neem waar jy onder

*29:22-28 Gen 19:24-25; 1 Kon 9:8; 14:15; Jer 22:8

*29:29 Deut 30:11-14; 32:34; Spr 25:2; Dan 2:22; Hand 1:7

*30:1-10 Deut 4:29-30; 28:63; Ps 126:1,4; Jer 29:14

al die nasies is waarheen die HERE jou God jou gaan verdryf, ² en wanneer jy terugkeer na die HERE jou God en met hart en siel na sy stem luister, soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, ³ dan sal die HERE jou God jou lot verander. Hy sal Hom oor jou ontferm en jou weer bymekaarmaak uit al die volke waarheen die HERE jou God jou verstrooi het. ⁴ *Selfs al is jy verstrooi tot aan die einde van die aarde,^v van daar af sal die HERE jou God jou bymekaarmaak, ja, van daar af sal Hy jou gaan haal. ⁵ Die HERE jou God sal jou bring na die land wat jou voorouers in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem. Hy sal jou goed behandel en jou meer maak as jou voorouers. ⁶ *Die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, sodat jy die HERE jou God met jou hele hart en met jou hele wese sal liefhê, sodat jy kan leef. ⁷ Die HERE jou God sal al hierdie vervloekings op jou vyande lê en op jou haters wat jou agtervolg. ⁸ Maar jy sal weer na die stem van die HERE luister en al sy gebooie wat ek vandag vir jou voorskryf, uitvoer. ⁹ Die HERE jou God sal aan jou ryke oorvloed skenk: in al jou handewerk, in die vrug van jou liggaam, die vrug van jou diere en die vrug van jou grond. Ja, die HERE sal Hom weer tot jou voordeel oor jou verheug soos Hy Hom oor jou voorouers verheug het, ¹⁰ as jy net sal luister na die stem van die HERE jou God, deur sy gebooie en vaste voorskrifte wat op hierdie •boekrol met die wet geskryf staan, na te kom; as jy met hart en siel sal terugkeer na die HERE jou God.

¹¹ “*Ja, hierdie gebod wat ek jou vandag beveel, is nie vir jou te moeilik nie en dit is nie ver weg nie. ¹² *Dit is nie in die hemel nie, sodat

*30:4 Matt 24:31; Mark 13:27

^v30:4 einde ... aarde: Die •bronteks lui: “einde van die hemel”.

*30:6 Rom 2:29

*30:11 1 Joh 5:3

*30:12-14 Deut 6:6; Rom 10:6-8

jy moet sê, ‘Wie sal vir ons na die hemel opgaan, sodat hy dit vir ons kan gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan uitvoer?’ ¹³ Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy moet sê, ‘Wie sal vir ons oorgaan tot oorkant die see, sodat hy dit vir ons kan gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan uitvoer?’ ¹⁴ Nee, die woord is baie naby jou — in jou mond en in jou hart, sodat jy dit kan uitvoer.

¹⁵ *‘‘Kyk, vandag hou ek aan jou die lewe en wat goed is, die dood en wat sleg is, voor. ¹⁶ Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, deur sy paaie te volg en sy gebooe, sy vaste voorskrifte en sy beslissings na te kom; dan sal jy leef en vermeerder, en sal die HERE jou God jou seën in die land waarheen jy op pad is om dit in besit te neem. ¹⁷ Maar as jou hart afwyk en jy nie luister nie, jou laat verlei en in aanbidding buig voor ander gode en hulle dien, ¹⁸ dan maak ek vandag aan julle bekend dat julle beslis tot niet sal gaan. Julle sal nie lank leef op die grond waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. ¹⁹ Ek roep vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle. Die lewe en die dood, die seën en die vervloeking, hou ek aan jou voor: Kies dan die lewe, sodat jy kan leef, jy en jou nageslag, ²⁰ deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en aan Hom vas te hou. Want dit is jou lewe: om jou lewe lank te woon op die grond wat die HERE met 'n eed beloof het aan jou voorvaders om aan hulle te gee, aan Abraham, Isak en Jakob.’’

31

Moses se opvolger

¹ *Moses het toe gegaan en hierdie woorde aan die hele Israel oorgedra. ² Hy het ook vir hulle gesê: ‘‘Ek is nou honderd-en-twintig jaar

*30:15-20 Deut 4:1,26; 6:5; 11:26; 32:47; Jer 21:8

*31:1-8 Num 20:12; 21:24,33; Deut 3:21-22,28; Jos 1

oud. Ek kan nie meer uittrek en terugkeer^w nie, en die HERE self het vir my gesê, ‘Jy mag nie hierdie Jordaan oorsteek nie.’³ Die HERE jou God gaan voor jou oortrek; dit is Hy wat daardie nasies voor jou sal uitdelg en verdryf. Josua gaan ook voor jou oortrek, soos die HERE gesê het.

⁴ Die HERE sal aan hulle doen wat Hy aan Sihon en Og, die konings van die Amoriëte, en hulle land gedoen het toe Hy hulle uitgedelg het. ⁵ Die HERE sal hulle aan julle oorgee, en julle moet teen hulle optree ooreenkomstig elke gebod wat ek julle beveel het. ⁶ *Wees vasberade en sterk; moenie bang wees nie en moenie vir hulle skrik nie, want die HERE jou God, Hy is die Een wat saam met jou gaan; Hy sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie.”

⁷ *Toe roep Moses vir Josua nader en sê vir hom ten aanhore van die hele Israel: “Wees vasberade en sterk, want dit is jy wat saam met hierdie volk na die land moet gaan wat die HERE aan hulle voorvaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee. Jy sal hulle dit laat erf. ⁸ *Die HERE is die Een wat voor jou uitgaan; Hy is by jou, Hy sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie. Moenie bang wees nie en moet jou nie laat afskrik nie.”

Gereelde voorlees van die wet

⁹ *Moses het hierdie wet neergeskryf en dit vir die Levitiese priesters wat die verbondsark van die HERE dra, gegee, en ook vir al die oudstes^x

^w**31:2 uittrek en terugkeer:** Dit verwys na militêre veldtogte waar die manskappe uit die kamp uittrek en terugkeer.

***31:6** Heb 13:5

***31:7** Heb 4:8

***31:8** Heb 13:5

***31:9-13** Deut 4:10; 15:1; 16:13; 17:18-19; Jos 8:34

^x**31:9 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

van Israel. ¹⁰ Moses het hulle beveel: “Aan die einde van sewe jaar, op die vasgestelde tyd van die jaar van kwytskelding,* tydens die Huttefees,^y ¹¹ wanneer die hele Israel kom om voor die HERE jou God te verskyn op die plek wat Hy sal kies, moet jy hierdie wet aan die hele Israel voorlees, sodat hulle dit kan hoor. ¹² Roep die volk byeen, manne, vroue en kinders, asook die vreemdelinge^z wat in julle dorpe is, sodat hulle dit kan hoor, en sodat hulle dit kan leer en vir die HERE julle God ontsag kan hê, en al die woorde van hierdie wet nougeset kan nakom. ¹³ En hulle kinders wat dit nie ken nie, moet dit hoor, en leer om vir die HERE julle God ontsag te hê so lank as julle leef op die grond waarheen julle oor die Jordaan trek om dit in besit te neem.”

Josua se opdragte

¹⁴ *Die HERE het vir Moses gesê: “Kyk, jou tyd om te sterf, is naby. Roep Josua, en gaan neem dan julle plek in die Tent van Ontmoeting, sodat Ek aan hom opdragte kan gee.” Moses en Josua het gegaan, en toe hulle in die Tent van Ontmoeting gaan staan, ¹⁵ het die HERE in die tent in 'n wolkkolom verskyn. Die wolkkolom het by die ingang van die tent bly staan. ¹⁶ Toe sê die HERE vir Moses: “Kyk, jy gaan binnekort by jou voorouers rus, maar hierdie volk sal opstaan en agter die vreemde gode in hulle midde aan hoereer^a — die gode van die land waarheen hulle op

***31:10 jaar van kwytskelding:** Deut 15:1-11

^y**31:10 Huttefees:** Ook genoem die Fees van die Insameling, 'n sewedaagse oesfees wat in die sewende maand op 15-22 •Tisri (of •Etanim), gevier is; •Feeste.

^z**31:12 vreemdeling:** 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

***31:14-21** Eks 33:9; 34:15; Num 14:11; Deut 32:16-17,20

^a**31:16 agter ... hoereer:** Dit verwys na die vrugbaarheidsgoddiens waarvan tempelprostitusie 'n deel was. Dit was 'n teken van volslae ontrou aan die HERE.

pad is. Hulle sal My verlaat en my verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek. ¹⁷ My woede sal op daardie dag teen hulle ontvlam; Ek sal hulle verlaat en my gesig vir hulle verberg. Dan sal hulle 'n prooi wees, en baie rampe en ellende sal hulle tref. Op dié dag sal hulle sê, ‘Is dit nie omdat ons God nie in ons midde is dat hierdie rampe ons tref nie?’ ¹⁸ Ek sal egter op daardie dag my gesig heeltemal verberg oor al die kwaad wat hulle gedoen het toe hulle hulle na ander gode gewend het. ¹⁹ Teken dan nou hierdie lied vir julle op en leer dit vir die Israëliete; lê dit vir hulle in die mond, sodat hierdie lied vir My 'n getuie kan wees teen die Israëliete. ²⁰ Want Ek sal hulle bring na die grond wat Ek aan hulle voorvaders met 'n eed beloof het — 'n land wat oorloop van melk en heuning — maar hulle sal eet en versadig raak en vet word, en hulle na ander gode wend en dié dien; hulle sal My minag en my verbond verbreek. ²¹ En wanneer baie rampe en ellende hulle tref, sal hierdie lied openlik as getuie teen hulle dien, omdat dit nie vergete sal raak en uit die mond van hulle nageslag verdwyn nie. Ja, Ek ken die neiging wat hulle nou al openbaar, voordat Ek hulle inbring in die land wat Ek met 'n eed beloof het.”

²² *Moses het op daardie dag hierdie lied neergeskryf en dit vir die Israëliete geleer. ²³ Die HERE het Josua, die seun van Nun, opdrag gegee en vir hom gesê: “Wees vasberade en sterk, want dit is jy wat die Israëliete moet inbring in die land wat Ek met 'n eed aan hulle beloof het. Ek sal met jou wees.”

²⁴ *Nadat Moses die woorde van hierdie wet tot die einde in 'n •boekrol geskryf het, ²⁵ het hy die Leviëte wat die verbondsark van die HERE dra, beveel: ²⁶ “*Neem hierdie wetboek en plaas dit langs die verbondsark

*31:22-29 Deut 4:25-26; 30:19; 31:9,19

*31:24 Deut 31:9

*31:26-27 Joh 5:45

van die HERE julle God. Dit moet daar wees as 'n getuie teen jou, Israel,^b
²⁷ want ek ken jou opstandigheid en hardnekkigheid. Kyk, as julle,
terwyl ek nou nog by julle in die lewe is, opstandig is teen die HERE,
hoeveel te meer ná my dood! ²⁸ Roep al die oudstes^c van julle stamme
en julle gesagvoerders bymekaar hier by my; ek wil hierdie woorde
duidelik vir hulle sê, en die hemel en die aarde as getuies teen hulle
neem. ²⁹ Want ek weet dat julle ná my dood julle ernstig sal wangedra
en sal afwyk van die pad wat ek julle beveel het, en dat die onheil julle
sal inhaal aan die einde van die dae, omdat julle gaan doen wat
verkeerd is in die oë van die HERE deur Hom uit te tart met die werk
van julle hande.”

Lied van Moses

³⁰ *Moses het, ten aanhore van die hele geloofsgemeenskap van Israel,
die woorde van hierdie lied tot die einde voorgedra.

32

¹ “*Luister hemele, ek wil praat,
en aarde, jy moet die woorde
van my mond hoor.

² Mag my onderrig neerstuif soos reën,
my woorde drup soos dou,
soos deurdringende reën op groen gras,
soos reënbuie op plante.

^b**31:26 Israel:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word
veronderstel.

^c**31:28 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol
vervul het.

***31:30** Deut 31:22; 32:44

***32:1-4** Deut 4:26; 30:19; 32:18; Ps 72:6

³ Ja, die Naam van die HERE roep ek uit,
Erken die grootheid van ons God,
⁴*die Rots!

Volmaak is sy werk,
ja, al sy paaie is 'n maatstaf.
'n Betroubare God, sonder onreg,
regverdig en onkreukbaar is Hy.

⁵ “*Sy volk^d het hulle
teenoor Hom wangedra;
hulle is nie sy kinders nie,
maar 'n skandvlek,
'n vals en verworde geslag.

⁶ Is dit hoe julle
teenoor die HERE optree,
dwase en onverstandige volk?
Is Hy nie jou Vader
wat jou geskep het nie?
Hy is die Een wat jou gemaak het,
wat jou gevestig het.

⁷* Onthou die tye lank gelede,
dink aan die jare van vorige geslagte;
vra jou vader, hy sal jou inlig;
jou ou mense, hulle sal dit vir jou sê:

***32:4** Rom 9:14; Op 15:3; 16:5

***32:5-6** Ps 74:2; Jes 63:16; Matt 17:17; Joh 8:41; Hand 2:40; Fil 2:15

^d**32:5 Sy volk:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel. Die bronteks lui: “hy”.

***32:7-14** Eks 19:4; Ps 17:8; 78:4-8; 81:16

⁸ *Toe die Allerhoogste vir die nasies
hulle erfenis gegee het,
toe Hy mensekinders
van mekaar geskei het,
het Hy die grense van volke vasgelê
volgens die getal
van die kinders van Israel;^e

⁹ want die HERE se deel is sy volk,
Jakob is sy afgemete erfenis.

¹⁰ Hy het sy volk
in 'n woestynland gevind,
in 'n onherbergsame streek
met die wildernis se gehuil.

Hy het hom omring, hom versorg,
hom beskerm
soos die appel van sy oog.

¹¹ Soos 'n arend sy neskuiken aanspoor,
bo sy jong kuiken fladder,
sy vlerke oopsprei en hom vang,
hom op sy penvere dra,

¹² het net die HERE hom gelei;
daar was geen vreemde god by hom nie.

¹³ Die HERE het hom laat ry
oor die hoogtes van die aarde.

Hy het die opbrengs van die veld geëet.

*32:8 Hand 17:26

^e32:8 volgens ... Israel: Een van die •Qumran-geskrifte, die •Septuagint en sommige moderne vertalings lui: “volgens die getal van die godeseuns”.

Die HERE^f het hom gevoed
met heuning uit 'n rotsskeur,
met olie uit 'n klipharde rots,
¹⁴ met die dikmelk van beeste,
die melk van kleinvee,
ook met die vet van slaglammers,
ramme uit Basan, ook bokramme,
en met die fynste koringmeel.^g
En driuwebloed het jy gedrink —
gistende wyn.

¹⁵ “* Jesurun^h het vet geword
en agterop geskop.
Jy het vet geword, rond geword,
eiesinnig geraak.
Hy het die God wat hom gemaak het,
versaak,
die Rots wat hom verlos,
met minagting behandel.

¹⁶ “Hulle het die HERE
met vreemde gode ontstel,
met afstootlike dinge
het hulle Hom getart.

^f32:13 Die HERE: Die bronteks lui: “Hy”.

^g32:14 fynste koringmeel: Die bronteks kan ook vertaal word: “die vet van koringkerne”.

*32:15-18 Deut 31:20; 33:5,26; Jes 44:2

^h32:15 Jesurun: 'n Ander naam vir Israel.

¹⁷ *Hulle het vir demone, vir nie-gode,
vir gode wat hulle nie geken het nie,
offers geslag —
nuwes wat maar onlangs
na vore gekom het,
gode wat vir julle voorouers
nie bestaan het nie.

¹⁸ Die Rots wat jou verwek het,
het jy verontagsaam;
jy het die God wat jou voortgebring het,
vergeet.

¹⁹ “*Die HERE het dit gesien,
en uit ergernis
sy seuns en dogters verstoot.

²⁰ *Hy het gesê,
‘Ek wil my gesig vir hulle verberg;
Ek wil sien wat van hulle gaan word,
want hulle is 'n ontaarde geslag,
kinders wat nie vertrou kan word nie.

²¹ *Hulle het My ontstel met nie-gode,
My uitgetart met hulle nietige afgode.
Ek gaan hulle ontstel met 'n nie-volk,
met 'n dwase nasie gaan Ek hulle tart.

²² Want 'n vuur

*32:17 1 Kor 10:20; Op 9:20

*32:19-25 Deut 31:17; Ps 78:8; Klaagl 1:20; 4:11; Eseg 5:16-17; 7:15

*32:20 Matt 17:17

*32:21 Rom 10:19; 11:11

het opgevlam in my woede,
en dit brand
tot in die doderyk daar onder.
Dit verteer die aarde en sy opbrengs,
dit laat die fundamente van die berge
in vlamme opgaan.

²³ Ek bring meer rampe oor hulle,
my pyle skiet Ek alles op hulle af:

²⁴ Uitgemergel deur honger,
uitgeteer deur pessiëktes
en verskriklike epidemies,
lewer Ek hulle uit

aan verskeurende diere
en giftige slange.ⁱ

²⁵ Buite maai die swaard af,
en in die binnekamers die vrees —
jong man sowel as jong meisie,
die suigeling saam met die grysaard.

²⁶ “* ‘Ek het gedink,
Ek moet hulle uitwis,
die herinnering aan hulle
onder die mense laat verdwyn,

²⁷ was dit nie
vir die ergernis van vyande
wat My afgeskrik het nie.

Anders maak hulle teenstanders

ⁱ32:24 en giftige slange: Die bronteks lui: “met die gif van dié wat in stof kruip”.

*32:26-36 Rig 2:14; 10:7,14; Ps 135:14; Jer 2:28; Eseg 20:13,23

'n verkeerde afleiding
en sê: “Ons mag het geseëvier,^j
die HERE het niks
hiervan gedoen nie.” ’

²⁸ “Ja, die vyand is 'n nasie
wie se planne gedaan is,
by wie daar geen insig is nie.

²⁹ *As hulle wys was,
sou hulle dit begryp,
hulle sou nadink oor hulle einde.

³⁰ Hoe kan een dan duisend agtervolg,
en twee tienduisend op die vlug jaag
as hulle rots
hulle nie verkoop het nie,
as die HERE
hulle nie oorgelewer het nie?

³¹ Ja, hulle rots is nie soos ons Rots nie
— ons vyande gee dit toe —

³² want uit Sodom se wingerd
kom hulle wingerdstokkies,
van die terrasse van Gomorra
is hulle druiwekorrels.

Dit is giftige druiwe,
hulle dra bitter trosse.

³³ Hulle wyn is slanggif,
die dodelike gif van kobras.

^j32:27 Ons ... geseëvier: Letterlik ‘ons hand was hoog’.

*32:29 Luk 19:42

³⁴ Die HERE sê,^k

‘Is dit nie by My weggebêre nie,

in my stoorkamers verseël

³⁵ *vir die dag van wraak

en vergelding,

vir die tyd wanneer

hulle voete gaan wankel nie?

Want naby is die dag

van hulle teenspoed;

wat vir hulle gereed lê, kom gou.’

³⁶ “*Maar die HERE

laat reg geskied aan sy volk,

oor sy diensknegte ontferm Hy Hom,

wanneer Hy sien

dat hulle mag verdwyn het,

en dat die einde aangebreek het

vir wie gevange is

en vir wie vrygelaat is.¹

³⁷ *‘Hy sal sê, ‘Waar is hulle gode,

die rots waar hulle geskuil het,

³⁸ wat die vet van hulle slagoffers

^k**32:34 Die HERE sê:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***32:35** Luk 21:22; Rom 12:19; Heb 10:30

***32:36** Heb 10:30

¹**32:36 vir wie ... vrygelaat is:** Die Hebraëuse idioom dui daarop dat almal ingesluit is.

***32:37-43** Deut 32:12,23; Rig 10:14; 1 Sam 2:6; Jer 2:28; 11:12

geëet,
en die wyn van hulle drankoffers
gedrink het?

Laat hulle opstaan en julle help,
laat hulle^m oor julle 'n beskutting wees.

³⁹ Sien tog nou in dat Ek,

ja, Ek die Een is;

daar is geen god naas My nie.

Ek maak dood en Ek maak lewend;

Ek verpletter, ja, Ek maak gesond,
en niemand red uit my hand nie.

⁴⁰ * Ja, Ek hef my hand opⁿ na die hemel
en sê: “So waar as wat Ek ewig leef,

⁴¹ Ek gaan my flitsende swaard
skerp maak,

en my hand sal dit vir die vonnis
vasgryp.

Ek gaan wraak neem
op my teenstanders,
my haters gaan Ek vergeld.

⁴² Ek gaan my pyle
dronk maak van bloed
— my swaard sal vleis verslind —
van die bloed van gesneuweldes en gevangenes,

^m**32:38 hulle:** Die Samaritaanse Pentateug en verskillende vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui: “dit”.

***32:40** Op 10:5-6

ⁿ**32:40 hef ... op:** 'n Simboliese handeling by die aflê van 'n eed.

van die vyand se leiers
met die los hare.”^o

^{43 p*}“Nasies, juig sy volk toe,
want Hy gaan die bloed
van sy diensknegte wreek;
Hy gaan wraak neem op sy teenstanders
en versoening doen vir sy grond,
sy volk.”

^{44 *}So het Moses dan gekom en al die woorde van hierdie lied ten aanhore van die volk voorgedra, hy en Josua, die seun van Nun. ⁴⁵Toe Moses klaar was met die voordra van al hierdie woorde vir die hele Israel, ⁴⁶het hy vir hulle gesê: “Neem al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, ter harte — dat julle dit aan julle kinders moet opdra om al die woorde van hierdie wet nougeset na te kom. ⁴⁷Want dit is nie 'n niksseggende saak vir julle nie, dit is immers julle lewe. Deur hierdie saak verleng julle die lewe op daardie grond waarheen julle oor die Jordaan trek om dit in besit te neem.”

Moses se seën

^{48 *}Die HERE het op daardie selfde dag met Moses gepraat en gesê:
⁴⁹“Klim teen hierdie Abarimberge op, teen die berg Nebo, wat in die land Moab teenoor Jerigo lê. Kyk dan na die land Kanaän, wat Ek vir

^o**32:42 vyand ... hare:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^p**32:43** Hierdie vs het 2 ekstra reëls in een van die •Qumran-geskrifte, en 4 ekstra reëls in die Septuagint.

^{*}**32:43** Rom 15:10; Op 6:10; 19:2

^{*}**32:44-47** Deut 4:9; 30:15-20

^{*}**32:48-52** Num 20:12-13; 27:12-14; Deut 34:1-4

die Israeliete as besitting gaan gee.⁵⁰ Sterf op die berg waarteen jy opklim en word so met jou mense verenig, net soos Aäron, jou broer, op die berg Hor gesterf en met sy mense verenig is,⁵¹ omdat julle aan My ontrou was tussen die Israeliete by die water van Meriba-Kades in die Sinwoestyn;^q want julle het daar tussen die Israeliete nie my heiligheid in ag geneem nie.⁵² Ja, jy sal die land van die oorkant af sien; maar daarheen, na die land wat Ek aan die Israeliete gaan gee, sal jy nie gaan nie.”

33

¹ *Hier volg die seën waarmee Moses, die man van God, die Israeliete voor sy dood geseën het. ² *Hy het gesê:

“Van Sinai af het die HERE gekom,
van Seir af het Hy
vir Israel lig laat skyn,
laat straal van die berg Paran af.
By Hom was tienduisende heiliges;^r
in sy regterhand
was 'n wet van vuur^s vir hulle;
³ *ja, Hy het mense lief.

^q**32:51 Sinwoestyn:** Daar is onsekerheid oor die ligging van die Sinwoestyn. Dit was waarskynlik die gebied langs die westelike rand van die Sinaiplato.

***33:1-5** Eks 19:18; Deut 32:15; Rig 5:4; Hab 3:3

***33:2** Matt 25:31 •Septuagint; Jud vs 14; Op 5:11

^r**33:2 By ... heiliges:** Die •Peshitta en •Targum word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Kan vertaal word: “Hy het gekom vanaf tienduisende van heiligheid”.

^s**33:2 in ... vuur:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word verskillend vertaal.

***33:3** Joh 10:29; Hand 22:3

Al die heiliges^t is in u hand,
hulle volg U op die voet;
elkeen het u uitsprake ontvang —

⁴* die wet wat Moses ons beveel het,
die eiendom van die
geloofsgemeenskap van Jakob.

⁵ Die HERE het in Jesurun^u
koning geword
toe die leiers van die volk
byeengekom het,
toe die stamme van Israel
bymekaar was.

⁶* “Mag Ruben leef;
mag hy nie sterf nie,
en sy manne nie min wees nie.”

⁷* Dit het hy oor Juda gesê:
“Luister, HERE,
na die stem van Juda;
na sy volk moet U hom bring,
met sy hande het hy
vir homself gestry;
wees vir hom 'n hulp

^t**33:3 die heiliges:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui: “sy heiliges”.

^{*}**33:4** Joh 17:19

^u**33:5 Jesurun:** 'n Ander naam vir Israel.

^{*}**33:6-26** Gen 49:2-27

^{*}**33:7** Gen 29:35; 49:8-12

teen sy teenstanders.”

⁸ *Oor Levi het hy gesê:

“U Tummim en Urim^v

is bedoel vir u gunsgenoot
vir wie U getoets het by Massa,
met wie U stryd gevoer het
by die water van Meriba;

⁹ *hy wat oor sy vader en moeder
gesê het,

‘Ek sien hulle nie raak nie’,
wat sy broers nie erken het nie,
en sy seuns nie in ag geneem het nie,
maar u bevel nagekom,
en aan u verbond voldoen het.

¹⁰ Hulle sal vir Jakob beslissings leer,
ja, u wet vir Israel.

Hulle sal vir U wierook neersit
om te ruik,
ook 'n volledige offer op u altaar.

¹¹ Seën, HERE, sy vermoë,
en aanvaar die werk van sy hande.

Verpletter die heupe
van wie teen hom opstaan,
van sy haters,

* **33:8-11** Gen 34:25; 49:5-7; Eks 32:17-29; Num 20:2-13

^v **33:8 Tummim en Urim:** Vermoedelik twee stene wat die hoëpriester in sy borssak gedra het en wat hy kon gebruik wanneer hy oor regsake moes beslis.

* **33:9** Eks 32:25-29; Matt 10:37; Luk 14:26

sodat hulle nie staande kan bly nie.”

¹² *Oor Benjamin het hy gesê:

“Die geliefde van die HERE —
mag dié veilig by Hom woon.
Die HERE^w beskut hom altyd
waar hy tussen sy berghange^x
woon.”

¹³ *Oor Josef het hy gesê:

“Sy land word deur die HERE geseën
met die kosbaarste gawes
van die hemelruim,
met dou en die oerwater
wat onder lê;
¹⁴ met die kosbare gawes
wat die son oplewer
en die kosbare gawes
wat die seisoene bied;
¹⁵ met die beste
van die oeroue berge
en die kosbare gawes
van die ewige heuwels;
¹⁶ met die kosbare gawes
van die grond en alles daarop.

* **33:12** Gen 35:18; 2 Thess 2:13

^w**33:12** Die HERE: Die bronteks lui: “Hy”.

^x**33:12** berghange: Die Hebreeuse woord kan ook beteken ‘skouers’.

* **33:13-17** Gen 49:22-26; Eks 3:2-4

Die guns van Hom

wat in die doringstruik was —
mag dit rus op die kop van Josef,
op die hoof van die prins
onder sy broers.

¹⁷ Sy eersgebore bul^y is statig;
en sy horings is buffelhorings;
daarmee sal hy volke
saam wegstoot tot by die uithoeke
van die aarde.

Hulle is die tienduisende van Efraim,
hulle is die duisende van Manasse.”

¹⁸ * Oor Sebulon het hy gesê:

“Sebulon, wees bly
wanneer jy uittrek om te veg,
ook jy, Issaskar, in jou tente.

¹⁹ Hulle sal volke na die berg nooi;
daar sal hulle gepaste offers bring,
want hulle gaan die oorvloed
van die see
en die verborge skatte
in die sand geniet.”

²⁰ * Oor Gad het hy gesê:

^y**33:17 Sy ... bul:** Dit verwys na Efraim of Manasse, Josef se seuns; vgl Gen 48:8-20.

***33:18-19** Gen 30:16-20; 49:13-14

***33:20-21** Gen 30:9-11; Num 32:1-5

“Hy wat vir Gad ruimte maak,
moet geprys word.

Gad leef soos 'n leeuwyfie:

Hy verskeur arm en skedel.

²¹ Hy het vir homself die beste deel
uitgesoek;

ja, op daardie plek is die stuk grond
van 'n bevelvoerder vir hom uitgehou
toe hy na die leiers van die volk
gekom het.

Hy het die geregtigheid
van die HERE volbring,
sy beslissings in verband
met Israel.”

²² *Oor Dan het hy gesê:
“Dan is 'n jong leeu;
hy spring op uit Basan.”

²³ *Oor Naftali het hy gesê:
“Naftali is versadig
van die HERE se guns,
en vol van sy seëninge.
Neem dan die weste
en die suide in besit.”

***33:22** Gen 30:4-6; 49:9,16; Jos 19:47

***33:23** Gen 30:7-8; 49:21

²⁴ *Oor Aser het hy gesê:

“Geseënd is Aser,
meer as die ander seuns;
mag hy die gunsteling
van sy broers wees,
sy voete in olyfolie doop.

²⁵ Mag jou sluitbalke van yster
en brons wees,
en jou lewenskrag
soos jou lewensjare.

²⁶ *“Jesurun,^z daar is niemand
soos God nie,
wat as jou hulp
deur die hemel ry,
deur die wolkehemel
in sy verhewenheid.

²⁷ Die God van die voortyd
is 'n skuilplek,
en onder jou is ewige arms.
Hy het vyande voor jou verdryf
en gesê, ‘Delg uit!’

²⁸ “Israel het veilig gaan woon;
die fontein van Jakob was afgesonder
in 'n land met koring en nuwe wyn,

***33:24** Gen 30:12-13

***33:26-29** Gen 27:28; Num 23:9; Ps 115:9-11; Jer 33:16; Hab 3:19

^z**33:26** **Jesurun**: Vgl voetnoot in Deut 33:5.

en sy hemel drup dou.

²⁹ Hoe gelukkig is jy, Israel!

Wie is soos jy,

'n volk wat verlos is deur die Here,

die skild wat jou help,

en wat jou verhewe swaard is?

Jou vyande kom kruipend na jou,

en jy trap op hulle rûe.^a”

34

Moses se dood

¹ *Moses het uit die vlaktes van Moab teen die berg Nebo uitgeklim, na die kruin van Pisga wat teenoor Jerigo lê. Die HERE het hom die hele land, van Gilead tot by Dan, gewys, ² ook die hele Naftali, die streek van Efraim en Manasse, die hele streek van Juda tot by die see in die weste, ³ sowel as die Negev^b en die omstreke van die vallei van Jerigo, die Palmstad,^c tot by Soar. ⁴ Die HERE het vir hom gesê: “Dit is die land wat Ek met 'n eed beloof het aan Abraham, Isak en Jakob toe Ek gesê het, ‘Aan jou nageslag sal Ek dit gee.’ Ek het jou dit met jou eie oë laat sien, maar daarheen sal jy nie oorgaan nie.”

⁵ *Toe het Moses, die dienskneg van die HERE, daar in die land Moab

^a**33:29 kruipend ... rûe:** Die leier van 'n groep wat oorwin is, moes tot voor die oorwinnaar se troon op sy maag seil waarna die oorwinnaar op sy rug getrap het.

^{*}**34:1-4** Gen 12:7; Num 27:12-14; Deut 3:27; 32:48-52; Rig 1:16

^b**34:3 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

^c**34:3 die Palmstad:** 'n Ander naam vir Jerigo.

^{*}**34:5-8** Num 20:29; Deut 31:2; Jud 1:9

op bevel van die HERE gesterf. ⁶ Hy het Moses in die land Moab in die vallei teenoor Bet-Peor begrawe, en tot vandag toe weet geen mens waar sy graf is nie.

⁷ Moses was honderd-en-twintig jaar oud toe hy gesterf het. Sy oë het nie verswak en sy kragte nie afgeneem nie. ⁸ Die Israeliete het in die vlaktes van Moab vir dertig dae oor Moses getreur — tot die routyd oor Moses verby was.

⁹ * Josua, die seun van Nun, was vervul met 'n gees van wysheid, omdat Moses sy hande op hom gelê het. Die Israeliete het na hom geluister, soos die HERE Moses beveel het.

¹⁰ * Daar het nie weer 'n profeet soos Moses in Israel opgestaan nie. Die HERE het hom van aangesig tot aangesig geken, ¹¹ sodat hy al die tekens van mag en wonders waarvoor die HERE hom gestuur het, kon doen in Egipteland aan die farao, aan al sy dienaars en die hele land — ¹² ja, die hele magsvertoon^d en al die groot, skrikwekkende dae wat Moses voor die oë van die hele Israel gedoen het.

* **34:9** Num 27:18-23; Deut 1:38; 3:21; 31:7,14,23

* **34:10-12** Eks 3:2-22; 33:11; Num 12:7-8; vgl Deut 18:15

^d**34:12 hele magsvertoon:** Letterlik 'hele sterk hand'.